Rudie van Rensburg (*Leeumens en Eleksie op Erdvark*), **Chris Karsten** (*Al die swendelaars*) en **Jaco Wolmarans** (*Donkermaan* en *Sekelmaan*) is al drie skrywers wat teen 'n stink spoed skryf en gereeld soos klokslag publiseer. **Irna van Zyl** probeer agter die kap van die byl kom: Hoe hou 'n mens as skryf jou tenk vol brandstof? Wat vat dit om, soos Rudie en Jaco, sommer twee boeke in een jaar die lig te laat sien? Is daar 'n geheim tot hierdie klas produktiwiteit, of word party skrywers maar net met spesiale vaardighede gebore?

17 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

word ten toon gestel in haar jongste roman, *Die grafdigter*, waarin daar ook fassinerende historiese en sprokies-elemente is. **Frieda van den Heever** gesels met Gerda oor dié nuwe boek, psigoterapie, die leuens wat ons vir onselfs vertel en ontvlugting in fantasie – ter wille van oorlewing.

18 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)

GERDA TALJAARD: DIE GRAFDIGTER ROMAN

Aangebied deur **Penguin Random House**

Gerda Taljaard verdien om 'n huis-houdelike naam te wees. Twee van haar vier vorige romans is met verskeie pryse bekroon, en haar aanhangers weet sy is 'n fantastiese storieverteller wat boonop 'n besondere gawe het vir ryk beeldspraak. Al haar talente



GESEËND, GEWILD, GELEES POPULÊRE FIKSIE

Aangebied deur **Lapa**

Dis nie sommer enigiemand wat 'n boek kan skryf wat groot gewildheid onder die publiek geniet nie. Terwyl party skrywers literêre pryse wen maar sukses om boeke te verkoop, is ander gesêen met die spesiale gawe om by die meeste moontlike mense aanklank te vind. **Chanette Paul** (*Déjà vu*), **Leon van Nierop** (*Die volmaakte moord*) en **Riaan Grobler** (*Hospitaal Weltevreden*) is lesersgunstelinge. Hulle gesels met **Bettina Wyngaard** oor die soort boeke wat wyd gelees word en hoe 'n mens die instink ontwikkel om stories te skryf wat die leesdrang bevredig.

16 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)



NET EEN EERSTE KEER DEBUUTROMANS

Aangebied deur **Queillerie, Human & Rousseau, Lapa**

'n Mens publiseer net een keer jou eerste roman by 'n gerekende uitgawer, en nou weet **Marieta Carrick** (*Bloed van 'n vlinder*), **Hendie Grobbelaar** (*Wilde vere*) en **Wilna Roux** (*Die ooggetuie*) hoe dit voel. Drie uiteenlopende boeke in drie verskillende genres deur drie opwindende nuwe skrywers, maar al drie deel daar die unieke ervaring van "die eerste keer". Die ouduitgawer **Marga Stoffer** stel vrae aan die skrywers, en vind meer uit oor allerhande eerstes en die kronkelpaaie wat tot hierdie drie publikasies gelei het.

15 OKT 16:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer R50 | R80 by die deur (A)

STORIEMAN(S)

Aangebied deur **Protea Boekhuis, Human & Rousseau**

Die akademikus en storiefynproewer **Bibi Burger** lei 'n gesprek met drie Storiemans. **Johannes de Villiers** (*Op pad na 'n klooster in die sneeu*), **Theo Kemp** (*Klein konings*) en **François Loots** (*Twyfelsbos*) vertel die stories agter die stories en beantwoord vrae oor die belang van stories in die wêreld, die oorsprong

van hul eie liefde vir stories, en die bestanddele vir 'n onvergeetlike vertelling. Kom vind meer uit oor die kinkels in hul jongste verhale wat strek van die Kaapkolonie in 1829 en die mynveld van hedendaagse Suid-Afrikaanse politiek tot 'n klooster in die Franse Alpe.

18 OKT 11:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer R50 | R80 by die deur (A)

SUGAR AND SPICE ROMANCES

Aangebied deur **Penguin Random House, Jonathan Ball**

Die radioaanbieder en selfverklaarde romance *girly* **Sibongile Mafu** gesels met vier skrywers wat lesers alles van stroopsoet tot ekstra warm laat voel. **Lindsay Norman** (*Khaki Fever*), **Jo Watson** (*The Ex Effect*), **Shameez Patel** (*Playing Flirty*) en **Ntombifuthi Nkabinde** (*In the Late of Night*) delf in die liefdeslewé van hul prettige en vreeslose heldinne en verklap meer oor hul flankerings en sekskapades. Hulle bespreek die glansryke én minder glansryke aspekte van hulle lewe wat aan liefdesverhale gewy word, asook die liefde wat hulle in elke bladsy instort.

18 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer R50 | R80 by die deur (E)

WISSELWERK


TEATER

Aangebied deur **Queillerie**

Die wisselwerking tussen die boekbedryf en die teaterwêreld het al gesorg vir baanbrekerswerk op die verhoog. Vanjaar strek die pyplyn egter ook in die ander rigting met die verskyning van **Willem Anker** se novelle *Patmos*, wat die lewe as teaterteks begin het. **Kabous Meiring** praat met Anker, die Nagtegaal-tekspryswenner **Dianne du Toit Albertzé** (*Huis van sand*), die digter **Jolyn Phillips** (teksskrywer van *Kompoun*) en **Ingrid Winterbach** (*Moedswil en muiterij*) oor die unieke uitdagings van skryf vir die verhoog, hoe dit verskil van boekskryf, en hoe die twee praktyke mekaar aanvul en wederkerig voed.

14 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur (A)



NIEFIKSIE

AAN TAFEL MET NATANIËL


BLOEI + BLOM –
'N VIERING VAN AFRIKAANS

Aangebied deur **Bloudruk Media**

Bloei + Blom is 'n viering van Afrikaans en 200+ mense wat in die taal lewe. Kom luister oor 'n heerlike middagete hoe **Nataniël** (met die hulp van Ingeborg Pelser en Elmari Rautenbach) aan dié feestelike publikasie gestalte gegee het. **Diane de Beer** vra die kaalkop-ikoon uit oor die bekendes, berugtes en besieldes wat die beste van Afrikaans verteenwoordig. 'n Welkomdrankie en tweegang-middagete met 'n glas wyn plus 'n eksemplaar van die boek (ter waarde van R850) is by die prys ingesluit.

17 OKT 12:00

120 min | Lanzerac
R1150 (middagete, 1 glas wyn
en 'n boek ingesluit) (A)



BEELD: DIE LAASTE DAE

Aangebied deur **Naledi**

In *Die (vreemde) einde van 'n koerant* boekstaaf die laaste redakteur van *Beeld*, **Barnard Beukman**, 'n belangrike stuk eietydse geskiedenis. Hy vertel die storie van die sluiting van dié dagblad en dink na oor die impak wat hierdie verlies op die Suid-Afrikaanse medialandskap gehad het. **Anneliese Burgess**, wat self onlangs die sluiting van *Vrye Weekblad* beleef het, stel die vrae. Saam stoei die twee gesoute joernaliste oor die wyse waarop die laaste dae uitgespeel het, die lesse van die verlede en hoe die toekoms lyk.

16 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur A

BEHIND PRISON WALLS

Aangebied deur **Tafelberg**

Is swaarder tronkstraf die antwoord op Suid-Afrika se epidemie van gewelddadige misdaad? Oudregter **Edwin Cameron** se besoek aan korrektiewe fasiliteite het

hom oortuig dat tronke eerder misdaad bestendig. In *Behind Prison Walls* stel Cameron en sy medeskrywers, **Rebecca Gore** en **Sohela Surajpal**, die saak vir tronkhervorming en ander aanbevelings oor hoo om veiligheid en geregtigheid in ons land te help seëvier. **Daniel Steyn**, wat self 'n ding of twee oor tronke weet ná sy ondersoek oor die Thabo Bester-saak, lei die bespreking en vind meer uit oor die skrywers se voorstelle oor borgtog, dwelmwette en ander kwessies.


16 OKT 16:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur E

BITTERKOMIX: SKETCHBOOKS AND JOURNALS

Aangebied deur **Soutie Press**

Daar is geen beter rekord van 'n kuns-tenaar se ontwikkeling as daardie kunstenaar se eie sketsboeke nie – veral as ons praat van toegewyde kunstenaars soos **Conrad Botes** en **Anton Kannemeyer**, wat al sedert 1989 in sketsboeke skribbel. Die



breine agter *Bitterkomix* wys vir lesers voorbeeld van die ongeveer 1000 tekeninge wat in hulle nuwe boek opgeneem is, en bespreek hoe belangrik sketsboeke en dagboeke as speelplek, bron en rekord is. Bring gerus jou eie sketsboek saam en maak aantekeninge terwyl jy kyk, luister en leer by twee van die bestes.

17 OKT 16:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A) (E)

COMRADES-LEGENDE: LOUIS MASSYN SPORT

Louis Massyn het in Junie vanjaar die eerste mens geword wat die Comrades-marathon 50 keer voltoai het. In *403: The Louis Massyn Story* vertel **Francois van Zyl** die storie van dié legendariese man in resiesnommer 403, en oor die Wyn, uitdagings en uiteindelike triomf van meer as vyf dekades op die teerpad. **Carel Nolte**, van EasyEquities en 'n lid van die Comrades-direksie, gesels met Louis en Francois oor die boek, en oor Louis se loopbaan as langafstandleet en wat hom gedryf het om dié rekord op te stel.

15 OKT 11:30


60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A)


HOLLYWOOD ON THE VELD BIOGRAFIE

Aangebied deur **Jonathan Ball**

In *Hollywood on the Veld* vertel Ted Botha die boeiende verhaal van die geheimsinnige Amerikaanse miljoenêr Isidore Schlesinger, wat in 1913 probeer het om Johannesburg in 'n rolprentmekka te verander. Hy wou nie sommer enige films hier maak nie, maar die grootste rolprente ter wêreld, met epiese verhaale, uitvoerige stelle en duisende byspelers. Die bekroonde rolprentmaker en akademikus **Dian Weys** vra **Ted Botha** uit oor dié maltrapverhaal, 'n gedeelde



francois van zyl



liefde vir rolprente en wat vandag oor is van Schlesinger se droom van 'n Hollywood hier by die huis.

13 OKT 16:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(E)

MIKE BOLHUIS: VALSKERMBATALJON- VERHALE

Aangebied deur **Naledi**

Hulle het deur die lug getuimel en op die grond geveg, die hitte van die akse beleef en die kameraadskap leer ken wat slegs deur gedeelde pyn, vasbyt en verlies gesmee kan word. In *Valskermbataljonverhale* deel die private speurder **Mike Bolhuis** die ware stories van regte *parabats* – rou en eerlike vertellings wat wys hoe dit was om een van dié elite groep soldate te wees. **Piet Croucamp** vra vir Mike en sy mede-parabat **Lieb Liebenberg** uit oor die gevare wat hulle beleef het, en help om die valskermsoldate se stories lewe te gee.

18 OKT 13:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur


OP DIE MARKPLEIN VAN IDEES RUBRIEKE

Aangebied deur **Naledi**

Anton van Niekerk se rubriek in die dagblaaie *Beeld* en *Die Burger* het oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe gehandel, maar een ding in gemeen gehad: 'n belangstelling in idees. Die soek na wysheid en 'n poging om sin te maak van die wêreld is die goue drade wat loop deur *Uitvlug in die skemerig: Op die markplein van idees*. **Chris Jones** gesels met Anton oor dié bundel van sy gewildste rubriek, waarin hy met intellektuele kwessies stoei en krities nadink oor dinge wat vir ons almal saak maak.

16 OKT 11:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur



RUSBANKREIS NA SPANJE REIS

Aangebied deur **Naledi**



Die bekroonde reisskrywer **André Pretorius** neem ons saam na Spanje. In *Spanje: Reise in 'n palimpsest* word sy besoek aan dié land en sy hartstogtelike liefde vir die plek en sy kultuurskatte op kleurryke wys opgeteken. **Elmarie Rautenbach** gesels met André oor sy liefde vir Spanje en die digters, musikante, kunstenaars en rolprentmakers in wie se voetspore hy loop, terwyl **Pieter Madibuseng Odendaal** en **Jorge Alejandro Ccoyllurpuma** die Spaanse digter Federico García Lorca se werk in Afrikaans en Spaans laat oplink.

11 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur



Spaans



SJOE! BIOGRAFIE

Aangebied deur **Hemel & See**

Petrovna Metelerkamp is veral bekend as biograaf van Ingrid Jonker, maar haar eie lewe is net so kleurryk en vol kinkels. In *Sjoe!* vertel Petrovna die stories van die uitsonderlike mense waarmee sy deur die loop van haar lewe te doen gehad het. **Sophia van Taak** stel die vrae en lei lesers saam van binne die kerk na straathoekie in stede, en na ontmoetings met mense wat met deernis, insig en humor geskets word.

15 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur A

SKOKKEND: TWEE WAREMISDAADBOEKЕ

Aangebied deur **Penguin Random House, Tafelberg**

Suid-Afrika is berug vir die hoë voorkoms van moorde op vroue – en tog is daar tussen al die verskriklike nuusstories steeds gevalle wat mense tot in hul beendene ruk. **Julian Jansen** se boek oor die skokkende moord op Deveney Nel, en **Anena Burger** s'n oor die ds. Liezel de Jager-saak vertel twee van hierdie

stories in die fynste besonderhede. Die joernalis **Carryn-Ann Nel** vra die skrywers uit oor aspekte van die moorde en die daaropvolgende hofsake, asook die manier waarop verskillende stelsels die publiek én slagoffers in die steek laat.

17 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur A



SOEKENDE PROFEET BIOGRAFIE

Aangebied deur **UJ Press**

Was **Frederik van Zyl Slabbert** die beste leier wat Suid-Afrika nooit gehad het nie? In **Albert Grundlingh** se boek *Frederik van Zyl Slabbert: Soekende profeet* probeer hy onder meer hierdie vraag beantwoord. **Andries Bezuidenhout** vra hom uit oor dié boeiende biografie, wat die lewe van 'n charismatiese figuur in die SA geskiedenis uit verskeie hoekе beskou. Slabbert se werk as akademikus, politikus en aktivis word bespreek, asook die suksesse en teleurstellings wat sy lewe en loopbaan gekenmerk het en die geskiedkundige Dakar-konferensie in 1987.

14 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur A



SY/HAAR/HERTZOG

Aangebied deur **SA Akademie, Protea Boekhuis, Naledi**

Die jongste toevoegings tot die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se reeks huldigingsboeke oor Hertzogpryswenners gaan oor Antjie Krog en Wilma Stockenström. Antjie het die prys drie maal vir poësie gewen, en Wilma twee maal in verskillende genres (poësie en prosa). **Marni Bonthuys** vra die redakteurs, **Louise Viljoen** (*Antjie Krog: 'n Ondersoekte lewe*) en **Ronel Foster** (*Wilma Stockenström: Met my wyswingertop*), uit oor die publikasies en oor die impak, invloed, politiek en polemiek rondom literêre prysse. Daar sal 'n voorlees wees uit Naledi se huldigingsbundel *Ewige tydelikhed*, wat nuwe verse vir Wilma Stockenström bevat.

14 OKT 11:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur



kreatiewe niefiksie uit Suid-Afrika byeen. Skryfwerk deur J.M. Coetzee, Antjie Krog, Njabulo S. Ndebele en ander is opgeneem, asook grafiese niefiksie deur kunstenaars soos Anton Kannemeyer en Mogorosi Motshumi. Die medesamestellers, **Hedley Twidle** en **Sean Christie**, gesels met van die bydraers tot dié boek oor die skep van niefiksie met 'n sterk stem.

14 OKT 16:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur



VREDEMAKER

INSPIRASIE

Aangebied deur **Lux Verbi**

Reggie Peace is bekend as akteur, musikant en rolprentmaker. In *Vredemaker* deel dié kunstenaar sy storie van hoop en vertel hoe hy sy pad uit armoede na 'n kinderhuis gevind en uiteindelik vir homself 'n lewe gebou het uit deursettingsvermöë en drome. **Bouwer Bosch** vra Reggie uit oor die soek na erkenning en aanvaarding, die rol wat sport in sy lewe gespeel het, en die krag van kreatiwiteit en geloof om alles te verander. Hy deel sy roeping om 'n vredemaker te wees en hoe hy elke dag sy waardes uitleef.

11 OKT 11:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur



THE INTERPRETERS

Aangebied deur **Soutie Press**

Kreatiewe niefiksie, ook bekend as *new journalism*, werp 'n unieke blik op 'n land, geskiedenis en mense, alles deur die filter van die skrywer wat aan die woord is. *The Interpreters* bring die beste

WE TWO FROM HEAVEN

MEMOIRES


Aangebied deur **Jonathan Ball**

Een van die funksies wat letterkunde in 'n kultuur vervul, is om mense te help om hulself te oriënteer. **James Whyle** se roerende en hoogs oorspronklike memoires, *We Two From Heaven*, vrae oor wie ons is en hoe ons hier gekom het, en probeer dié vrae uitpluis deur episodes in die skrywer se lewe te verweef met brieve wat sy pa van die slagveld af geskryf het gedurende die Eerste Wêreldoorlog. **S.J. Naudé** voer gesprek met Whyle oor herinnering, pyn en die verantwoordelikheid wat daarmee saamkom om die bewaker van die familiegeskiedenis te wees.

17 OKT 11:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(E)



GESKIEDENIS

HISTORIESE BOEKЕ

Aangebied deur **Flyleaf, Protea Boekhuis**

Die geskiedenis is nooit werklik iets van die verlede nie. Daar is baie oor die huidige tydsgeep te leer deur terug te kyk. Vanjaar bied ons die eerste keer 'n **geskiedenisdag** aan waar diegene wat die waarde van nadink oor die verlede kan insien, kan luister na skrywers wat hulle in die geskiedenis verdiep. Bespreek vir al vier sessies, of woon individuele sessies by waaroor jy spesifieker nuuskierig is.

13 OKT 10:00-14:00

45 min per sessie | EasyEquities Skrywerskamer
R50 per sessie | R150 vir volle geskiedenisdag

WOLRAAD WOLTEMADE 250


Aangebied deur die **Van Ewijck-stigting**

Die afgetreden kultuurredakteur van *Die Burger*, **Marthinus van Bart**, gesels oor sy gedenkboek oor die held Wolraad Woltemade, wat in 1773 veertien drenkelinge van die gestrande VOC-

handelsvaartuig *De Jonge Thomas* uit die stormsee gered het. Daar word onder meer verwys na geskiedkundige dokumente oor die gebeure, asook kunswerke, monumente en literatuur wat deur die heldedaad geïnspireer is.

13 OKT 10:00

(A)




JOPIE FOURIE: 'N BESINNING

Aangebied deur **Protea Boekhuis**

Die teregstelling van die Boersoldaat en rebelleleider Jopie Fourie was nog altyd 'n emosionele en sensitiewe onderwerp in die Afrikaner-geskiedenis. In hierdie biografie werp **Albert Blake** nuwe lig op die lewe en dood van 'n omstrede figuur.

13 OKT 12:00

(A)




DEUR DIE STERRE GELEI: DIE DENEYS REITZ-TRILOGIE

Aangebied deur **Flyleaf**

Deur die sterre gelei is die trilogie van Deneys Reitz se drie gewilde boeke wat die gebeure van sy merkwaardige, aksielablaide lewe saamvat. **Trevor Emslie**, wat gesorg het vir die publikasie van dié outobiografiese trilogie in Afrikaans, gesels met Deneys Reitz se kleinseun **Mike Reitz** oor Reitz se drie boeke: *Kommando*, *Trek voort* en *Geen uitspan*.

13 OKT 13:00

(A) (E)



DIE ANGLO-BOEREORLOG IN KLEUR (VOLUME 2)

Aangebied deur **Protea Boekhuis**

Tinus le Roux wys foto's uit en gesels oor *Die Anglo-Boereoorlog in kleur (Volume 2)*, die volgende in sy reeks boeke wat ikoniese foto's uit die Anglo-Boereoorlog lewensgetrou inkleur en talle foto's bevat wat nog nooit voorheen gepubliseer is nie. Beskou oomblikke uit die oorlog in 'n vars lig.

13 OKT 11:00

(A)

PANEELBESPREKINGS

HUNGER GAMES: HOW WRITERS SURVIVE

Dit was nog altyd moeilik om 'n lewe te maak as vryskutskrywer, maar teen 2025 het dit haas onmoontlik geword. Of jy nou boeke, artikels, "inhoud" of kopie skryf, geleenthede is onvoorspelbaar en die betaling onvolhoubaar. Ander planne is ononderhandelbaar. **Ilse Salzwedel** gesels met **Jolyn Phillips, Karin Schimke, Leonie Joubert** en die Vlaamse skrywer **Frederick de Backer** oor die stand van sake, die moontlikhede vir die toekoms en die faktore wat 'n invloed het op die loopbaan van woordwerkers. 'n Noodsaaklike gesprek vir enigiemand wat wil skryf vir 'n lewe.

13 OKT 14:30

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A) (E)

REACHING READERS

Hoe bereik ons lesers in 'n media-landskap wat oorheers word deur bo-blink-bekendes, TikTok-danse en verdelende retoriek op alle platforms? Die sosiale media bied nuwe geleenthede om met lesers te kommunikeer, maar ding ook mee met die gedrukte woorde om mense se aandag. **Bibi Slippers** praat met die boekbemarker **Helené Coetzee**, die stigter van Lekkerleesboekrak, **Marion Erskine**, boekstagrammer **Haley Malan** en skrywer **Sven Axelrad** oor die moontlikhede en moeilikhede van die aandag-ekonomiese, die beste benadering tot boekbemarking aanlyn, en die skrywers en beïnvloeders wat dinge reg doen.

15 OKT 10:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A) (E)


PRAATING OOR BOEKЕ

Peach van Pletzen bring sy gewilde YouTube-geselsprogram *Praating* na die Woordfees, waar hy met bekende lesers oor boeke gesels. Die bittereinder en boekwurm **Jaco van der Merwe, leading man** en leesverslaafde **Beer Adriaanse** en skrywer en TV-ster **Veronique Jephtas** praat met Peach oor die boeke wat hulle diep geraak, koud gelaat of hard geslaan het. Hulle onthou die boeke wat hulle leessmaak help vorm het, die boeke waaruit hulle baie geleer het, en die boeke wat 'n mens weer en weer kan lees, asook die skrywers wat soos vriende, mentors en vertroude gespreksgenote voel.

11 OKT 14:30

90 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A)



NEEM DEEL

BOEK-DEEL

SKRYWERSGROEP

Skryf is blykbaar 'n eensame besigheid, maar dit hoef nie te wees nie. Het jy al gehoor van die Bloomsbury Set, die Inklings, Stratford-on-Odeon of die Harlem Renaissance? Van jou gunstelingskrywers – Virginia Woolf, J.R.R. Tolkien, C.S. Lewis, Langston Hughes, Ernest Hemingway, F. Scott Fitzgerald en Gertrude Stein, om maar 'n paar te noem – was in 'n stadium deel van 'n skrywersgroep: vir ondersteuning, geselskap, om kennis te deel of om saam-saam te sorg dat die skryfwerk klaarkom. Kom sit en skryf saam met ander skrywers en vorm 'n netwerk wat jou werk kan help voed.

16 OKT 13:00

60 min | Die Khaya-kafee
Gratis

(A)

COFFEE AND CIGARETTES

ROMAN

Aangebied deur Penguin Random House

Sven Axelrad het hom in 'n rekordtyd gevestig as die liefeling van die plaaslike boekewêreld. Sluit by hom aan vir 'n intieme gesprek oor sy jongste roman, *The Nicotine Gospel*, 'n road trip-storie wat twee broers se reis na hulle pa se begrafnis volg. Die pa het die seuns grootgemaak om te glo 'n boksie sigarette kan jou alles vertel wat jy van 'n man moet weet. **Bibi Slippers** gesels met Sven en gee jou ook die geleentheid om hom eniglets te vra – alles oor 'n kopkie koffie en, indien jy lus voel, 'n sigaret.

15 OKT 09:00

45 min | Die Khaya-kafee
R40 (1 koffie ingesluit)
Gratis vir nie-koffiedrinkers

(E)

DE(E)LULU


PARTYTJIE

Sedert 2023 is die hutsmerk #delulu al meer as 5 miljard keer op TikTok gebruik. Dit verwys na die geloof dat jy jou eie lot met die mag van jou wilskrag kan bepaal. Moenie terughou nie, kom deel in die delulu by 'n literêr partytjie om die bekendstelling van die Woordfees se *Overshare*-zine te vier. Trek 'n uitrusting aan wat 'n bietjie meer as gewoonlik verklap, en ontbloot jou siel op die dansvloer. Deel jou hartsgeheimes of jou bier met *like-minded* mense en fluister jou belydenis in 'n ontvanklike oor of oor die mikrofoon. **Dierbaar** maak musiek en ons deel zines uit.

18 OKT 22:00

120 min | EasyEquities Skrywerskamer
R50 | R80 by die deur

(A)



The Nicotine Gospel
Sven Axelrad

Author of *Buried Treasure* and *God's Podiatrist*



OGGENDKOFFIE EN (LEES)STOF TOT NADENKE

Daar is boeke wat 'n mens laat voel, boeke wat jou laat lag en boeke wat jou ewig bybly. Maar die beste boeke is dié wat jou laat dink: Hulle lig jou in, daag jou uit en herprogrammeer jou brein woorde vir woorde. Die skrywer en filosoof **Azille Coetze** praat met **Bibi Slippers** oor die boeke wat haar denke help vorm het,haar van ander oogpunte oortuig het, en waaraan sy nie kan ophou dink nie.

14 OKT 09:00

45 min | Die Khaya-kafee
R40 (1 koffie ingesluit)
Gratis vir nie-koffiedrinkers



OGGENDKOFFIE EN KLEINDORPIE-QUEER JEUGROMAN

Aangebied deur **Lapa**

Louis Pretorius is een van ons land se voorste TV-skrywers met reekse soos *Die boekklub*, *Fynskrif* en *Tuiskoms* agter sy naam. Ná die sukses van *Kompleks* kan hy homself nou ook 'n bekroonde jeugboekskrywer noem. Sy jongste boek, *'n Jaar in my lewe*, speel in die 1990's in Limpopo af en handel oor die ontluikende liefdesverhouding tussen die matriekseuns Liam en Martin. **Chan Croeser** gesels met Louis en gee die gehoor ook die geleentheid om hom enigjies te vra: oor sy boeke, TV-reekse of die lewe as queer kind op die platteland – alles oor 'n kopkie koffie!

17 OKT 09:00

45 min | Die Khaya-kafee
R40 (1 koffie ingesluit)
Gratis vir nie-koffiedrinkers



OGGENDKOFFIE EN KLOOSTER-KLETS

Carel Nolte van EasyEquities en Johannes de Villiers delf dieper in Johannes se nuwe roman, *Op pad na 'n klooster in die sneeu*. Hulle bespreek hul gedeelde

Frans-Katolieke geskiedenis en die inspirasie agter die verhaal van 'n jong man van Bloemfontein wat 'n asketiese lewe nastreef.

18 OKT 09:00

45 min | Die Khaya-kafee
R40 (1 koffie ingesluit)
Gratis vir nie-koffiedrinkers

OGGENDKOFFIE EN SKRYFGEHEIME MET MARITA VAN DER VYVER

In Rachelle Greeff se klassieke rubriek "Alles behalwe die geheim van my whiskies" het sy dit oor skrywers se geheimhouding oor hul "skryfgewoontjies en boekmaakbygelowighede". Hoe meer die skrywers swyg, hoe meer nuuskierig is die lezers (en veral die ander skrywers!). **Bibi Slippers** draai **Marita van der Vyver** se arm om 'n paar geheime te verklap oor haar skryfgewoontes, rituele, en die sloerdery en mirakels wat uiteindelik 'n boek voortbring.

16 OKT 09:00

45 min | Die Khaya-kafee
R40 (1 koffie ingesluit)
Gratis vir nie-koffiedrinkers



SJJT, ONS LEES! SILENT BOOK CLUB

Lees is een van die lewe se onverdunde vreugdes – en 'n gedeelde vreugde is dubbel die vreugde! Kom lees in die geselskap van ander boekwurms. Raak gemaklik, gryp die boek wat jou tans aan die hart of brein beet het, en lees 'n hoofstuk of twee met onverdeelde aandag. Jy hoef nie 'n mening te deel of 'n woord te sê nie – die Silent Book Club-konsep is letterlik presies soos dit klink: die luukse van stilte, en die wonder van woorde op papier. Koffie en kuier ná die leestyd is opsioneel.

15 OKT 13:00

60 min | Die Khaya-kafee
Gratis



LEEFSTYL

'N AAND VAN PASSIE EasyEquities SKRYWERSPARTYTJIE

Die Woordfees het in 2000 afgeskop met 'n nag van passie – 'n viering van die Afrikaanse letterkunde. Deur die jare was die skrywersprogram die hoeksteen, fondament en kroonjuweel van die Woordfees. Met hierdie geleenthed wil die Woordfees graag die groot bydrae van ons skrywersgemeenskap oor soveel jaar erken en die fokus plaas op die supersterre van ons fees: meestal sku vir die voorgrond of 'n kamera, dikwels ingetoë en effens skaam, maar as hulle eers vlam vat... Geniet 'n ontspanne kuier saam met skrywers in die pragtige Die Boekklub in Johannesdal net buite Stellenbosch. Beperkte sitplek. Kaartjies sluit 'n heerlike ete en wyn in.

17 OKT 18:00

80 min | Die Boekklub, Johannesdal R500

INDIGENOUS GARDEN PLANTS: A GARDEN WALK TUINGIDS

Aangebied deur **Struik Nature**

South African Indigenous Garden Plants is 'n omvattende gids propvol nuttige inligting en volkleurfoto's van 2400 inheemse tuinplante. Om deur die boek te blaai is byna so vervullend as die ware Jakob – die vars lug en grond van jou eie tuin onder jou vingernaels. Geniet 'n bietjie van albei: Kom stap saam met een van die skrywers, die plantkundige en natuurhistorikus **Geoff Nichols**, deur Stellenbosch se botaniese tuin en bekijk en leer meer oor die plantspesies wat in dié tuinbybel bespreek word. (Toegangsgeld is by die US Botaniese Tuin betaalbaar.)

15 OKT 09:30 vir 10:00

120 min | US Botaniese Tuin R80 | R110 by die hek + toegangsgeld **(E)**


KOESTERKOS KOOKBOEK

Aangebied deur **Naledi**

Ná die sukses van *Storiekos* is **Frik de Jager**, die gewilde kok en storieverteller wat gereeld in RSG se *Klets en kook* verskyn, terug met 'n tweede kookboek. In *Koesterkos* deel Frik geliefde resepte wat kom uit sy ma, Hermana, en ouma Lenie se resepteboeke wat dateer uit 1914 tot 1989. Frik onthou en koester gunstelinggeregte uit sy kinderjare wat die nostalgie en die verlange saam met die lus sal aanwakker. Sit aan vir 'n keurige vyfganete wat 75 jaar van plaaslike kostradisies en kookprosesse weerspieël, terwyl Frik ook stories, staaltjies en smake uit *Koesterkos* deel.

15 OKT 12:00

180 min | Nooitgedacht-landgoed R650 | Besprekings sluit 13 Okt **(A)**





THE TABLE KOOKBOEK

Aangebied deur Penguin Random House

Elmarie Berry glo die tafel is die hartklop van die huis. In hierdie kraakvras kookboek word die lewendige geure van Suid-Afrikaanse geregte gekombineer met die ryk erfenis van Midde-Oosterse cuisine. Tradisie ontmoet innovasie, en die hedendaagse en ouwêreldse sit gemaklik saam aan tafel, met resepte wat deur Elmarie se Libanese oma geïnspireer is en met haar eie kreatiewe flair vernuwe is. Die kosjournalis **Jeanne Calitz** gesels met Elmarie oor hoe om onvergeetlike oomblikke aan tafel te skep. Daar is natuurlik ook heerlike happies vir almal om te proe.

11 OKT 15:30


90 min | Hofmeyrsaal
R150 | Besprekings sluit 10 Okt

(A) (E)

TIMELESS SOUTH AFRICAN KOOKBOEK

Aangebied deur Penguin Random House

Kan jy vetkoek van amagwinya onderskei? Ken jy die verskil tussen koeksisters en koeksisters? Wat weet jy van die interessante geskiedenis van bobotie, hertzoggies en Durban-naan? In *Timeless South African* skryf **Ilse van der Merwe** oor 101 ikoniese Suid-Afrikaanse geregte. Dis nie net erfeniskos nie, maar relevante



en gewilde geregte wat in baie huise en gemeenskappe geniet word. **Errieda du Toit** gesels met Ilse oor die resepte en stories agter die diverse geregte, en daar is heerlike happies vir gaste om te proe.

18 OKT 10:00

90 min | Hofmeyrsaal
R150 | Besprekings sluit 17 Okt

(A) (E)

TREK LAGER!

**VRAE (EN ANTWOORDE) OOR DIE VERGETE BROUER CHARLES GLASS
BIERVASVRA**

Aangebied deur Penguin Random House

Die algemenekenniskoning en sake-journalis **Theunis Strydom** se nuwe boek gaan oor die vergete bierbrouer Charles Glass. Kom leer meer oor Charles (en sy vrou, Lisa) se bydrae tot Suid-Afrika se bierkultuur, en neem deel aan 'n vasvra oor bier, brouery en ander fassinerende feite uit Theunis se boek. Dink jy jy weet baie van bier? Kom toets jou kennis en trakteer jou smaakkliere tydens dié bierdeurdrenkte aand uit. Net die regte vermaak vir drinkbroers en dinkebroers, slim susters en dors dollars.

17 OKT 18:00

60 min | Die Khaya-kafee
R80 | R110 by die deur
(1 bier ingesluit)

(A)

klassieke musiek





Lynelle Kennedy



Timothy Moloi

AFRIKAANS IS 100

Met Lynelle Kennedy, Minette du Toit-Pearce, Janel Speelman, William Berger, Corneil Muller, Timothy Moloi

Vier honderd jaar van Afrikaans as amptelike taal met 'n magiese aand vol musiek, herinneringe en hartklop. Ses stemme kom byeen vir dié keur van bekende en geliefde Afrikaanse liedjies om die ryk erfenis van Afrikaans te vier – van tydlose treffers van David Kramer en Laurika Rauch tot die diepgewortelde melodieë van FAK-liedere. Dis 'n konsert wat beloof om emosie, nostalgie en trots in elke noot vas te vang.

Musiekregisseur **Elna van der Merwe**

18 OKT 12:00

90 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur

BACH TO BOLLING

Met Peter Martens (tjello), Charl du Plessis (klavier), Peter Auret (perkussie), Werner Spies (kontrabas)

Claude Bolling het 'n unieke Suite vir Tjello en Jazz Klaviertrio gekomponere wat geïnspireer is deur die legendariese tjellis Yo-Yo Ma. Een van Suid-Afrika se voorste tjelliste, Peter Martens, span kragte saam met die Charl du Plessis Trio om dié

aansteeklike musiek hier op Stellenbosch op te voer. Bolling se suite word voorafgegaan deur Bach se Suite no. 2 vir Solotjello, dié keer in 'n spesiale verwerking met 'n subtiese begeleiding vir 'n jazz-klaviertrio.

Musiekregisseur **Charl du Plessis**

11 OKT 19:30

75 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur

BEETHOVEN TRIPLE CONCERTO

Met Peter Martens (tjello), Suzanne Martens (viool), Elna van der Merwe (klavier), strykensemble en keteldromme

In Ludwig van Beethoven se meesleurende trio-concerto word die tjello, viool en klavier in 'n kragtige dialoog geplaas. W.A. Mozart se sprankelende Serenade no. 6 in D-majeur ("Serenata Notturna") betover met ligtheid en gracie, terwyl Georg Philipp Telemann se concerto vir twee altviole ryk teksture en speelse interaksie bied. 'n Konsert wat vernuwing en tradisie vier – perfek vir die ernstige musiek liefhebber.

17 OKT 16:00

60 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur

CAPE TOWN CAMERATA: A CAPPELLA

Dirigent **Leon Starker**

Die Cape Town Camerata nooi jou na 'n stemmingsvolle verkenning van waartoe die menslike stem in staat is. In die diverse program kan die werk van plaaslike en internasionale 20ste eeuse komponiste gehoor word, asook folk-liedere, tradisionele Afrikamusiek én tydlose klassieke en Renaissance-stukke. Deur ingewikkelde harmonieë en ekspressiewe vokale kunstenaarstalent bied die ensemble 'n ervaring wat gekenmerk word deur musikale uitnemendheid, kulturele weerklank en emosionele storievertelling.

18 OKT 19:00

50 min | Standard Bank Endler
R180-R250 | R210-R280 by die deur

DA CAPO!

Met **Philip Martens** (viool), **Peter Martens** (tjello), **Louisa Theart** (fluit), **Carin Bam** (hobo), **Danielle Rossouw** (klarinet), **Liez Nel** (Franse horing), **Arno Steyn** (fagot), **Féroll-Jon Davids** (klarinet), **Matthew Campbell-Stead** (viool), **Azra Isaacs** (altviool)

Da Capo! – dit beteken "gaan terug na die begin" – was die openingskonsert vir vanjaar se Franschhoekse Kamermusiekfees. Die openingswerk, "Passacaglia" deur die Noorweegse komponis Johan Halvorsen, is gegronde op 'n klavesimbelsuite van G.F. Handel en vorm 'n triomfanteлиke ouverture vir die verruklike musiek wat volg: die eerste blaaskwartet van Anton Reicha, 'n tydgenoot van Ludwig van Beethoven wat dieselfde harmoniese taal praat, en die ikoniese Klarinetkwintet van W.A. Mozart, een van die mooiste kamermusiekstukke wat ooit geskryf is.

Aangebied deur die **Kaapstadse Filharmoniese Orkes**

12 OKT 14:30

60 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur

DIE DEURSTRAALDE WOORD

Met **Minette du Toit-Pearce** (mezzosopraan), **Esthea Kruger** (klavier), **Hendrik Hofmeyr** (komponis)

Vir die veelbekroonde komponis Hendrik Hofmeyr is die toonsetting van digkuns 'n lewenslange passie: "Musiek het die magiese vermoë om die woord te deurstaal

CHARL DU PLESSIS: ALL BY MYSELF

In sy eerste soloklavieruitvoering by die Toyota Stellenbosch Woordfees speel **Charl du Plessis** musiek van Bach, Rachmaninoff, Beethoven en gunstelinge van Leonard Cohen, Duke Ellington en Richard Rodgers. Ook op die program is improvisasies waar lede van die gehoor enige musiek van hulle keuse kan voorstel waarop Charl dan spontaan sal improviseer. Charl is 'n Steinway-kunstenaar en klavierdosent aan die Universiteit van Pretoria, en die wenner van vier Sama-musiekpryse.

11 OKT 13:00

60 min | Standard Bank Endler
R180-R250 | R210-R280 by die deur



met atmosfeer, emosie en simboliek – om dit wat om en agter die teks lê aan ons huis te bring.” Twee van Suid-Afrika se voorste musici bied ‘n keur aan uit sy Afrikaanse toonsettings waarvoor hy met ‘n toekenning vir vernuwende denke deur die KKNK vereer is.

15 OKT 19:00

50 min | Fismer

R190-R250 | R220-R280 by die deur

DIE MAG VAN TWEE

Met **Winand Grundling** (orrel),

Louna Stofberg (klavier)

In dié nuwe produksie span die veelbekroonde Stellenbosse orrelis Winand Grundling kragte saam met Louna Stofberg, bekende orrelis en koorleier van Hermanus. Met Winand op orrel en Louna voor die klavier deel hulle pragtige duette vir klavier en orrel. Hoogtepunte sluit in ‘n uittreksel uit die *Dodedans* (*Danse macabre*) van Camille Saint-Saëns, die *Galop Infernal* (Can-Can) van Jacques Offenbach, Edvard Grieg se *Mars van die trolle*, Ludwig van Beethoven se liedkomposisie *Die heimelie roem en Triumphant Praise* van Jan Sanborn.

Vervaardiger **Erns Grundling**

16 OKT 16:00

60 min | Standard Bank Endler

R160-R220 | R190-R250 by die deur



Louna Stofberg en Winand Grundling

DIE STORIE VAN VIVALDI SE ‘VIER SEISOENE’

Met **Schalk Joubert** (baskitaar),

Petrus de Beer (viool),

Stanislav Angelov (trekkklavier)

Antonio Vivaldi soos jy hom nog nooit gehoor het nie – hier is sy *Vier seisoene* nie net musiek nie, maar ‘n reis deur klank, poësie en emosie. Die Italiaanse gedigte is deur dr. Dawid de Villiers in Afrikaans vertaal, en met slegs drie instrumente word hierdie produksie ‘n opwindende nuwe weergawe van Vivaldi se tydlose meesterwerk. Elke seisoen word ingelui met poësie en insigte oor die komponis en sy wêreld.

16 OKT 11:00

65 min | Fismer

R175-R200 | R205-R230 by die deur

DIE TOWERFLUIT THE MAGIC FLUTE

Met **Alida Scheepers** (Koningin van die nag), **Khayakazi Madlala** (Pamina),

Mongezi Mosoaka (Tamino), **Nathan Lewis** (klavier) en 13 ander sangers

W.A. Mozart se gewilde opera is herbedink vir ‘n jong gehoor en beloof om kinders te bekoor met sy betoverende melodieë, kragtige storie en dinamiese rolverdeling. Dié lewendige weergawe probeer om opera meer toeganklik vir laerskoolleerlinge te maak.

Vervaardiger **Kaapstad Opera**

Regisseur **Elizma Badenhorst**

Musiekregisseur **Jan Hugo**

Ontwerper **Frankie van Straten**

Ondersteun deur **Judith Neilson-stigting**, National Arts Council, Stad Kaapstad, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport

11 & 12 OKT 12:00 | 13 OKT 15:00

14 OKT 11:00

90 min | HMS Bloemhof-sentrum

R130-R260 | R160-R290 by die deur





Reghardt Kühn

ECHOES OF THE NEW WORLD

Met **Wynland Filharmoniese Orkes**
onder leiding van **Reghardt Kühn**,
Eriel Huang (solis)

Die program is 'n viering van die balans tussen tradisie en innovasie. Dit begin met Carl Maria von Weber se overture tot *Der Freischütz*, 'n dramatiese romantiese opera wat deur folklore geïnspireer is. Die hoogtepunt van die aand is die debuutuitvoering van Kristi Boonzaaijer se Vioolkonsert, met Eriel Huang as solis. Die konsert word afgesluit met Antonin Dvořák se Simfonie No. 9.

Ondersteun deur die **Fynbos-trust**

12 OKT 17:30

120 min | Standard Bank Endler
R175-R250 | R205-R280 by die deur

ELOGIO DE LA DANZA IN PRAISE OF DANCE

Met **Nina Fourie-Gouws** (klassieke kitaar), **Renée van der Westhuizen** (viool), **Gita Galina** (ballerina), **Ché Adams** (flamenco-danser)

In dié visueel en auditief boeiende produksie deur vier vooraanstaande vrouekunstenaars word die kunstenaarskap en elegansie van ballet en die intensiteit van kontemporêre flamenco-dans gekombineer met die ryk en virtuose klanke van klassieke kitaar en viool. Gehore word oor vier eeuue se

musiek weggevoer – van die majestueuse J.S. Bach en eteriese Arvo Pärt tot 'n opwindende huldeblyk aan Igor Stravinsky en sy *Die lente-offer*. Maak jou reg vir kragtige danssolo's en opwindende, dinamiese pas de deux.

16 OKT 19:00 | 18 OKT 11:00

60 min | Fismer
R185-R230 | R215-R260 by die deur

FROM CAPE TOWN TO LEIPZIG

Met **Simon Ball** (fagot), **Rebekah Beelders**, **Philip Martens** (viool), **Micaela Arries**, **Petrus Coetze** (altviool), **Matthias Ender** (tjello), **Roxane Stefen** (kontrabas)

Die Suid-Afrikaanse komponis Allan Stephenson het vele miniature vir sy vriende gekomponeer, werke met 'n soort ligsginnige vreugde wat maklik op die oorval. Die konsert open met Stephenson se kleurryke werk vir fagot en strykers, gevvolg deur W.A. Mozart se Kwintet vir Franse horing en strykers. Dan kry Leipzig 'n beurt met Felix Mendelssohn se juweel van 'n Klaviersekskstet met Esthea Kruger wat sorg vir bruisende, virtuose klavierspel onder begeleiding van kollegas van die KFO.

Aangebied deur die **Kaapstadse Filharmoniese Orkes**

16 OKT 19:00

60 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur

GABRIEL'S OBOE

Met **Kyeong Ham** (hobo), **Suzanne Martens**, **Gilah Kellner**, **Dané Hayes**, **Carina Naudé** (eerste viool), **Catherine Stiff**, **Mikael von Eschwege**, **Georgia Wantenaar** (tweede viool), **Emile de Roubaix**, **Karin Gaertner** (altviool), **Ethan Lawson**, **Clara de la Guerre** (tjello), **Francesca Levenderis** (kontrabas), **Mario Nell** (klavesimbel)

Kyeong Ham is die eerste hoboïs van die Finse Radio-orkes in Helsinki en 'n solis van internasionale faam. Suzanne Martens tree op as konsertmeester. Willem Vogel se keurige programkeuse sluit in Ottorino Respighi se Antieke airs en danse, die hobo-concerto's van Vincenzo Bellini en J.S. Bach, die Adagio uit die strykkwintet in C van Franz Schubert, en "Gabriel's Oboe" uit Ennio Morricone se fliker *The Mission*.

In samewerking met die **Koreaanse Kultuursentrum en Rupert-musiekstigting**

12 OKT 11:00

70 min | Standard Bank Endler
R170-R240 |
R200-R270 by die deur



KARNAVAL VAN DIE DIERE

Met **Niël Rademan** (sang, vertelling), **Stellenbosch City Orchestra** onder leiding van **Paul Loeb van Zuienberg**, **Mario Nell** (klavier), **José Dias** (klavier)

Camille Saint-Saëns se komiese *Karnaval van die diere* beeld die diereryk uit met 'n verteller, die Stellenbosch City Orchestra en twee klaviere. In hierdie bekende suite gebruik die komponis brijante instrumentale effekte om musikale prentjies te skets. Die halfuur lange werk word voorafgegaan deur ligter klassieke musiek en sangitems. 'n Onvergeetlike ervaring vir oud en jonk.

Komponis **Camille Saint-Saëns**

Teks **Niël Rademan**

18 OKT 16:00

60 min | Standard Bank Endler
R195-R280 | R225-R310 by die deur

KLAVIER-EXTRAVAGANZA II

Met **Nina Schumann**, **Megan-Geoffrey Prins**, **Pieter Grobler**, **Francois du Toit**, **Esthea Kruger**, **Sue Paterson-Jones** en studente van die US-klavierafdeling

Waar in die wêreld kry jy nie een nie, nie twee nie, maar tien klaviere op dieselsele verhoog? In die wonderlike Endlersaal, natuurlik! Ná die oorweldigende sukses van die Klavier-extravaganza by verlede jaar se Woordfees keer Suid-Afrika se mees geliefde pianiste terug – met die ondersteunende deelname van die US-musiekdepartement se klavierafdeling.

13 OKT 16:00 & 19:30

100 min | Standard Bank Endler
R180-R260 | R210-R290 by die deur



Jan
Hugo

LISZT: HARMONIES POÉTIQUES ET RELIGIEUSES

Met **Jan Hugo** (klavier)

Franz Liszt se "Harmonies poétiques et religieuses" is 'n onderskatte meesterstuk. In dié sirklus van tien werke word die tegniese vaardigheid wat so prominent is in sy musiek volkome onderwerp aan die diep musicaliteit en mistiek van Alphonse de Lamartine se gedigte. Die klavier word as 't ware 'n digter op soek na dieper betekenis en poësie.

15 OKT 16:00

90 min | Fismer

R190-R250 | R220-R280 by die deur

KOFFIEKAN

BACH SE KOFFIEKANTATE
(IN AFRIKAANS) EN ANDER
AFRIKAANSE KOFFIETREFFERS

Met **Marina Erasmus** (sopraan),
Raimondo Slabbert-van Staden (tenoor),
Jared Hanekom (bas), **Johan van der Merwe** (verteller), **Liesl Stoltz** (fluit),
Mario Nell (klavesimbel),
Johanna Roos-strykkwartet

Sedert koffie die eerste keer in Europa sy verskyning gemaak het, het dit mense betower. J.S. Bach se komiese Koffiekantate (*Schweigt stille, plaudert nicht*, BWV 211) dateer uit die 1730's en kan beskou word as kommentaar op dié verslawing. In *Koffiekan* word kommentaar gelewer op die koffiekultuur van Stellenbosch en die gehoor word op 'n avontuur van komiese koffieliedjies geneem wat menige koffiesnob in hul espresso sal laat stik!

Vervaardiger en musiekregisseur

Johanna Roos

Produksiebestuurder

Johan van der Merwe

Sangregisseur **Marina Erasmus**

17 OKT 13:00

60 min | Standard Bank Endler

R180-R240 | R210-R270 by die deur

LITTLE MAESTROS: CLASSICAL CONCERTS FOR FAMILIES

Met **Jana van der Walt** (harp)

Kom luister na nog 'n interaktiewe Little Maestros-konsert – dié slag luister ons na die harp! Klassieke musiek is 'n wonderlike ontwikkelingshulpmiddel vir kinders onder die ouderdom van sewe en dra by tot beter breinontwikkeling en konsegnasie. Dié pasgemaakte konsert is spesifiek op jong luisteraars gemik wat in 'n ontspanne atmosfeer musiek van W.A. Mozart, J.S. Bach en ander bekende klassieke meesters kan leer ken. Verwag heelwat interaktiewe oomblikke, verduidelikings en deelname aan die bewegings op die maat van musiek. Dis 'n heerlike gesinskonsert en almal is welkom.

Vervaardiger **Biblioteek-produksies**

11 OKT 09:30 & 11:30

50 min | US Konservatorium-voorportaal

R85 | R115 by die deur

MOONLIT MENAGERIE

Met **Lente Louw** (mezzosopraan),
Albie van Schalkwyk (klavier)

Waar op aarde kom 'n mens binne minder
as 'n uur 'n koei, tier, nagtegaal, mot,
merel, duif, swaan, by, vis, ratelslang,
griffoen, twee ooievaars én twaalf
slakte teë? Net in *Moonlit Menagerie*,
natuurlik! In hierdie vindingryke
kunsleiduivvoering word die aweregse
kindergedigte in Jake Heggie se
Songs to the Moon deur Johannes
Brahms se romantiese 8 Lieder und
Gesänge Op. 58 uitgebalanseer.
Bykomend tot die twee sentrale
werke is liedere van Hugo Wolf en
Reynaldo Hahn waarin die maan
en diereryk voorkom.

16 OKT 16:00
60 min | Fismer
R185-R230 |
R215-R260 by die deur



LUNA DUO & JULIET- STRYKKWARTET

Met **Annelize de Villiers** (klarinet),
Danielle Rossouw (klarinet), **Annien
Shaw** (viool), **Matthew Campbell-Stead**
(altviool), **Azra Isaacs** (altviool), **Babette
Roosenschoon** (tjello)

In dié opwindende voordrag span die
Juliet-strykkwartet en Luna Duo kragte
saam om 'n oorspronklike program van
kamerwerke vir klarinet en strykkwartet
aan te bied. Albeiensembles bestaan
uit vooraanstaande Suid-Afrikaanse
musici in eie reg, en saam verken hulle
'n inspirerende keuse van musiek deur
plaaslike en internasionale komponiste. Die
elektriese program sluit in die splinternuwe
sekstet *Dances of Rebirth* deur Matthijs
van Dijk – 'n werk wat beskou word as 'n
viering van die ryk diversiteit van styl, kleur,
atmosfeer en verbluffende melodieë.

14 OKT 19:00
60 min | Fismer
R185-R230 | R215-R260 by die deur

MIRACLE TREE

Met **Sizwe Mondlane** (koorleier),
Voices+ (lede van die Universiteit van
Johannesburg-koor), **Eugene Joubert**,
Magdalena de Vries, **Motshwane Pege**

Miracle Tree / Isihlahla Sezimanga is 'n
viering van Suid-Afrika se digkuns en tale.
Die program, met oorspronklike werke
deur die bekroonde komponis **Franco
Prinsloo** en uitgevoer deur Voices+
onder leiding van Sizwe Modlane, put
inspirasie uit Bongekile Mbanjwa se gedig
"Isihlahla Sezimanga". Die musiek herinner
ons aan die waarde van ons inheemse
tale: Hul storie en betekenis groei soos
blare aan takke en bring hoop, liefde en
vreugde. 'n Viering van digkuns en ons
gemeenskaplike taalerfenis.

Regisseur **Jade Bowers**
Vervaardiger **UJ Arts & Culture**

17 OKT 19:00 | **18 OKT** 16:00
60 min | Fismer
R185-R230 | R215-R260 by die deur

OPERAGUNSTELINGE II

Met **Lynelle Kennedy, Minette du Toit-Pearce, William Berger, Cornel Muller** met klavier en ensemble

'n Aand van hartstog, drama en tydlose melodieë. Betree die wêreld van operagrootmeesters soos W.A. Mozart, G.F. Händel en Gaetano Donizetti in dié betoverende program van geliefde opera-arias. Elke aria word 'n storie op sigself, ryk aan emosie en tegniese bravade. Die uitvoering word begelei deur 'n strykkwartet en klavier, wat 'n elegante, intieme atmosfeer skep. 'n Onvergetelike aand vir enige musiek liefhebber.

Musiekregisseur **Elna van der Merwe**

17 OKT 19:00

90 min | Standard Bank Endler
R190-R270 | R220-R300 by die deur



MOZART IN KWARTET

Met **Pieter Grobler** (klavier) en **Suzanne Martens** (eerste viool), 'n strykkwartet van die US Konservatorium

W.A. Mozart se liefde vir die klavier kom die sterkste tot uiting in sy 27 klavierkonserte – werke wat ook van sy bekendste melodieë bevat. Die Stellenbosse pianis Pieter Grobler en 'n strykkwartet van die US Konservatorium speel twee van Mozart se klavierkonserte in die komponis se eie kamermusiekweergawes daarvan, naamlik no. 11 in A-majeur (KV 414) en no. 13 in E-mol-majeur (KV 449).

14 OKT 16:00

70 min | Standard Bank Endler
R180-R230 | R210-R260 by die deur

O FIRE OF THE SPIRIT

Met **Bongiwe Nakani** (mezzosopraan), **Lente Louw** (mezzosopraan), **Sandra Prinsloo** (verteller), **Siyolise Nyondo** (kontrabas), **José Dias** (klavier), **die Kirby-kwartet: Nicholas Bruiniers** (eerste viool), **Kaitlin Visser-Downie** (tweede viool), **Jana Smit** (altviool), **Ashlin Grobbelaar** (tjello), **Overbergse Vroueekoor** onder leiding van **Sunell Jacobs**

In die stilte van die Moederkerk verryf die klanke van stem en snaar. Dit vorm 'n musikale pelgrimstog wat strek van Hildegard von Bingen se Middeleeuse mistiek tot Braam du Toit se hedendaagse klankpoësie. Hierdie musiek getuig van ons gemeenskappe se veerkrachtigheid, byna soos fynbos wat deur vuur vernuwe word. Die musiek word 'n vuur van die gees – iets wat vernuwe en verenig, heil en heling bring, en alles deurdring met verbondenheid en verwantskap.

Musiekregisseur **Braam du Toit**
Vervaardiger **Judi Rebstein**

11 OKT 18:00

80 min | Moederkerk
R180 | R210 by die deur

lift

AN ELEVATED
**flying
experience**



DAILY FLIGHTS BETWEEN
JNB - CPT - DUR

www.lift.co.za

PADKOS & POLYPHONY

Met **Hana Yim-Wahl** (viool), **Waldo Alexander** (viool), **Tisetso Mashishi** (altviool), **Viwe Mkizwana** (kontrabas), **Peter Auret** (tromme)

The Scullery Quintet is bekend vir hul unieke, oorspronklike verwerkings van klassieke musiek, jazz en pop wat wemel van improvisasie en kontemporêre temas. *Padkos & Polypyphony* is 'n klankkreis wat die veelsydigheid van klassieke instrumente ten toon stel met nuwe weergawes van werke deur legendariese komponiste soos J.S. Bach, Ludwig van Beethoven en Astor Piazzolla, maar ook jazz- en kontemporêre komponiste wat wissel van Abdullah Ibrahim tot Britney Spears. 'n Prettige produksie wat musiekliefhebbers én die algemene publiek se tone sal laat omkrul van lekkerky.

11 OKT 15:30

70 min | Standard Bank Endler
R170-R240 | R200-R270 by die deur

SING JOU LIED

Met **Aurum Cantores** onder leiding van **Ben van Niekerk**

Twee koorwerke, albei eerste uitvoerings, word as bydrae tot "Afrikaans 100" aangebied. *De Profundis* is 'n veelalige



gewyde werk waarin Afrikaans in 'n dialoog tree met vier ander tale, naamlik Latyn, Duits, Xhosa en Engels. Die siklus *Twaalf Afrikaanse koorliedere* is 'n toonsetting van gedigte uit die bundel *Soos die windjie wat suis* (1949) deur Henry Allan Fagan. Albei werke is in 'n eietydse dog luisteraarsvriendelike styl geskryf en daag geykte opvattinge oor Afrikaanse koormusiek uit.

Komponis **Winfried Lüdemann**

18 OKT 19:30

50 min | Fismes
R190-R250 | R220-R280 by die deur

SKOP, SKIET EN DONNER

Met **Nina Schumann**,
Megan-Geoffrey Prins

Een klavier is 'n verstommende masjien. Twee klaviere is 'n heerlike kakofonie. Sit Nina Schumann en Megan-Geoffrey Prins voor die klaviere en die resultaat gee nuwe betekenis aan "skop, skiet en donner"! Met dié produksie – die eerste vollengte-uitvoering deur die klavierduo – vier hulle hul loopbane wat al jare lank verweef is.

15 OKT 12:00

70 min | Standard Bank Endler
R175-R230 | R205-R260 by die deur

CONCERTO: 'N PIANIS OP REIS MET PARKINSON SE SIEKTE

Sedert fokale distonie en Parkinson se siekte by haar gediagnoseer is, het Nina Schumann, een van Suid-Afrika se voorste pianiste, besluit om die fokus op haar musiek én haar siektes te plaas. Sy wys vir die eerste keer in Suid-Afrika 'n kortdokumentêr wat vasvang hoe sy as Parkinson-lyer vir 'n Rachmaninoff-konsert voorberei. Daarna gesels sy oor die pad vorentoe. (Sien bl. 171 vir meer inligting.)

16 & 18 OKT | 17:00

90 min | Neelsie Cinema
R30 | R40 by die deur



Standard Bank



WANNEER ONS DEEL, GROEI ONS.

Afrika groei wanneer ons stories, kennis, kultuur en geleenthede deel.

Afrika is ons tuiste, ons dryf haar groei.

SONGS OF LOVE AND SOLITUDE

Songs of Love and Solitude, uitgevoer deur die Kaapstad Opera-ster en Fleur du Cap-wenner **Brittany Smith** (sopraan), en **Alex Gabriel** (klavier), bekroonde begeleier en uitvoerende hoof van Kaapstad Opera, bring twee diep emosionele liedsklusse byeen. Robert Schumann se *Dichterliebe*, wat selde deur 'n sopraan gesing word, kry nuwe kleure in hierdie vertolking deur 'n vrou, terwyl Samuel Barber se *Hermit Songs* die skerp, teer besinnings van Middeleeuse monnikse skilder. 'n Meesleurende uur van intimiteit, spitsvondigheid, verlange en meesterlik vertelde verhale.

13 OKT 16:00

60 min | Fismer

R190-R250 | R220-R280 by die deur

TAKE FOUR PIANO QUARTET

Met **Elna van der Merwe** (klavier), **Zanta Hofmeyr** (viool), **Jeanne-Louise Moolman** (altviool), **Susan Mouton** (tjello)

Hierdie vier musici, wat al baie jare vriende is, word beskou as vier van Suid-Afrika se bekwaamste klassieke musici op onderskeidelik die klavier, viool, altviool en tjello, en saam vorm hulle die formele Klavierkwartet Take Four. Die gehoor kan uitsien na hul uitvoering van W.A. Mozart se Klavierkwartet in E-mol-majeur (K 493) en die Franse komponis Gabriel Fauré se Klavierkwartet no. 1 in C-mineur, Op. 15.

14 OKT 12:00

80 min | Standard Bank Endler

R170-R230 | R200-R260 by die deur

THE BARBER OF SEVILLE

Met **William Berger** (Figaro), **Megan Kahts** (Rosina) en 14 ander sangers van **Kaapstad Opera**

Onder regie van Sylvaine Strike beloof dié produksie om die humor en gees vas te vang wat van *Die barbier van Sevilla* 'n tydlose gunsteling maak. Volg die spitsvondige barbier Figaro wanneer hy sy sjarme en slimmigheid inspan om twee jong verliefdes by mekaar uit te bring. Moenie die kans misloop om hierdie heerlike verhoogkaperjolle in 'n lewendige uitvoering in die unieke Spier-amfiteater te ervaar nie.

Regisseur **Sylvaine Strike**

Musiekregisseur & pianis **Jan Hugo**

Stel- en kostuumontwerp

Allegra Bernacchioni

Komponis **Gioachino Rossini**

Ondersteun deur **Die Judith Neilson-stigting, Stad Kaapstad, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport**

12, 14, 16 OKT 19:30

120 min | Spier-amfiteater

R170-R350 | R200-R380 by die deur

Italiaans met Engelse onderskrifte

Megan Kahts

TYGERBERG KINDERKOOR: SOUVENIRS

Tygerberg Kinderkoor onder leiding van **Karina Erasmus** met **Madri Muller & Elizca Mulder** (begeleiers), **Karlé Briedenhann** (voorlesing), **Madri Muller** (viool), **Marlene Cefonteyne** (viool)

Die Tygerberg Kinderkoor het sedert sy ontstaan in 1972 al baie paspoorte vol gereis na lande soos Brittanje, China, Amerika, Skandinawië, Italië, Spanje, Duitsland, Hongarye en vele meer. Die note mag dalk wegsterf ná elke optrede, maar die bande wat hulle deur die musiek gesmee het, staan vandag, 53 jaar later, nog vas. Ná elke reis is hul koffers propvol herinneringe, staaltjies, ervarings en soeweniers.

19 OKT 16:00

60 min | Standard Bank Endler
R160-R240 | R190-R270 by die deur

UNIVERSITEITSKOOR STELLENBOSCH

Onder leiding van **André van der Merwe**

Die US Koor is een van Suid-Afrika se oudste kore en een van ons land se voorste kultuur-uitvoerprodukte. Onder leiding van André van der Merwe beklee die koor meer as 'n dekade al die voorste posisie op die internasionale Interkulturranglys vir amateurkore, en hulle ryg wêreldwyd toekennings in. Dié studentekoor se energie en sjarme kan toegeskryf word aan die uiteenlopende agtergronde – akademies én kultureel – van sy lede. Die koor sing werk uit hul internasionale kompetisierepertoriump asook nuwe musiek spesiaal gekies vir die Woordfees-gehoor. Kom luister hoe hierdie voortreflike groep sangers deur middel van musiek vreugde uitdruk.

14 OKT 19:30 | 15 OKT 16:30 & 19:30

19 OKT 12:00

85 min | Standard Bank Endler
R200-R280 | R230-R310 by die deur

VIOLA DIALOGUES

Met **Petrus Coetze** (altviool), **Azra Isaacs** (altviool), **Matthew Campbell-Stead** (viool), **Annien Shaw** (viool), **Isaac van der Merwe** (klavier), **Rosamund Roth** (tjello)

In hierdie fyn uitgewerkte program word luisteraars getrakteer op twee van Suid-Afrika se voorste altvioliste wat in dialoog tree met hul kollegas op viool, tjello en klavier. Die vele uiteenlopende funksies as kamermusiekinstrument van die altviool, ook bekend as die "groot bemiddelaar" van strykinstrumente, word ten toon gestel met werke van Zoltán Kodály, Jan-Hendrik Harley, George Enescu, Alexander Borodin, Edward Elgar en Joaquín Turina.

13 OKT 19:00

60 min | Fismer
R185-R230 | R215-R260 by die deur

VOCES CORDIS

Onder leiding van **André van der Merwe**

Sedert hul debют in 2022 bekroon Voces Cordis gehore met hul sielsroerende optredes. Vanjaar keer hulle terug na die Woordfees met 'n vars program wat werk deur Laura Jékabsone, Mia Makaroff en Andrej Makor insluit. Onder leiding van André van der Merwe belowe Voces Cordis, getrou aan hul naam, wat "stemme van die hart" beteken, om te inspireer en die hartsnare te roer. Moenie hierdie optrede een van Suid Afrika se topkore misloop nie!

12 OKT 20:00 | 19 OKT 19:30

65 min | Standard Bank Endler
R180-R250 | R210-R280 by die deur

MOEDERKERK-ORRELWEEK: OFFERTORIUM

Met **Christiaan Carstens,**
Winand Grundling, Louna Stofberg,
Arnold Miller, Zorada Temmingh

Die tyd vir offergawe gedurende die erediens is die tyd vir gee, sodat gedeel kan word. Die Offertorium as musiekgenre het ontstaan uit die *Offertorium*-moment in die Katolieke liturgie. Offergawe-musiek in klassieke eredienste hoef nie 'n vervelige gestamel te wees nie. Veral Franse komponiste het die Offertorium-genre (in Frans *Offertoire*) aangegryp en opwindende werke geskep vol kontras in atmosfeer, tempo en virtusoositeit. Elke orrelis se program bevat hoofsaaklik Offertoriuns of Offertoires. Die besonderse Moederkerk-orrel se verskeidenheid van klankkleure word ten toon gestel, en nabystelde van die orrelis se hande en voete word op die skerms vertoon.

Koördineerder **Zorada Temmingh**
Ondersteun deur die **Stellenbosch
Moederkerk**



CHRISTIAAN CARSTENS

Romantiese Offertoriuns van 19de eeuse komponiste Adolphe Miné, Denis Bédard, César Franck, Charles-François Gounod en Louis-James-Alfred Lefébure-Wély word gehoor. Carstens is orrelis van die NG kerk Humansdorp.

13 OKT 13:15

30 min | Moederkerk
R110 | R140 by die deur

WINAND GRUNDLING

Offertoriuns geskoei op Franse Kersliedere van die Romantiese komponiste Alexandre Guilmant, César Franck, Louis-James-Alfred Lefébure-Wély en Jacques-Nicolas Lemmens is aan die beurt. Grundling is orrelis van die NG kerk Stellenbosch-Welgelegen.

14 OKT 13:15

30 min | Moederkerk
R110 | R140 by die deur

LOUNA STOFBERG

Díé vrolike program bestaan uit twee Offertoriuns (Édouard Batiste en Alexandre Guilmant), twee Scherzo's (Eugène Gigout en Marco Enrico Bossi) en een Tokkate (Albert Renaud). Stofberg is orrelis van die NG kerk Hermanus.

15 OKT 13:15

30 min | Moederkerk
R110 | R140 by die deur

HOE SPEEL DIE ORREL SIT-SIT SO?

Met **Zorada Temmingh**

"Die koning van instrumente". "Box of whistles", soos haar klavierdosent fronsend daarna verwys het. "Die magtige dreuning". Meganiese, pneumatiese, elektriese of digitale instrument? Praat, sing of skree 'n orrelpyp? Watter pyp maak watter klank? En hoe speel die ding nou eintlik? Zorada gesels en wys hoe.

13, 14, 15, 16 OKT 12:15

45 min | Moederkerk

R70 | R100 by die deur



ARNOLD MILLER

Miller is 'n nuweling by die Orrelweek. Sy indrukwekkende program bestaan uit vier Offertoriuns van Michel Corrette, Théodore Dubois, Louis Vierne en Gervais-François Couperin, asook die Finale uit die 6de Simfonie van Charles-Marie Widor. Miller is orrelis van die Nuwe Apostoliese kerk De Kuilen.

16 OKT 13:15

30 min | Moederkerk

R110 | R140 by die deur

ZORADA TEMMINGH

Offertoriuns uit die Halleluja-boek! Zorada improviseer op geliefde Halleluja-melodieë: drie van haar eie keuse, en een op 'n versoek uit die gehoor. Sy is orrelis van die Stellenbosch Moederkerk en sedert 2015 koördineerdeerder van die Orrelweek.

17 OKT 13:15

30 min | Moederkerk

R110 | R140 by die deur

kinderfees



I
Deel

CAPTAIN KWANDA'S FANPLASTIC ADVENTURES

Met **Noxolo Magadla, Beviol Swartz, Marvin Safoor, Siphesande Mkokose**

Sluit aan by Kwanda en Fin om seediere te help wat deur plastiekbesoedeling geraak word. Die fokus is op klimaatsverandering en seebewaring deur die gebruik van rap, liedjies en danse. Dié avontuur eindig met Kwanda wat 'n ander soort skat ontdek...

Vervaardigers **Jungle Theatre Company, Captain Fanplastic, Catherine Meyburgh, Soapbox SA**
Verwerker **Heather Gielink**, gegronde op die verhaal deur **Ruben Hazelzet**
Stel- en kostuumontwerp
Heather Gielink, Noxolo Magadla

11 OKT 12:00 | 13 OKT 09:30

45 min | Drostdy-teater
R120-R160 | R150-R190 by die deur

Nama (A) (E) (X)

DIE TOWERFLUIT THE MAGIC FLUTE

Met **Alida Scheepers, Khayakazi Madlala, Mongezi Mosoaka, Nathan Lewis** (klavier) en 13 ander sangers

W.A. Mozart se gewilde opera is herbedink vir 'n jong gehoor en beloof om kinders te bekooi met sy betoverende melodieë en kragtige storie. Dié verkorte weergawe probeer om opera toegankliker te maak vir laerskoolleerlinge.

Vervaardiger **Kaapstad Opera**
Regisseur **Elizma Badenhorst**
Musikale regisseur **Jan Hugo**

Ondersteun deur **Judith Neilson-stigting, National Arts Council, Stad Kaapstad, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport**

11 & 12 OKT 12:00

13 OKT 15:00 | 14 OKT 11:00

90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R130-R260 | R160-R290 by die deur

(A) (E) (X) (D)



GROMMELS

Met **Angelique Filter, Robert Hindley**

'n Groot grys muur omhels 'n klein grys wêreld. Kleur is net 'n herinnering, 'n droom. Hier woon Geelgrommel en Blougrommel – die laaste kleure wat oor is. Toe kom daar 'n dag wat nie soos elke gewone grommerige grommeldag lyk nie... Wat gebeur as teenoorgesteldes mekaar vind? En wat wag agter daardie muur? Kom saam op 'n speelse avontuur en ontdek hoe die natuur se kleure binne ons almal kan groei.

Vervaardigers **Angelique Filter, Robert Hindley**

Regisseurs en skrywers **Angelique Filter, Robert Hindley**
Fasilitateerder **Amelda Brand**

Ontwikkeling ondersteun deur die **Vrystaatse Kunste fees**

11 OKT 09:30 | 12 OKT 10:30

40 min | Drostdy-teater
R120-R160 | R150-R190 by die deur

LIEWE HEKSIE EN DIE WALS

Met **Margit Meyer-Rödenbeck, Deon van Zyl**

Haai oe, julle stoute kabouter. Wat gebeur as Lieve Heksie deelneem aan Blommeland se eie *Strictly Come Dancing?* Weet sy dan ooit wat 'n wals is? En wat gebeur as Levinia die belangrike taak kry om die Silwerroos op te pas? Die Geelheks wil graag haar kloutjies daarop lê sodat al die blomme in Blommeland kan doodgaan. Maar Lieve Heksie sê sy beskerm die Silwerpapawer met haar lewe. Die span agter dié produksie is al talle kere benoem vir beste kinderteater en het reeds twee Kannas gewen by die KKNK.

Vervaardiger en regisseur

Margit Meyer-Rödenbeck

Skrywer **Margit Meyer-Rödenbeck,**
geskoei op die verhale van **Verna Vels**

18 OKT 09:00 | 19 OKT 09:30

60 min | Drostdy-teater

R120-R160 | R150-R190 by die deur

(A)



LITTLE MAESTROS: CLASSICAL CONCERTS FOR FAMILIES

Met **Jana van der Walt** (harp)

Klassieke musiek is 'n wonderlike ontwikkelingshulpmiddel vir kinders onder die ouderdom van sewe en dra by tot beter breinontwikkeling en konsentrasie. Dié pasgemaakte konsert is spesifiek op jong luisteraars gemik wat in 'n ontspanne atmosfeer musiek van W.A. Mozart, J.S. Bach en ander bekende klassieke meesters kan leer. Verwag heelwat interaktiewe oomblikke en verduidelikings, en deelname aan die bewegings op die maat van musiek.

Vervaardiger **Biblioteek-produksies**

11 OKT 09:30 & 11:30

50 min | US Konservatorium-voorportaal

R85 | R115 by die deur

(A) (E)

SAFARI-AKTIWITEITE

Met **Heléne Booyens**

Jong natuurliefhebbers word genooi na 'n prettige werksessie oor Afrika se wilde diere. Elkeen kry 'n mini-aktiwiteitsboek met plakkers, doolhewe, soek-die-verskille- en pas-bymekaar-speletjies, wat ons saam-saam aanpak terwyl ons oor alles van olifante en otters tot vlermuise en vlakvarke leer. Kom vind uit hoekom vlermuis-mamas so fiks is, watter apies die slimste is en hoekom jy nie met 'n seekoei mors nie.

11 OKT 10:00

45 min | Hofmeyrsaal
Gratis, maar bespreking is noodsaaklik: Stuur e-pos na program@woordfees.co.za

The booklet features a grid of animal portraits with their names in Afrikaans:

- LEEU (Lion)
- VLAKEVARK (Warthog)
- GEVLEKTE HIËNA (Spotted Hyena)
- ROOIKAT (Cheetah)
- BUFFEL (Buffalo)
- SILWERVOS (Silver Fox)
- ROOIJAKKALS (Jackal)
- KAAPSE PELSROB (Cape Fox)

Wie se kleintjie?

Pas die groot diere by die bobaljies onder. Party van die kleintjies se persoonlike gaan nog verander, of hulle geen horngs, tandie en maanbare gröt.

A grid of eight smaller animal portraits for matching:

- Top row: Buffalo, Silver Fox, Spotted Hyena, Cape Fox
- Bottom row: Jackal, Baby Elephant, Baby Cheetah, Baby Lion

WOORDEDIEF

Met **Mia van der Merwe, Wian Taljaard, Kerscha Titus, Eldon van der Merwe**

Woordedief is 'n stoute kalant wat jaloers is op almal wat kan lees. Hy probeer woorde, stories, letters, sinne en sommer enige los gedagtes steel, natuurlik tot groot ontsteltenis van kinders wat wil leer lees, spel en skryf. Hier wag lekker opvoekundige pret vir die grondslagfase met koddige karakters en musiek wat kleintjies se tone sal laat omkrul.

Regisseur en skrywer

Margit Meyer-Rödenbeck

Lirieke **Margit Meyer-Rödenbeck**,

Luca Human

Musiekregisseur, verwerking en klankontwerp

Coenraad Rall

Stelontwerp **Gerrit Snyman**

Kostuums **Mariska Meyer**

Choreografie **Carlia Greyling**

Moontlik gemaak deur **NB-Uitgewers**
en **Suidoosterfees**

12 OKT 15:30 | 15 OKT 09:30 & 11:00
60 min | HMS Bloemhof-sentrum
R110-R160 | R140-R190 by die deur



Spier toneel

deel

ALAN COMMITTIE PRESENTS COMEDY GOLD STANDUP

Die komediant **Alan Committie** is terug op die Woordfees met sy nuutste, snaaksste standup show tot nog toe. Die show is meestal in Engels maar, soos altyd met hierdie woordsmid is daar 'n mengelmoes van woorde en idees. Committie is *fast, frenetic* en *funny*. En hierdie vertoning het drie blaaiborde! DRIE!! Hoeveel geld gee hierdie ou by Waltons uit? EN *WHY DON'T THEY SPONSOR HIM?* Alan skep komedie uit die Olimpiese Spele, dieetkundiges, gehuurde motors en meer!

Regisseur **Christopher Weare**

17 OKT 20:00

90 min | Spier-amfiteater

R160-R280 | R190-R310 by die deur

(A) (E)



ALGEMENE KENNIS KOMEDIE

Met **Theunis Strydom, Johan Joubert**
en ander

Algemene kennis is 'n fiktiewe vasvra-program waarin Theunis Strydom probeer om 'n miljoen rand te wen deur sy abnormaal goeie algemene kennis ten volle te benut. Wat hy nie weet nie, is dat hy nie net tien vrae korrek moet beantwoord nie, maar ook verby ander uitdagings soos 'n onnoontlike aanbieder, onsinnige vrae en beurtkrag moet kom.

Vervaardiger, regisseur en skrywer
Corné Koegelenberg

15 OKT 09:30 | **16 OKT** 14:30

60 min | Drostdy-teater

R190-R260 | R220-R290 by die deur

Geen o.13 (T)

(A)



AN APPRENTICESHIP

WITH SORROW

DRAMA

Met **Sara Matchett, Nina Callaghan**

An Apprenticeship with Sorrow verken verlies, rou en maatskaplike verval. Deur die persoonlike ervaring van die verlies van geliefdes aan demensie weerspieël die stuk die breër planetêre ineenstorting wat deur klimaatsverandering veroorsaak word. Hoe is menslike en ekologiese stelsels met mekaar verweef? Kan somatiese intelligensie veerkrachtigheid bevorder? Dié werk nooi gehore uit om

ineenstorting te herbedink as 'n ruimte vir verbinding, transformasie en ontwaking.

Regisseur **Lwanda Sindaphi**

Skrywers **Sara Matchett,**

Nina Callaghan, T.S. Eliot

Ontwerp **Sara Matchett, Nina Callaghan,**

Lwanda Sindaphi

Projeksie- en video-ontwerp

Nikki Pilkington, Mangaliso Ntekiso

Verhoogbestuur **Ropafadzo Chatindo**

11 OKT 17:00 | 12 OKT 13:00

13 OKT 20:00

50 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R180 | R210 by die deur

(E)

ANNIE+HELEN

DRAMA

Met **Cintaine Schutte, Stian Bam,**
Judi Hattingh, Bianca Flanders,
Eldon van der Merwe

In 1887 ontmoet Annie Sullivan en Helen Keller mekaar – iets wat hul lewens onherroeplik verander. Die 25-jarige Annie voel soos 'n gebroke legkaart, verkeerd aanmekaargesit, terwyl die 12-jarige Helen vasgevang is in 'n donker limbo – sonder die vermoë om te sien, hoor of praat. Wat volg, is 'n intense en roerende oorlog tussen twee gebroke mense. Dit is 'n stryd wat ontvou in veldslae rondom die eetkamertafel, kopskermutselings in gebaretaal; 'n oorlog om oorlewing. In 'n wêreld waar trauma al hoe meer verwater en alledaags voorkom, bring hierdie storie van twee formidabele vroue – en die mense wat hulle omring – ons tot stilstand. Dit dwing ons om na te dink oor die lesse wat trauma ons leer en die ongelooflike veerkrachtigheid wat uit daardie lesse spruit. Hattingh is vereer met 'n Kanna-prys vir haar rol as Helen.

Aangebied deur **Wordsmith's Theatre Factory** in samewerking met **Curro Create**

11 OKT 09:30 & 20:30

12 OKT 09:30 & 20:00

18 OKT 09:30 | 19 OKT 10:30

100 min | Adam Small-ouditorium

R220-R280 | R250-R310 by die deur

Geen 0.16 (G, T)

(A)

Regisseur en skrywer **Hennie van Greunen**

Vervaardiger **Pedro Kruger**

Stelontwerp **Rocco Pool**

Kostums **Rouvé Hattingh**

Musiek **Franco Prinsloo**

Verhoogbestuur **Dhania Schultz**

Tekeninge **Corli de Kock**



'N BEGIN

DRAMA

Met **Cintaine Schutte, Carel Nel**

Dit is die vroeëoggendure in die nadraai van haar nuwe woonstel se daknatmaak. Hy is die laaste oorblywende gas. Die plek is 'n gemors en hulle ook... David Eldridge se skerpsinnige toneelstuk is 'n teenoersoek van moderne verhoudings met twee effens verloopte mense wat aan die einde van 'n partytjie uitrek na mekaar. Dié stuk – sowel komies as aangrypend – vra vrae oor weder-sydse eensaamheid, konneksie, menslikheid en intimiteit.

Regisseur **Tinarie van Wyk Loots**Vervaardiger **Cintaine Schutte**Skrywer **David Eldridge**Vertaler **Nico Scheepers**

Belichtingsontwerp en verhoogbestuur

Lize-Marie Wait

'n Toyota Stellenbosch Woordfees-

produksie, ondersteun deur **NATI****16 OKT 13:00 | 17 OKT 20:00 | 18 OKT 20:30**

90 min | Idasvallei Primèr

R215-R260 | R245-R290 by die deur

Geen o.16 (T)



(A)

ATKV-TIENERTONEEL SE NASIONALE WENPRODUKSIE JEUGTEATER

Die 61ste wenner van ATKV-Tienertoneel maak vanjaar 'n buiging by die Toyota Stellenbosch Woordfees, kort ná die naelbyt-eindronde in Kaapstad. Meer as 3 600 tieners van reg oor Suid-Afrika het deelgeneem aan die kompetisie, die ATKV se oudste projek, met 'n rekordgetal van 211 produksies. Slegs agt produksies kwalifiseer vir die eindronde. Kom ervaar en vier vanjaar se wenners saam met ons, en laat Suid-Afrika se jong talent jou meevoer met hul verhoogvernuf.

18 OKT 10:00 | 19 OKT 14:0060 min | kykNET Rhenish Girls' High
R80-R130 | R110-R160 by die deur

BACCHUS TOT BEKKER KOMEDIE

Met **Amore Bekker**

Kan 'n mens iemand vertrou wat nie wyn drink nie? Waarom sal jy nooit weer 'n glas rooiwyn met 'n muggie in drink nie? In dié viering van die druppels van die druif ontmoet jy vir Bacchus wat sy nektar mildelik met ons deel – van papsak tot pinotage, chardonnay tot chenin blanc. Kom lag saamen drink 'n glasie. Tjorts!

Regisseur **Tobie Cronjé****16 OKT 11:00 | 17 OKT 20:30****18 OKT 16:30**75 min | kykNET Rhenish Girls' High
R200-R260 | R230-R290 by die deur





BOESMAN EN LENA

DRAMA

Met Lee-Ann van Roon, Brendon Daniels,
Wiseman Sithole

Boesman en Lena is twee hawelose randfigure – uitgelewer aan mekaar, die elemente en 'n politieke bestel wat hulle nie ag nie. Athol Fugard se ikoniese stuk bied 'n boeiende blik op die kompleksiteit van verhoudings en maatskaplike ongeregtigheid. Dit is ook 'n viering van die krag en weerbaarheid van die menslike psige, en ons universele behoefté aan hoop, meelewning en menslikheid. 'n Gepaste huldiging aan Suid-Afrika se grootste dramaturg wat vroeër vanjaar oorlede is.

Regisseur **Christo Davids**

Skrywer **Athol Fugard**

Vertaler **Vinette Ebrahim**

Produksiebestuurder **Nwabisa Plaatjies**

'n Ko-produksie deur **Momentum Aardklop** en **Toyota Stellenbosch Woordfees**, ondersteun deur **NATi, Festival Enterprise Catalyst (FEC)** in samewerking met die **Jobs Fund**

15 OKT 14:30 | 16 OKT 20:00

18 OKT 13:00 & 17:00 | 19 OKT 14:00

100 min | Idasvallei Primér

R180-R265 | R210-R295 by die deur

Geen o.13 (T, G, V)



REGISSEURSNOTA

Christo Davids

Boesman en Lena is nie bloot 'n storie van twee ontheemde individue nie. Hulle is nie "bergies" nie. Hul dakloosheid is nie 'n gevolg van persoonlike mislukking nie, maar 'n direkte gevolg van die brutale beleid van gedwonge verskuiwings wat die apartheidsgoue regime gedefineer het. Hulle dwaal in die kantlyn rond, nie uit keuse nie, maar deur doelbewuste ontwerp, en hul lyding, veerkrachtigheid en gebroke intimiteit staan as 'n mikrokosmos van 'n nasie wat steeds worstel met die letsels en nalatenskappe van Apartheid.

BOKLIED

DEBUUT | DRAMA

Met **De Klerk Oelofse, David Viviers, Obed de Koker, Ntombi Makhutshi, Wian Taljaard, Keagon Cochrane, Hannah Borthwick, Jurgen Mc Ewan, Ben Albertyn**

'n Aantal ietwat verloope toneelspelers kom bymekaar in 'n tyd van krisis in 'n geslote ruimte – 'n gestig, ongebruikte saal of dalk net 'n gevangenis. Weg van die sogenaamde "normaliteit" daar buite besin hulle oor die liefde, lewe en dood. Saam, onder 'n wolk van politieke realiteit in 'n tyd van onafwendbare verandering, speel die hand vol digters 'n oorlewingsritueel uit in die tradisie van die eerste Griekse dramas, of "Bokliedere". Soos in Aristophanes se komedie *Die voëls* onderhandel die lotjie 'n moontlike toekoms onder 'n nuwe orde, maar rituele verg bloed, 'n skerp mes en 'n sondebon... *Boklied* is die digter Breyten Breytenbach se opspraakwakkende eerste drama. Dig. Omvattend. Skriend. Snaaks. Orweldigend.

Regie en ontwerp **Marthinus Basson**
Skrywer **Breyten Breytenbach**
Beligtingsontwerp en verhoogbestuur
Nicolaas de Jongh
Musiek **David Wolfswinkel**
Produksiebestuurder **Frankie van Straten**



Marthinus Basson

'n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie, ondersteun deur **NATI**

11 OKT 16:00 | 12 OKT 18:30

14 OKT 09:30 | 15 OKT 18:00

16 OKT 10:00 | 17 OKT 18:30

18 OKT 18:30 | 19 OKT 09:00

220 min | Open Window Filmstudio

R220-R350 | R250-R380 by die deur

Geen o.16 (N, D, T, S)

(A)

REGISSEURSNOTA

Marthinus Basson

Laat in 1997 kry ek 'n versoek/opdrag om op 'n sekere dag en sekere tyd by 'n sekere restaurant te wees in Kloofstraat, Kaapstad, met geen benul van die wat of waarom of wie nie.

Wag tend en meer as betyds sit ek, pas afgedank by die Kaapse Raad vir Uitvoerende Kunste waar ek twintig jaar heerlik gewerk en gewoeker het, nou werkloos en met bittermin in die bank toe ek Ampie Coetzee en 'n gemeenskaplike vriendin die trappie sien opkom, met Breyten Breytenbach agterna.

Die versoek: om Breytenbach se eerste toneelstuk te regisseer vir die KKNK in 1998. Die teks was in Engels en ek moes wag vir die Afrikaans.

Orweldig en paniekbevange is die stuk ingestudeer in Bloemfontein en het ons geopen in Oudtshoorn met protes, klappende deure en die nuus dat Kunstekaap die speelvak in die Kaap gekanselleer het. Goddank is ons in Bloemfontein met ope arms ontvang en het die gehoor ná die lang stuk nog baie lank agtergebleby om te praat, te debatteer en sin te maak van die ervaring.

Onlangs, so uit die bloute, kry ek weer 'n oproep en nog 'n kans om weer te woekeer met *Boklied*, met 28 jaar meer ervaring en 'n nuwe span spelers waarvan sommige nog nie eens gebore was toe die eerste produksie plaasgevind het nie. Wat 'n uitsonderlike geleentheid in die lig van die verliese van 'n groot digter en groot gees om weer te kan werk met Breyten se idees oor kunstenaarskap en veranderende tye.



BRIDLING DRAMA

Met **Buhle Ngaba, Shaun Oelf**

Bridling is Nadia Davids se verhoogverwerking van haar gelyknamige kortverhaal wat met die Caine-prys bekroon en deur die beoordelaarspaneel geloof is as " 'n triomf van taal, storievertelling en waagmoed". Dit skets 'n akteur se reis van oudisie tot openingsaand met donker, ontstellende metakommentaar oor kreatiwiteit, feminisme, kompromis en rebellie. 'n Voortrefflike multidissiplinêre werk in Jay Pather se innoverende styl wat teks, beweging, stel en beeld naafteloos laat saamsmelt.

Regisseur **Jay Pather**

Skrywer **Nadia Davids**

Stel- en projeksie-ontwerp

Nicola Pilkinson

Kostuumontwerp **Michaeline Wessels**

Clankontwerp **Jannous Aukema**

Beligting en verhoogbestuur **Andi Colombo**

Produksiebestuur **POPArt Productions**

Vervaardig deur **National Arts Festival** en die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** in samewerking met die **Jobs Fund**

13 OKT 13:00 | 14 OKT 20:00

16 OKT 17:00 | 18 OKT 20:30

19 OKT 15:30

70 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R200 | R230 by die deur

OB

(E)

Buhle Ngaba



DIE ANDER DOGTER DEBUUT | DRAMA

Met **Sandra Prinsloo**

'n Tienjarige dogter vind toevallig uit van 'n suster wat twee jaar voor haar geboorte oorlede is. Dié dogter was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 die Nobelprys vir letterkunde ontvang het. Skielik was Annie nie meer 'n enigste kind nie, maar die plaasvervanger vir 'n groot afwesigheid wat voortleef in haar ouers se woodelose verdrietigheid. Haar suster moes sterf sodat sy as die "vervanging" kon leef. 'n Ragfyn stuk oor skuld, familie en verlies.

Skrywer **Annie Ernaux**

Vertaler **Naomi Morgan**

Verwerking **Saartjie Botha**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

11 OKT 14:00 | 12 OKT 17:00

13 OKT 19:30 | 14 OKT 13:30

15 OKT 09:30 & 13:00

16 OKT 09:30

60 min | Adam Small-ouditorium

R180-R310 | R210-R340 by die deur

Geen o.13

(A)

Sandra Prinsloo





Experience it all. *The new season Spier.*

Set in the heart of the Cape winelands, our wine farm offers new discoveries for all ages and interests on our Werf and newly transformed hotel. Our wellness spa and abundance of food, award-winning wine, art and outdoor experiences makes our regenerative Stellenbosch wine farm a delight for a day packed with discovery and adventure.

www.spier.co.za

SPIER
1692



DIE EEN WAT BLY DRAMA

Met **Grant van Ster, Shaun Oelf,
Daneel van der Walt**

Die een wat bly is deels droom en deels getuienis, en gebruik die geselskap se persoonlike herinneringe as vertrekpunt om die verwikkeld verhouding tussen ma's en seuns te skets. Dié samevoeging van dans, fisiese teater en drama wentel om 'n danser wat sy moeder aan die dood afstaan en wandel deur die flitse van sy geheue om tot verhaal te kom oor sy verlede, identiteit, familie en toekoms. Die produksie is vir die KKNK se Kanna-prys benoem in die kategorieë vir beste regie, beste toneelstuk, beste debuut, beste ontwerp, beste ensemble en beste literêre bydrae.

Regisseur en skrywers **Wessel Pretorius
en geselskap**

Choreografie **Figure of 8 Dance Theatre** in samewerking met **Natalie Fisher**

Stel- en beligtingsontwerp

Gideon Lombard

Verhoogbestuur en projeksie-ontwerp

Nell van der Merwe

Produksiebestuurder en vervaardiger

Marie Vogts

'n **Figure of 8**-produksie, in samewerking met die **KKNK** en **Suidoosterfees**, ondersteun deur **NATi** en die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** in samewerking met die **Jobs Fund**

15 OKT 12:00 | 16 OKT 13:00

18 OKT 16:00 | 19 OKT 13:00

75 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R220 | R250 by die deur

Geen o.13 (T)

DIE KABINET DEBUUT | SATIRE

**NAASWENNER IN DIE
REINET NAGTEGAAL-TEKSPRYS**

Deur **André Gerber**

Met **'n Burgemeester,
drie kabinettslede, twee narre**

"SKOKNUUS: 'n Mosie van wantroue teen die Eerste Burger het geslaag. Koalisievennote onderhandel oor sy opvolger. Hierdie is 'n ontwikkelende storie. Meer hieroor later (in die bulletin)." Wanneer 'n swanger minister, 'n eks-tronkvoël en 'n sogenaamde baba 'n mosie van wantroue teen die korrumpte Eerste Burger met die goue ketting indien, word 'n dorpie in chaos gedompel. Te middie van waterkrisisse, kragonderbrekings en kommissies oor kommissies ding almal mee om die topbos: burgemeester van Onse Kleine Dorpie. Dingé ontspoor egter vinnig wanneer die sondes van die Pynlike Verlede terugkeer om by almal te spook. In hierdie absurde satire word nasiebou, skuld en magsmisbruik genadeloos ontbloot."

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees-** produksie

13 OKT 19:00 | 15 OKT 10:00 & 14:00

16 OKT 19:00 | 18 OKT 14:30

19 OKT 14:30

75 min | Open Window Filmstudio

R180-R240 | R210-R270 by die deur

(A) (E)

DIE KONING EN SY BRUID

Met **Jeanne-Marié Koekemoer**,
Heinrich Wentzel, **Angelique Filter**

Dit is die jaar 1745. Die hele Kaap van Goeie Hoop vier fees, want die boer Willem Aarde en sy beskeie bruid, Amélie Bruére, trou 'n Bruihof beteken 'n erfgenaam... maar met die sluit van die slaapkamerdeur kom Willem en sy bruid van aangesig tot aangesig met onvermydelike, bindende en goddelike plig. *Die koning en sy bruid* is as beste produksie aangewys by die 2024 Première-fees en het ook die prys gewen vir beste teks en beste akteur en beste aktrise in 'n hoofrol.

Regisseur **Nichola Viviers**

Skywers **Nichola Viviers**,

Jeanne-Marié Koekemoer

Verhoogbestuur **Nicola Joubert**,

Jairus Fritz

Tegniese versorging **Jairus Fritz**

'n Produk van die **Première-fees 2024**

12 OKT 16:30 | 13 OKT 10:00

60 min | Spier-ouditorium

R160-R210 | R190-R240 by die deur

Geen o.16 (S)

(A)



Jeanne-Marié
Koekemoer

Skywers **André Gerber, Elana-Marié Snyman**, na **Śławomir Mrożek**

Oorspronklike musiek en musiekregisseur
Antoni Schonken

Belichtingsontwerp **Rudolph van Jaarsveld**

Kostuumontwerp en verhoogbestuur

Enrique de Villiers

Choreografie **Mila Sobolewski**

In samewerking met die **Universiteit Stellenbosch Dramadepartement**

14 OKT 09:30 & 19:00

15 OKT 11:00 & 14:30

65 min | Adam Small-laboratorium

R140-R200 | R170-R230 by die deur

OB

(A)

DIE OLIFANT

KOMEDIE

Met **Petrus du Preez, André Gerber, Antoni Schonken, Jeanne-Marié Koekemoer, Kelly April, Lisa Kukard, Mila Sobolewski, Signe Pietersen**

'n Direkteur van 'n dieretuin plaas sy eie ambisies bo die welsyn van sy diere wanneer hy 'n vals olifant van rubber skep om geld te spaar. 'n Swaan word weens openbare dronkenskap afgedank uit sy pos by die munisipale park. 'n Leeu weier om die Christene in die arena te eet – nie omdat hy vir hulle omgee nie, maar omdat hy vermoed hulle gaan binnekort aan die bewind wees. 'n Wêreld van absurde burokrasie, arrogansie en die komiese nagevolge van misplaaste besluite.

Vervaardiger **Skepkamer**

Regisseur, ontwerp en poppe

Elana-Marié Snyman



DIE SIEL VAN EUGÈNE MARAIS

DEBUUT | MUSIEKTEATER

Met **Daniel Anderson**

Dié kabaret fokus op die baanbreker Eugène Marais se metamorfose van 'n sjarmante jong joernalis en charismatiese student wat in Londen skouers geskuur het met Neville Chamberlain tot die sku en verslakte man van sy latere jare. As digter, natuurkundige en denker het Marais die norme van die Afrikaner-samelewing uitgedaa, en sy stryd met verslawing en soeke na sin maak van hom 'n komplekse en inspirerende figuur.

Regisseur en skrywer **Amanda Bothma**
Musiekregisseur **Paul Ferreira**

17 OKT 11:00 | 18 OKT 14:30

19 OKT 16:30

80 min | Drostdy-teater
R190-R270 | R220-R300 by die deur
Geen o.13 (G)

(A)

Daniel Anderson



DIE SPREEKKAMER THE SPEAKING ROOM

DRAMA

Met **Pietie Beyers**

'n Terapie-uitstalling. Vy afsprake. Mense en hul dinge. 'n Terminale diagnose oortuig 'n vrou haar sensitiewe man is die oorsaak van haar vervelige lewe. 'n Angstige alleenloper voel vasgevang in sy kindertyd. 'n Diep gelowige vrou besoek die "kopdokter" op aandrang van haar dogter. 'n Obsessiebelaaide jong volwassene voel sy ma wil hom doelbewus verkeerd verstaan. 'n *People-pleaser* se woede is die wêreld se skuld.

Vervaardigers **Almero Welgemoed,**
Pietie Beyers

Regisseur, skrywer en oorspronklike
musiek **Almero Welgemoed**

13 OKT 11:00 | 14 OKT 15:30

15 OKT 19:30

60 min | Adam Small-laboratorium
R170-R190 | R200-R220 by
die deur | Geen o.13 (T)

(A) (E)

Pietie Beyers



EEN VIR MY BABY!

MUSIEKTEATER

Met André Terblanché, Karli Heine

Die ouskoolse speurder Jan Brand moet die jazzsangeres Alia Vry ondervra nadat haar man, HenkieUiwe, vermoor is, maar een drankie word gou 'n paar en een liedjie vinnig drie. In hierdie maltrapverhoogavontuur kry klassieke jazztreffers 'n nuwe baadjie en word stories blitsig gespin in 'n kroegie met meer as net grondboontjies en goedkoop whisky.

Regisseur en skrywer **Dean Balie**

'n **Suidoosterfees** 21-produksie,
ontwikkel deur die **Toyota Stellenbosch
Woordfees**

11 OKT 20:00 | 12 OKT 13:00

16 OKT 16:00 | 17 OKT 14:00

60 min | Spier-ouditorium

R200-R250 | R230-R280 by die deur

(A)



Karli Heine en André Terblanché

EK IS NIE DANIE

DEBUUT | DRAMA

Met **Albert Pretorius, Schalk Joubert**

In dié eenmanstuk, geweef rondom 'n keur uit die digter Danie Marais se vier digbundels, trek Albert Pretorius die skrapnel van 'n vreesaanjaende gewone lewe skerf vir skerf uit mislukte huwelike in die buitenste ruimte van Duitsland en die bevoorregte gemors van middelklas-Suid-Afrika. 'n Storie oor ouerskap en die soekie na behoort en sin maak van 'n verlede wat die hede wurg deur 'n wit ou wat saam met sy dogter en 'n progressiewe wêreld net een ding vir Kersfees wil hê: "Om nie meer altyd te moet weet hoe 'n middeljarige wit man voel oor alles nie."

Regisseur **Nico Scheepers**

Skrywer **Danie Marais**

Musiekregisseur **Schalk Joubert**

Konsep en produksie **Niel van Deventer**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-
produksie



Albert Pretorius

14 OKT 10:00 | 17 OKT 17:00 & 20:30

18 OKT 13:00 | 19 OKT 13:00

75 min | Spier-ouditorium

R230-R300 | R260-R330 by die deur

OB (T)

(A)

EK KOOP MY EIE BLOMME KOMEDIEDRAMA

Met **Erika Breytenbach**

Miley Cyrus se "I Can Buy Myself Flowers" het 'n kreetlied vir enkellopende vroue reg oor die wêreld geword. In dié eenvrou-komediedrama deel die eiendomsagent Natalie Jackson die op-en-af van haar verhoudings, kinders, loopbaan en vrienkskappe. In haar vroeë vyftigs is sy amptelik oud genoeg vir 'n tweede of derde huwelik, jonk genoeg om nie vir apartheid geblameer te word nie en vrouw genoeg vir menopause. Natalie en haar vriendinne noem nie verniet hul WhatsApp-groep Ses-in-die-city nie! Ná jare van terapie om haar demone én die patriargie te tem is Natalie uiteindelik gereed om volgens haar eie voorwaardes te leef.

Vervaardiger **Unlikely Productions**
in samewerking met **MVG Productions**

Regisseur **Toni Morkel**
Skrywer **Mike van Graan**
Vertaler **Louise Schweikert**

11 OKT 13:00 | 12 OKT 10:00

13 OKT 16:30

60 min | Spier-ouditorium
R200-R250 | R230-R280 by die deur
Geen o.16 (S)

FEDA-WENNER DRAMA

Die Festival of Excellence in Dramatic Arts (FEDA) is meer as twintig jaar oud en dien as toonvenster vir die beste hoërskool-dramadepartemente oor Gauteng waar jong teatermakers en hul oorspronklike stories gevier word. Maak jou gereed vir die toekoms van teater: dapper, uitdagend en grensverskuiwend!

Bestuur deur **Janet Baylis,**
Philippa Sandilands

17 OKT 20:00 | 19 OKT 10:00

60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R140 | R170 by die deur

(E)

EVITA @ 90 KOMEDIE

Met **Pieter-Dirk Uys**

Evita Bezuidenhout is 90 jaar oud en word steeds gevier as die bekendste wit vrouw in Suid-Afrika. Evita glo ons moet die verlede onthou sodat ons die toekoms kan waardeer. As lid van die ANC wat vir versoeniging kook, moet Gogo Evita ook die TikTok-vrae van haar drie kleinkinders versigtig beantwoord. Sy glo ons het nie 'n kristalbol nodig om uit te vind wat vir ons voorlê nie. Die toekoms van ons demokrasie is seker – dis net die verlede wat onvoorspelbaar bly!

19 OKT 18:00

70 min | Adam Small-ouditorium
R180-R300 | R210-R330 by die deur



GEOBU SOOS STEFFI GRAF

KOMEDIE

Met **Chris Vorster**

Ná al die vreesaanjaende berigte oor Wilgenhof het ek angs en trauma uit my jare in Die Plek probeer onthou, maar ál wat my geheue kon baarsaak, was flitse van fantastiese partyjies. En dan verál die naweek saam met Steffi... natuurlik nie die regte Steffi Graf nie, daarvoor was my tennis te swak. Ek was aspris onbewus van die wêreld buite die Bos, want vir my het alles in die Bos gedraai om braaivleis, rugby, sonskyn en Wilgenhof.

Skrywers **Chris en Liza Vorster**

Regisseurs **Chris Vorster, Marion Holm**
Verhoogbestuurder **Thys Heydenrych**

'n Produksie van die **Vrystaatse Kunstefees**, moontlik gemaak deur **NATI**

17 OKT 09:30 | 18 OKT 16:30

19 OKT 10:00

70 min | Spier-ouditorium

R200-R250 | R230-R280 by die deur

Geen o.13 (T)

(A)



Chris Vorster

HORTJIES DIG: DIE STORIE VAN DIE DIGTER PETER BLUM WOORDKUNS

Met **Chris van Niekerk, Joanie Combrink**

In die jare vyftig word Peter Blum geloof as die belangrikste digterstem van die dekade, maar sommige vind sy werk "dekadent" en praat van 'n "maaierkultus" in sy verskuns. In 1960 verruil hy en sy vrou, Hetta, Suid-Afrika vir Engeland. "Uit walging," skryf hy. Hy keer sy rug op die skryfkuns, besoekers is min en Hetta se geestestoestand raak wankelrig. Met brontekste wat brieve en verse van Blum en Hetta insluit, trap ons in die spore van 'n sonderlinige figuur in ons letterkunde.

Vervaardiger **Jean Meiring**

Regisseurs en skrywers **Francois Toerien, Juanita Swanepoel**
Stelontwerp **Francois Toerien, Gaerin Hauptfleisch**



Joanie Combrink

Kostuums **Stephanie Hough**
Verhoogbestuurder **Gaein Hauptfleisch**

12 OKT 10:00 | 14 OKT 10:00

15 OKT 19:30 | 17 OKT 10:00

75 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R200 | R230 by die deur

Geen o.13 (T)

(A)

HUIS VAN SAND

DEBUUT | DRAMA

WENNER VAN DIE REINET NAGTEGAAL-TEKSPRYS 2025

Met **Tinarie van Wyk Loots**,

René Cloete, **Kristen Raath**,

Jefferson J. Dirks-Korkee

Babs en Sandy leef op die *leftovers* van hul verlede. Die vier mure van hul *caravan* ken 'n klomp geheime, en al is dit 'n *humble* huisie, is dit hul pondokpaleis. Sandy het haar swerwersbestaan langs die N7 koebaai gegroet om 'n lewe te begin in Rodney se karavaan net buite Springbok, die bottel eers gebêre om Babs groot te maak. En saam met dit kom groeipyne en erfsondes. As volwasse vrou probeer Babs haar bes om die bloed van haar herinneringe skoon te was en aan te beweeg as onderwysseres by die plaaslike laerskool. Tog haal die stofstorms haar keer op keer in. Die koue

vuur van Sandy en Babs se onthou neem die gehoor op 'n verbeeldingsvlug, 'n treinrit tot diep binne waar die grense begin grys word.

Regisseur en beligting **Wolf Britz**

Skyrywer **Dianne du Toit Albertze**

Stel- en rekwiSITE-ontwerp

Stefan Benade

Kostuumontwerp **Birrie le Roux**

Klankontwerp **Charl-Johan Lingenfelder**

Verhoogbestuur **Morag Tison**

Assistentverhoogbestuuder

Eddie Newman

Produksiebestuur **Brechmari van Wyk**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie, ondersteun deur **NATi**

11 OKT 10:00 | **12 OKT** 16:30

13 OKT 14:00 | **15 OKT** 14:00

16 OKT 20:30 | **17 OKT** 09:30

90 min | kykNet Rhenish Girl's High

R215-R320 | R245-R350 by die deur

Geen o.16 (T)



SKRYWERSNOTA

Dianne du Toit Albertze

Nes 'n kosbare erfstuk word geweld van ma na dogter oorgedra. Een geslag se vrou probeer om manlikheid in stand te hou – om haar bloukolle toe te verf en die geraamtes skoon te was en plat te stryk. Sandy probeer, maar ordentlik en 'n huisvrou is sy nie. Sy wil net Sahawi's rook, haar gebreekte hart met die bottel fix en by hulle onderstebo karavaan se venster uit dagdroom.

Dan is daar 'n ander geslag wat weer die patriarchie wil pootjie. Tong uitsteek vir die norme van 'n wêreld wat vir haar vertel sy moet onderdanig wees. En dit is Babs. Hardekwas tomboy wat as kind moles maak in die skool en nou as onderwyseres die reëls wil breek. Dít wat sy in haar dra, is te swaar. Die verlange na 'n verlede vol eelte, maar ook skoonheid. 'n Hoerkjeent-suster wat op haar sestiente verjaarsdag opdaag en vir altyd die noodlot van haar lewe verander.

Huis van sand speel af langs die N7 met lorries wat verby fluit op die *highway*. Of in hulle geval 'n meganiese treinstel wat Deddie vir haar koop en waarin sy haar kan verbeel sy kan ver weg van haar wrang hede ontvlug. Tog is hulle dae ook met die oranje en geel van lente ingekleur, die bittersoet *melodies* van Gert en Koos Doe, die diepdonker weerkaatsing van Groenplaas se damme en die xlam/vasklou aan mekaar ten spyte van die man in hul lewe wat 'n kokerboomskadu oor hulle hang.



IN DIE NAAM VAN VREDE IN THE NAME OF PEACE

Met **Diana Ferrus, Martine Zeeman,**
US Dramadepartement-studente

Die produksie oordink die lewe en hoe dit beïnvloed word deur die geskiedenis, wat weer die hede en toekoms beïnvloed – sodat die gehoor kan nadink oor hul lewe en hoe die kunste dit kan weerspieël. Hier is stories, digkuns, musiek én dans.

Regisseur **Martine Zeeman**
Skrywers **Diana Ferrus, Martine Zeeman**
Musiek **Charles Louw**

14 OKT 11:00 | 50 min | Fismer
R150-R200 | R180-R230 by die deur

(A) (E)

JOSHLIN: MEER AS 'N NAAM DEBUUT | DRAMA

Met **Bronwyn Damon, Chriswill Kotze,**
Janru Steenkamp, Mahlatse Molubi,
Maundrey Jantjies, Michael Ruzvidzo,
Ronald Theron

Die blougroenoog kind is weg. Die kind verdwyn in die donker van 'n land wat haar versakaat het, in die skaamte van gemeenskappe wat wegkyk. Die kind wat huil onder geweld, wat skuil in die skadu van onreg, wat leef in die gewete van 'n samelewings... Die kind is nie dood nie. Die kind is weg. Verryk in gemeenskappe, roep uit op selfone en spook in die gange van ons parlement. Waar is ons geregtigheid?

Regisseur **Janice Honeyman**
Skrywer **Herschelle Benjamin**
Assistentregisseur, choreograaf **Byron Klassen**

Moontlik gemaak deur die **Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)**
Aangebied met ondersteuning van **Tribuo**
en die **Proscenium-dramakompetisie**

11 OKT 17:30 | 12 OKT 13:30
13 OKT 17:30
60 min | kykNET Rhenish Girls' High
R150-R220 | R180-R250 by die deur

JOE BARBER 25 KOMEDIE

Met **Oscar Petersen, David Isaacs**

Die ikoniese Kaapse komedie *Joe Barber* is 25! Boeta Gamat en Boeta Joe van die geliefde barbierswinkel keer terug saam met gewilde karakters soos Washiela en Outjie om dié mylpaal te vier met 'n versameling nuwe avonture en staaltjies.

Regisseur **Lara Bye**

11 OKT 16:30 & 19:00
75 min | HMS Bloemhof-sentrum
R150-R250 | R180-R280 by die deur
OB (T)

(A) (E)



David Isaacs en Oscar Petersen

DIS HULLE WAT DIE WIND LAAT WAAI!



Suidooster

Weeksdae

18:00

kykNET
Kanaal 144

Weeksdae

18:30

&KIE
Kanaal 145



KINDERLÉ

DEBUUT | DRAMA

**Met Miché van Wyk, Theodore Jantjies,
Lynette du Plessis, Damian Jacobs**

'n Wrok, sê hulle, is 'n seer ding om te koester. Namas en Boesmans is mos vreesame mense. Só teken die wit mense hulle op. Hulle bakleie nie. Hulle gee af as daar moet afgegee word en hulle vat nie. Soos Hanna het Maria 'n kjeent by God gesmeek en God het gegee. Dawid en Maria is vir Dammas gegee. Op 'n Sondag in 1867 word hulle kamp, Nona-Ams, deur Boesmans oorval terwyl die grootmense 'n kerkiens op Besonderheid bywoon. 32 Nama-kjeeners, hulle oppassers en honde word doodgemaak. Dieselfde God wat vir Dawid en Maria gegee het, vat vir Dammas en 31 annen Nama-kjeeners terug. En gee en terugvat is erger as steel. Dié stuk bied 'n Noord-Kaapse geskiedenis wat nie alombekend is nie. Met kwessies oor ma-wees, ouer-wees, geloof en 'n tragiese geskiedenis wat se letsels nou nog op Namakwaland se rug lê.

Skrywer Lynthia Julius
Regie en ontwerp Lee-Ann van Rooi
Belibgingsontwerp Alfred Rietmann
Verhoogbestuurder Charlene Colling
Klankbaan Carl Julius
Choreograaf Grant van Ster
Produksiebestuur BOSSIKOP Productions

'n Ko-produksie van die **Stellenbosch Toyota Woordfees** en **Suidoosterfees**, ondersteun deur **NATi, Festival Enterprise Catalyst (FEC)** in samewerking met die **Jobs Fund**

13 & 14 OKT 19:00 | 16 OKT 16:00
18 OKT 09:30 | 19 OKT 18:00
 70 min | Idasvallei Primêr
 R180-R265 | R210-R295 by die deur
 Geen o.13



SKRYWERSNOTA

Lynthia Julius

Hierdie toneelstuk handel oor die lewe van Namas wat in 'n kamp, Nona-Ams, buite Steinkopf in Namakwaland bly. Gedurende die 19de eeu het die gebied rondom die sendingstasie by Steinkopf 'n ernstige droogte beleef en vele gesinne het met hul vee weggetrek na 'n bron sowat 12 km buite die dorp. Een Sondag in 1867 toe die grootmense 'n kerkiens op Steinkopf bygewoon het, is Nona-Ams deur 'n groep Boesmans oorval wat 32 Nama-kjeeners, hul oppassers en selfs hul honde doodgemaak het.

Ek was verbaas toe ek op hierdie inligting afgkom omdat niemand in Namakwaland my ooit daarvan vertel het nie. Selfs toe my tweede digbundel, *Kinderlē*, vroeg in 2024 verskyn en 'n Namakwalandse joernalis 'n onderhoud met my gevoer het, het sy nie dié geskiedenis geken nie. As 'n vrou met Nama-bloed in haar are het ek dit my plig gemaak om die geskiedenis van my mense op te neem en oor te vertel deur my skryfwerk.

Die kwessies wat ek wil aanroer, is die konflik tussen inheemse groepe in Suid-Afrika, wat jare lank opgeteken is as vreesame mense wat nooit konflik gehad of veroorsaak het nie. Wat ook vir my van belang is, is om dié Noord-Kaapse storie te vertel uit die perspektief van 'n bruin vrou met Nama-voorsate wat self al 'n kind verloor het. Die stuk bied 'n blik op kultuur en een van die grootste verliese van Namakwaland wat steeds nie bespreek word tussen die Nama- en Boesman-nasate nie.

My hoop is dat die lewe en tragiese verlies van 32 Nama-kjeeners en hulle oppassers nie verbygekyk moet word of verlore gaan in die Afrikaanse literatuur en toneelwêreld nie. Dit is 'n stuk oor geskiedenis, maar ook oor die lewe, liefde, moederskap en verlies.

KOMPOUN

DRAMA

Met **Melissa de Vries, Angelo Bergh**

In dié verhoogverwerking van Ronelda Kamfer se roman word die aangrypende verhaal van die McKinney-familie van Groenplaas deur twee kleinkinders, Nadia en Xavie, vertel. Temas soos onskuld, deursettingsvermoë en familievettes word verken binne die ongenaakbare Suid-Afrikaanse konteks. Die stuk word in 'n "sirkel" aangebied met 'n plaashek wat die gehoor toegang gee tot die innerlike én eksterne faktore wat die karaktere se lewe beïnvloed asook hulle keuse om uit hul chaotiese bestaan te ontsnap. Die vervraging van persoonlike ervarings en kulturele nuanses belig die skoonheid en kompleksiteit van Afrikaaps.

Vervaardiger **BOSSIKOP Productions**

Regisseur, stelontwerp **Lee-Ann van Rooi**
Verwerker **Jolyn Phillips**, gegrond op die roman van **Ronelda Kamfer**

Beligtingsontwerp **Alfred Rietmann**

Verhoogbestuur **Seth Cloete**

'n Koproduksie van die **Suidoosterfees**,
Toyota Stellenbosch Woordfees
en **KKNK**, ondersteun deur **NATI**,
Het Jan Marais Nasionale Fonds,
Festival Enterprise Catalyst (FEC)
in samewerking met die **Jobs Fund**

16 OKT 11:00 | 17 OKT 14:30 & 18:00

18 OKT 11:00 | 19 OKT 13:00

70 min | Adam Small-laboratorium

R180 | R210 by die deur

Geen o.16 (G, T)


(A)

KUNS'

KOMEDIE

Met **Wessel Pretorius, Ludwig Binge, Wilhelm van der Walt**

Buitendat smaak verskil, is daar al menige argumente gevoer oor wat kuns is – laat staan nog góéie kuns! Die vriendskap van drie ou vriende – Serge, Marc en Yvan – word tot die uiterste beproef wanneer Serge 'n groot, duur skildery



Angelo Bergh

koop. Uiteenlopende menings oor Serge se kopie kring gou veel wyer uit as bloot net 'n waardeoordeel oor kuns. Yasmina Reza, een van die mees gevilde kontemporêre Franse dramaturge, se vlymskerp *Art* is een van die suksesvolste komedies in eitydse teater. Dit is al in 20 tale vertaal en het onder meer 'n Laurence Olivier- en 'n Tony-prys gewen. Dié produksie is bekroon met vyf Kanna-toekennings, onder meer vir beste produksie, beste ensemble, beste ontwerp en beste akteur.

Regisseur en ontwerp **Marthinus Basson**

Skrywer **Yasmina Reza**

Vertaler **Naòmi Morgan**

Beligtingsontwerp en verhoogbestuurder

Nicolaas de Jongh

Assistent-verhoogbestuurder

Jean du Plessis

'n **KKNK-produksie**, ondersteun deur **NATI**

13 OKT 13:00 | 14 OKT 20:30

16 OKT 17:00 | 17 OKT 09:30

18 OKT 13:30 | 19 OKT 14:30

90 min | Adam Small-ouditorium

R180-R300 | R210-R330 by die deur

Geen o.16 (S)

(A)

LIEFDE, LAFRAS

DEBUUT | DRAMA

Met **Antoinette Kellermann**,
Gerben Kamper

Lafras sterf, maar verlaat nooit die huis nie. Nou sukkel Gertie om haar lewe met haar man se spooklewe te versoen. Elke gesin het sy spoke, maar hierdie een kan ongelukkig nie bly nie. Namate hulle 'n tweede wittebrood in hul huwelijk beleef, verloor Lafras stadigaan sy krag en teenwoordigheid en bevraagteken alles van God tot liefde en die sin van die lewe. Gertie weet wat sy moet doen, en ten spyte van Lafras se protes besluit sy

om 'n slag beheer oor haar lewe te neem. 'n Lewe sonder Lafras is immers nie die moeite verd nie...

Regisseur **Wolf Britz**

Skrywer **Caitlin Wiggil**

Vertaling **Antoinette Kellermann**

'n **Toyota Stellenbosch Woordfees**-produksie

13 OKT 10:00 | **15 OKT** 18:00

16 OKT 16:30 | **17 OKT** 16:30

18 OKT 20:30 | **19 OKT** 10:00

80 min | kykNET Rhenish Girls' High

R215-R320 | R245-R350 by die deur

(A)



LIEFDESBRIEWE DRAMA

Met **Elzabé Zietsman, Hannes Muller**

Liefdesbriewe is 'n roerende tragikomiese ondersoek na verlore geleenthede, onuitgesproke liefde en verwikkeldle vryheidskap tussen die karaktere Melissa en André wat uitspeel deur 'n reeks brieve, kaartjies en notas wat hulle oor vyf dekades vir mekaar skryf en waarin hulle hul diepst gedagtes, drome en emosies deel.

Vervaardiger **Drama Drama**

Regisseur **André Odendaal**

Skywer **A.R. Gurney**

Vertaling en verwerking **Elzabé Zietsman**

Produksiebestuurder **Johann Slabbert**

Verhoogbestuurder **Jeanellé Strydom**

'n **Drama Drama**-produksie, moontlik gemaak deur die **KKNK** en die **Suidoosterfees**

14 OKT 10:30 | 15 OKT 16:00

16 OKT 13:00 | 17 OKT 12:30 & 16:00

90 min | Adam Small-ouditorium
R220-R320 | R250-R350 by die deur
OB

MAGDA EN HAAR ERHARD: HOW 'LOUW' CAN YOU GO? KOMEDIE

Met **Desiré Gardner, Hannes van Wyk**

Magda en Erhard het 'n goeie show beplan wat dalk selfs vir 'n prys benoem kan word. Maar die ou man vergeet heeltyd waar hy moet inkom en arme Magda moet net vure doodslaan. Selfs die dans is maar louwarm – met die klem op Louw. Hulle gesels oor die kuns van die lewe, die fases van oudword, hoe ons almal met die verfpot in die hand staan en eers buite die lyne inkleur tot die kwast uiteindelik droog word en ons nie meer kan dink aan prentjies om te teken nie. Maar ten minste kan ons dié wat daar is, nog bewonder...

Vervaardiger **Artist Warehouse**

Skywer **Desiré Gardner**

Produksiebestuurder **Nelius Ferreira**
Verhoogbestuurder **Gerrie Visser**

16 OKT 12:00 & 18:30

60 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R280 | R210-R310 by die deur
Geen 0.13 (T)

(A)

Hannes van Wyk en Desiré Gardner



MARC EUGENE LOTTERING**STANDUP**

Marc Eugene Lottering is die komedian **Marc Lottering** se jongste solovertoning wat baie van sy aanhangars as sy beste werk tot nog toe beskou. Lottering neem die gehoor op 'n skreeusnaakse persoonlike reis – van sy ma wat hom as kind oortuig het hulle is oorspronklik "blonde German Caribbeans" tot sy toelating tot die SA Comics Choice Hall of Fame. Die vertoning is vir 'n Naledi-toekenning benoem en het die Kanna-toekenning vir beste komedie-aanbieding gewen.

Regisseur **Anwar Mc Kay**

13 OKT 19:30

85 min | Spier-amfiteater
R160-R280 | R190-R310 by
die deur | Geen o.16 (T)

(A) (E)



Marc Lottering

MARION MONROE**KOMEDIE**

Met **Marion Holm**

"What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell just as sweet," skryf William Shakespeare. Is Marion Holm dus steeds Marion Holm, al noem mense haar Nicole Holm? Bly Marion 'n vrou, al noem mense haar meneer? Wat maak Marion Marion? Wat maak jou jy? Kom kry die antwoorde in *Marion Monroe* waarin Holm weer stories vertel met haar tipiese Holm-eerlikheid en -heerlikheid om haar punt oor te dra. Maar wees gewaarsku: Dit is nié 'n tragedie nie, net 'n komedie.

Vervaardiger **Handyminds**


Regisseur **Chris Vorster**

Skrywers **Marion Holm, Chris Vorster**

18 OKT 12:00

65 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R220 | R210-R250 by die deur

(A)



MEL VERTEL, PORTCHIE PAINT! WOORDKUNS

Met **Mel die Storieverteller, Portchie**

Portchie en Mel ken mekaar glad nie en het ook geen gemene delers nie – behalwe dat Mel al blou hare gehad het en Portchie graag blou bome verf. Tog wou hulle albei deel wees van die Woordfees en daarom deel Portchie graag sy ateljee met Mel. Mel sing, Portchie speel klavier en saam praat die twee die land aan die brand. Kom sing en lag saam en wees deel hiervan!

12 OKT 19:00 | 14 OKT 19:00

70 min | Maria's Manor
R250 | R280 by die deur

(A)

MOEDSWIL EN MUITERY KOMEDIE

Met **Albert Pretorius, Brendon Daniels, Nicole Holm, Dean John Smith**

Die Hertzogpryswenner Ingrid Winterbach bied in haar jongste teaterstuk 'n oneerbiedige blik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, kolonialisme, ontbering en private plesiertjies. J.R. en sy vrou,

Maria, is per skip op pad na die Kaap om 'n verversingstasis te vestig. Blussing-Fermaak, 'n verstekeling op die skip, dreig om die sending te kaap en die skip na die Kongo te neem om van daar met slawe handel te dryf, of dalk 'n kruidenierskettingwinkel te open. Teatergangers kan hulle gereed maak vir 'n drama waarin alles nie altyd is wat dit voorgee om te wees nie. Met Winterbach se eiesoortige humor en 'n rolverdeling met topakteurs onder spelleiding van Tinarie van Wyk Loots, is hierdie 'n hoogs vermaaklike teaterervaring. Nie vir die fynbesnaardes nie.

Vervaardiger **KKNK**

Regisseur en ontwerper

Tinarie van Wyk Loots

Skyrywer **Ingrid Winterbach**

Verhoog- en produksiebestuur

Cole Wessels

'n Ko-produksie van die **KKNK** en die **Toyota Stellenbosch Woordfees**, ondersteun deur **NATI**

14 OKT 20:00 | 16 OKT 14:00

17 OKT 10:00 & 13:00

18 OKT 09:30 | 19 OKT 19:00

60 min | Open Window Filmstudio
R220-R300 | R250-R330 by die deur
Geen o.16 (G, S)

(A)

Nicole Holm



MOFFIE

DRAMA

Met **David Viviers**

Dié kragtige verhoogverwerking van André Carl van der Merwe se roman is in 2024 by sy wêreldpremière in Londen vyf sterre van *The Guardian* gekry.

Moffie word beskryf as 'n boeiende verkenning van identiteit, manlikeid en oorlewing in die brutale wêreld van militêre diensplig in die 1980's waar konformiteit wet was en andersheid met geweld begroet is. Onder regie van Greg Karvelas sorg David Viviers vir 'n dapper teaterervaring wat onderdrukking, begeerte en die blywende letsets van geïnstitutionaliseerde geweld konfronteer.

Regisseur **Greg Karvelas**

Verwerker **Philip Rademeyer**, gegrond op die boek van **André Carl van der Merwe**

Stel-, beligting- en kostuumontwerp

Niall Griffin

Klankontwerp **Charl-Johan Lingenfelder**

Moontlik gemaak deur **The Common Humanity Arts Trust (CHAT)**

12 OKT 09:30 | **13 OKT** 20:30 | **15 OKT** 10:00

17 OKT 13:30 | **18 OKT** 13:00

120 min | kykNET Rhenish Girls' High

R180-R280

R210-R310 by die deur

Geen o:13 (G, T, V)

(A) (E)



MY NAME IS LUCY BARTON

DRAMA

Met **Julie-Anne McDowell**

Die Pulitzer-pryswenner Elizabeth Strout gee in dié verhoogverwerking van Rona Munro se roman gestalte aan die teerste van alle verhoudings – dié tussen ma en dogter. *My Name is Lucy Barton* is die verhaal van 'n skrywer wat rekenskap gee van die nalatenskap van 'n geskele gesinslewe. Die stuk is vir enigiemand wat wonder hoe 'n mens deur jou familie

bepaal word. Dit is 'n kragtige narratief van hoop en oorwinning oor 'n vrou wat haar eie waarheid vind.

Vervaardiger **How Now Brown Cow Productions**

Regisseur **Charmaine Weir-Smith**
Produksie-ontwerp **Kieran McGregor**
Verhoogbestuur **Erin Hrustinszky**

11 OKT 10:00 | **12 OKT** 20:00

13 OKT 13:00

80 min | Spier-ouditorium

R200-R250 | R230-R280 by die deur

Geen o:13

(E)

NIC DE JAGER: IN MY EIE WOORDE WOORDKUNS

Met **Nic de Jager, Coenie de Villiers**
(aanbieder)

Nic de Jager, aanbieder van die geliefde radioprogram *Nic se goed*, gesels weer oor sy ánder goed. In dié eenmalige aanbieding lig Frederik Nicolaas de Jager ná bykans 85 jaar die sluier en praat self oor sy liefdes, ervarings, teleurstellings en suksesse. Hy is 'n verteller soos min en 'n stylvolle raconteur wat nie skroom om die kollig hierdie keer op homself te rig nie. Die grepe uit sy lewe is onthutsend eerlik en terselfdertyd diep roerend. Dis Nic de Jager op sy beste: eerlik, spitsvondig en wel ter tale – met 'n sak wonderlike stories op die koop toe.

Musiek **Coenie de Villiers**
Vervaardiger **Tale Be Told Productions**
Regisseur **Ingrid Howard**
Beligtings- en projeksieontwerp
Loui Griebenow

13 OKT 15:00

70 min | Drostdy-teater
R250-R280 | R280-R310 by die deur A

NIK RABINOWITZ: GERIATRIC MILLENNIAL STANDUP

Nik Rabinowitz keer met 'n triomfantelike huppel in sy stap terug na die Woordfees-verhoog met hierdie nuwe standup-vertoning, wat saamgevat kan word met die frase "Niks was ooit weer dieselfde nie" – wat ook sy knieë, sekslewe en sy vermoë om ná 21:00 wakker te bly beskryf. Kom lag gerus jou rug in 'n spasma in!

15 OKT 20:00

70 min | Spier-amfiteater
R160-R280 | R190-R310 by die deur
Geen o.16 (T) E

OESIE MEENSE KOMEDIE

Met **Danneline Ramsden,**
Reynard Karsten


Oesie meense is eg en enig in hul soort. Ons mense se stories is kleurryk en inmekaa geuef soos 'n lappieskombers. Ons stories vul mekaar aan. Kom geniet oorspronklike Namakwalandse stories en musiek langs die vuur saam met Danneline Ramsden en Reynard Karsten.

Regisseur **Jeremeo le Cordeur**
Skrywer **Danneline Ramsden**
Musiek **Reynard Karsten**

19 OKT 11:00

60 min | Fismer
R150-R200 | R180-R230 by die deur A

Nik Rabinowitz



ONT-
DRAMA

Met Wian Taljaard

Ont- is 'n solostuk wat die grootwordproses van 'n jong Afrikaner ontleed. Die verteller staan op die drumpel van selfaanvaarding en bevryding, maar moet eers 'n bestekopname doen van die herinneringe uit sy kinderjare en die spoke van sy ouers. Hy lê verskeie grepe soos familiefoto's voor die gehoor se voete neer en neem hulle op 'n reis van verlies, ontnugtering, identiteit, pyn en vreugde. *Ont-* is die eerste keer in 2011 opgevoer en het vyf jaar lank plaaslik en internasionaal getoer (in Engels as *Undone*) en onder meer vier Fiësta-pryse, 'n Woordtrophee en 'n goue Standard Bank Ovation-prys gewen. In dié herbesoek word die verhaal, karakter en fiktiewe herinneringe deur 'n meer volwasse lens bekyk.

Vervaardiger, regisseur en skrywer

Wessel PretoriusVerhoogbestuur en beligting **Wicus Louw****16 OKT 20:00 | 18 OKT 09:30****19 OKT 16:30**

75 min | Spier-ouditorium

R200-R250 | R230-R280 by die deur
OB

(A)

PHARANOID

KOMEDIE

Met Ntobeko Ximba

Are you ready for a pharadigm shift? Let's pharambulate on the pharameters of pharaffin together! What is iPhara? And why are South Africans so Pharanoid? In sy eenmandebuit onder regie van die teatermaker Andi Colombo beantwoord die Kaapse komedian Ntobeko Ximba hierdie en ander vrae oor wat dit beteken om Suid-Afrikaans te wees.

Regisseur **Andi Colombo**Skrywer **Ntobeko Ximba****16 OKT 20:30 | 18 OKT 12:30**50 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180 | R210 by die deur
Geen o.13 (T)

(E)

Ntobeko Ximba

PLANEET BABA

DEBUUT | KOMEDIE

Met **Mandri Sutherland**,
Len-Barry Simons

'n Broer en suster speel die lewensverhaal van hul ma en pa uit, maar is hulle in beheer van die narratief of beheer die narratief vir hulle? Die twee probeer sin maak van die liefde en die lewe, maar bevind hulle in 'n siklus van herhaling waaruit hulle nie kan breek nie. Is hulle in dié delikate draadwerk van liefde besig om iets nuuts te skep, of is hulle deel van iets gevaaarliks wat nie gekeer kan word nie?

Skrywers **Mandri Sutherland**,
Len-Barry Simons

Stelontwerp **Nicolaas de Jongh**

Kostuums **Leonie van der Vyver**

Verhoogbestuur **Jeandré Hammond**

11 OKT 14:00 | 15 OKT 20:30

16 OKT 13:00

75 min | kykNet Rhenish Girls' High
R200-R260 | R230-R290 by die deur
Geen o.16 (T)

PREMIÈRE-WENNER

STUDENTEATER

In die wenproduksie van die jaarlike Première-teaterfees kan die beste opkomende akteurs, skrywers en regisseurs van die US se dramadepartement gesien word. Wat gewaarborg is in dié toonvenster vir die volgende geslag teatermakers is boeiende storievertelling en uitsonderlike toneelspel. Meer as 80 studente in 12 produksies het aan vanjaar se fees deelgeneem.

12 OKT 18:30 | 14 OKT 21:00

50 min | Adam Small-laboratorium
R140-R200 | R170-R230 by die deur

RESCUE REMEDY

KOMEDIEDRAMA

Met **Roland du Preez**

Niemand het 'n gemaklike verhouding met hulle pa nie. *Rescue Remedy* is 'n moffiekind se snaakse, tragiese poging om hul Pappa halfpad te ontmoet – letterlik langs die N2. Al is dit 'n plofbare verhouding van liefde, misverstand en woede, kan 'n mens agterna daaroor lag. Die stuk laat die kollig val op queer mense in hedendaagse Suid-Afrika, die trauma van 'n soldaat en geestesgesondheid. Kan Pappa en kind hul ego's eenkant sit? Dalk is daar tóg hoop. Liefde is oorgenoeg rede om aan te hou praat...

Regisseur **Tailyn Ramsamy**

Skrywer **Roland du Preez**

13 OKT 18:30 | 14 OKT 12:00

15 OKT 17:30

50 min | Adam Small-laboratorium
R140-R200 | R170-R230 by
die deur | OB (T)

(A) (E)

Roland du Preez



RIAAD MOOSA: WHAT'S THE POINT? STANDUP

Die bekroonde komediant, aanbieder, skrywer en akteur dr. Riaad Moosa is terug met 'n splinternuwe komedieprogram waarin dié "comedy doctor" weer medisyne en humor naatloos vermeng. Hy neem gehore op 'n skreeusnaakse en prikkelende reis terwyl hy worstel met die absurditeit van die lewe en die chaotiese toestand van die wêreld - 'n meesterklas in komedie deur een van Suid-Afrika se mees geliefde kunstenaars.

18 OKT 20:00

90 min | Spier-amfiteater

R160-R280 | R190-R310 by die deur

Geen o.13 (T)

(E)



SCHALK BEZUIDENHOUT: MAMMA SE GROOT SEUN STANDUP

Op 32 is Schalk Bezuidenhout steeds mooi en nou ook volwasse. Noem hom sommer mamma se groot seun. Schalk raak soos die goeie rooiwyn wat hy graag drink: al hoe beter met die jare wat verbygaan. En snaaker. So wees lekker, koop 'n kaartjie en trakteer jou lagspiere (dit sit glo in jou maag, toe ons laas gekyk het) in die geselskap van een van Suid-Afrika – ag sommer die wêreld – se topkomediante. Slegs een vertoning by die Woordfees.

Vervaardiger **Erns Grundling**

11 OKT 19:00

70 min | Spier-amfiteater

R160-R280 | R190-R310

by die deur

Geen o.13 (T)

(A)



SEUN DRAMA

Met **Wilhelm van der Walt**

Dana Snyman deel in *Seun* die deel van sy storie waaroer hy nog nooit gepraat het nie: sy ervarings in die 1980's. Dit is die tyd van P.W. Botha se vinger, die Voëlvrytoer, AWB-saamtrekke, onderhandelings en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag, maar eers maak hy 'n draai in Saal 24. Dié rou, selfonthullende memoires vra: Hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie? *Seun* is 'n aangrypende relasie oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke stelsel, oor manlikheid en oor eer, en oor die liefde wat uiteindelik alles oorkom.

Vervaardiger **Leftfoot Theatre Productions, Innibos**
Regisseur **Nico Scheepers**
Verwerker **Johann Smith**, gegrond op die boek van **Dana Snyman**
Oorspronklike musiek **Kate Borthwick**
Verhoogbestuur **Jean du Plessis**

Moontlik gemaak deur **NATI, Innibos**

14 OKT 15:00 | 15 OKT 20:30

17 OKT 15:00 | 19 OKT 10:00

75 min | Idasvallei Primêr

R200-R250 | R230-R280 by die deur

(A)

Wilhelm
van der Walt



THE FUGUE OF TJEBO LANG DRAMA

Met **Cheshire V, Sizwesandile Mnisi, Lukhanyiso Skosana, Tylo Ras, Muzaffar Hendricks**

Ná 'n konfrontasie oor sy losbandige leefstyl verklaar prins Anom van Java rebels teenoor sy pa, die sultan: "Ek sal jou wys, Vader, dat die buitensporighede van my lewe my eendag tot die wetenskap van geluk sal lei." Anom roep drie hofdigters byeen om 'n tydlose verhaal te skep wat gehore sal betower. Hierdie wilde en visueel ryk verhaal, *The Fugue of Tjebolang*, is 'n speelse verwerking van dele van die bekende Javaanse epos *The Surat Centhini* wat handel oor liefde, queerness, begeerte, vreugde en bevryding, maar hier aangebied met 'n vars, hedendaagse aanslag.

Regisseur **Rehane Abrahams**
Skrywer **Mandla Mbothwe**
Oorspronklike klankbaan **Julia Theron, Denise Onen**
Video-ontwerp **Nicola Pilkington**
Choreografie **Ina Wichterich**
Vervaardig deur **National Arts Festival** en die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** in samewerking met **die Jobs Fund**

16 OKT 19:00 | 17 OKT 11:00

18 OKT 15:30 & 18:30 | 19 OKT 16:00

80 min | Adam Small-laboratorium

R180 | R210 by die deur

Geen 0.16 (T, S, D)

(E)

Lukhanyiso
Skosana





THE MOON LOOKS DELICIOUS FROM HERE

DRAMA

Met **Aldo Brincat**

Die internasional bekroonde *The Moon Looks Delicious From Here* is 'n teatrale kragtoer vol drama en patos wat temas van identiteit, erfenis en seksualiteit deur die oë van 'n eerstegeslag-Suid-Afrikaner ondersoek. Die dramaturg Aldo Brincat is daardie eerstegeslag-Suid-Afrikaner met Mauritiaanse, Egiptiese en Maltese wortels. Hy word in die middel van die 1960's in Suid-Afrika gebore en beleef saam met sy familie die knellende greep en uiteindelike ineenstorting van apartheid.

Regisseur **Sjaka Septembir**

Skyrywer **Aldo Brincat**

Musiek (komposisie en uitvoering) **Bongeziwe Mabandla**

Assistentregisseur **Caroline Esterhuizen**


11 OKT 20:00 | **15 OKT** 16:00 | **17 OKT** 12:30

60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R200 | R230 by die deur

Geen o.13 (T)

(E)



THE UGLY NOO NOO

BEWEGINGSTEATER

Met **Andrew Buckland**

Die verhaal van 'n man se ontmoeting met 'n berugte Parktown prawn wat veral in die 1980's en 1990's amok gesai het in Johannesburg. Deur skerp satiriese kommentaar en komiese detail ondersoek dit die verhouding tussen vrees en mag in die alledaagse lewe terwyl dit die gehoor op 'n onvergetelike reis deur die donker onderbuik van die voorstede neem. Die stuk het destyds 17 nasionale en internasionale pryse gewen, onder meer 'n Fringe First-prys by die Edinburg-fees, waar dit ook die Perrier Pick of the Fringe-korthys gehaal het.

Regisseur **Janet Buckland**

11 OKT 17:00 | **12 OKT** 13:30

13 OKT 16:00

60 min | Adam Small-ouditorium

R180-R300 | R210-R330 by die deur

Geen o.13

(E)



Tollie Parton

TOLLIE PARTON: HOOFSEUN STANDUP

Met **Wynand Kotze**

Hoofseun is 'n hoogs aansteeklike, komiese, semi-aanstootlike kykie na wat dit werkelik beteken om as 'n *drag queen* deur 'n klein Afrikaanse dorpie se verwagtinge in die gesig gestaar te word. Wynand Kotze, voormalige hoofseun van die Hoërskool Vanrhynsdorp, is nou 'n fopdosser met die naam Tollie Parton. Hoe gebeur so iets? En die grootste vraag: Hoekom bly mense dink sy is Casper de Vries met (groter) pramme? *Hoofseun* is propvol persoonlike stories oor haar dae as hoofseun, haar familie, en haar ervarings binne die Afrikanergemeenskap. Van hoofseun tot hoofmeisie... hier kom vet pret! Skuus. 'n Mens mag nie meer vet sê nie. Die pret het 'n growwe beenstruktuur.

Medeskrywer **Anne Hirsch**
Musiek **Loki Rothman**

18 OKT 20:00

70 min | HMS Bloemhof-sentrum
R230-R340 | R260-R370 by die deur
Geen o.18 (T, V)

(A)

VANNIE WAL, AF.

DRAMA

Met **Angelo Bergh, Dean Smith**

Lover's Lane op Stellenbosch is die enigste plek waar Adam, 'n eerstejaar, en Jethro, wat met sy meestersgraad besig is, veilig voel teen 'n onregverdigte wêreld. Hier deel hulle gesteelde oomblikke in mekaar se arms. Maar die liefde en vertroosting wat hulle in die mees romantiese plekkie in die studentedorp vind, word getoets wanneer geheime en leuens kop uitsteek.

Regisseur **Amelda Brand**
Skrywer **Mikyall Harris**

'n Suidoosterfees NATi Jong Sterre-produksies, moontlik gemaak deur NATi, die **Jakes Gerwel-stigting, Kunstekaap**

15 OKT 20:00 | 18 OKT 20:30

50 min | Spier-ouditorium
R180-R250 | R210-R280 by die deur

(A)

VELDHOSPITAAL

VISUELE KUNS EN FISIEKE TEATER

Almal is moeg, siek en sat, lê met 'n eina-pyna hart, effens mal, huilerig, gee moed op... en voel genoeg is genoeg. Toe besluit ons om saam 'n Veldhospitaal te bou waar ons as sukkelende kreatiewe liggame net 'n drup of 'n drukkie of íéts kan kry. 'n Plek waar ons waardere kan leef en stories saam kan weef. Dít is die medisyne!

Die Veldhospitaal is 'n ervaring, 'n avontuur na die binnewêreld. Dit is 'n lewende kunswerk wat ontstaan uit individuele kunstenaars wat elkeen organe, liggaaumsdelle en abstraksies van menswees verteenwoordig. Die

Veldhospitaal se besoekure is van 10:00 tot 22:00 van 14 tot 19 Oktober; een feeskaartjie dek alles. Skander die QR-kode om na ons webwerf te gaan waar 'n regstreeks skedule beskikbaar is.

Ons is nie gepla met perfeksie nie, want dit is juis deur die krake waar die lig inskyn. Ons wil mekaar net so 'n bietjie vashou, 'n skouer en 'n oor wees, aan trooskos smul, alles uit die hart probeer doen, volkomme ervaar, en aanvaar en gesond word, help waar ons kan, 'n inspirasie-inspuiting gee, 'n blaaskans vir die siel wees, 'n uitroep aan die heelal maak, of 'n saak van gebed begin.

As jy nie heeltemal verstaan wat hier geskryf is nie, chillax, volg net jou instink en kom! Kom boek jouself in by die Veldhospitaal. Of bring blomme en 'n beterskapkaartjie saam as jy wil. Hoe ook al, 'n kopdraai-bohaai sal dit bly.

14 tot 18 OKT 10:00-22:00

19 OKT 10:00-18:00

Libertas-plaas

Weekkaartjie R1000 | Dagkaartjie R500

Halfdagkaartjie R250

(Jy sal weer wil kom, so koop maar die weekkaartjie.)



dans



BEYOND: A FANTASY CIRQUE EXPERIENCE

**Met Studente van die Luitingh
Alexander Musical Theatre Academy
(LAMTA), Followspot-produksies**

Maak jou reg om meegevoer te word deur die betowlerende fusion van dans, musiek en die mistieke. 'n Produksie wat konvensionele grense uitdaag en die kyker nooi om die buitengewone te verken. In *Beyond* word verbysterende choreografie gekombineer met elemente van cirque, clowning, vaudeville, burlesque en boeiemende stemharmonieë. Verwag die onverwagte.

Aangebied deur **LAMTA**
Regie **Anton Luitingh, Duane Alexander**
Choreografie **Duane Alexander, Jared Schaedler, The Outlore, Michelle Reed, Robin van Wyk, Anna Olivier, Naoline Quinzin, Ash Searle, Chesney Stanfield, Emile Petersen**
Musiekregisseur **Anton Luitingh**
Kostuumontwerp **Frankie van Straten**

15 OKT 20:30 | **18 OKT** 17:00 & 20:00
90 min | Adam Small-ouditorium
R190-R290 | R220-R320 by die deur

E

CAPE BALLET AFRICA: SALT

Met Cape Ballet Africa

Sout resoneer op vele vlakke met ons daaglikse bestaan. Dit geur, suiever, genees en presvere. Dit is ook van belang in antieke rituele waar dit boosheid awfwer, veiligheid bied en ons inspireer tot 'n hoër spirituele vlak. Die balletstukke in *SALT* is aangrypend, sag, stylvol, feestelik en perkussiegedrewe. Maak ja reg vir sterk atletiese pointe-werk, verbysterende pas de deux en lywe wat lieflik oearkituleerd beweed.

Regisseur Debbie Turner

14 OKT 17:00 | **16 OKT** 20:30
17 OKT 20:00
90 min | Adam Small-ouditorium
R190-R290 | R220-R320 by die deur

DIE EEN WAT BLY

**Met Grant van Ster, Shaun Oelf,
Daneel van der Walt**

Die een wat bly is deels droom en deels getuienis, en gebruik die geselskap se persoonlike herinneringe as vertrekpunt om die verwikkeld verhouding tussen ma's en seuns te skets. Dié samevoeging van dans, fisieke teater en drama wentel om 'n danser wat sy moeder aan die dood afstaan en wandel deur die flitse van sy geheue om tot verhaal te kom oor sy verlede, identiteit, familie en toekoms. Die stuk is vir ses Kanna-toekennings benoem.

Regisseur en skrywers
Wessel Pretorius en geselskap
Choreografie **Figure of 8 Dance Theatre**,
Natalie Fisher
Stel- en beligtingsontwerp
Gideon Lombard
Verhoogbestuur en projeksie-ontwerp
Nell van der Merwe
Produksiebestuurder en vervaardiger
Marie Vogts

'n Figure of 8-produksie, in samewerking met die **KKNK** en **Suidoosterfees**. Ondersteun deur **NATI**, die **Festival Enterprise Catalyst (FEC)** en **Jobs Fund**.

15 OKT 12:00 | **16 OKT** 13:00
18 OKT 16:00 | **19 OKT** 13:00
75 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R220 | R250 by die deur
Geen o.13 (T)



ELOGIO DE LA DANZA IN PRAISE OF DANCE

Met **Nina Fourie-Gouws** (klassieke kitaar), **Renée van der Westhuizen** (viool), **Gita Galina** (ballerina), **Ché Adams** (flamenco-danser)

In dié visueel en ouditief boeiende produksie deur vier vooraanstaande vrouekunstenaars word die kunstenaarskap en elegansie van ballet en die intensiteit van kontemporêre flamenco-dans gekombineer met die ryk en virtuose klanke van klassieke kitaar en viool. Gehore word oor vier eeue se musiek weggevoer – van die majestueuse J.S. Bach en eteriese Arvo Pärt tot 'n opwindende huldeblyk aan Igor Stravinsky en sy *Die lente-offer*. Maak jou reg vir kragtige danssolo's en opwindende, dinamiese pas de deux.

16 OKT 19:00 | 18 OKT 11:00

60 min | Fismer

R185-R230 | R215-R260 by die deur

GAT PLEKSPESIFIEKE TEATER

Met **Esmé Marthinus**, **Miché van Wyk** (akteurs), **Jaime-Lee Hine**, **Georgia Julies**, **Manon-Lee Saal**, **Keeanu Samuels**, **Jered Adonis** (dansers)

GAT is 'n rou en kragtige dans-en-teaterproduksie. Op 'n bakkie vol gebede reis die groep deur emosies van swaarkry tot vreugde en gee gestalte aan hul gemeenskap se stories. Met beweging, teks, klank en elemente van die aarde bied hulle 'n ritueel van skepping en vernietiging, geboorte en dood – 'n eerlike huldeblyk aan die geheue en veerkrug van 'n stukkende maar lewenskragtige gemeenskap.

Vervaardiger **Garage Dance Ensemble**
Regisseur en choreograaf **Byron Klassen**
Skrywers **Esmé Marthinus**, **Miché van Wyk**

11 & 12 OKT 19:00

50 min | Libertas-plaas

R180 | R210 by die hek

(A)

JAZZART SHOWCASE

Met **Jazzart Dance Theatre**

Maak reg vir 'n dubbele dosis van Suid-Afrika se oudste kontemporêredansgeselskap, die Jazzart Dance Theatre. Hul 2025-program is weer eens vol stories wat deur kontemporêre dans uitgebeeld word – iets wat die afgelope vyf dekades al sorg vir die grootste genot onder dansliefhebbers én wyd bewondering en respek afdwing.

11 OKT 10:30 | 13 OKT 16:30 | 14 OKT 13:00

80 min | HMS Bloemhof-skoolsaal

R180 | R210 by die deur



MAZE OF THE MIND

Met **Figure of 8 Dance Theatre-geselskap, Damian Jacobs, Liam Frantz, Jenna Wilkinson, Sasha Nkonyana, Shaun Oelf, Thalia Alberts**

Maze of the Mind fokus op die mens se gedagtes, emosies en aksies, en al die hoekies en draaie wat ons soms rigtingloos laat. Choreografie is die sleutel tot die middeweg tussen die bewuste en onderbewuste waar ons balans kan vind.

Regisseur **Grant van Ster**
Choreografie **Grant van Ster en geselskap**

Klankontwerp **Shaun Oelf**
Belichtingsontwerp **Luke Ellenbogen**
Produksiebestuurder **Marie Vogts**

16 OKT 10:00 | 17 OKT 16:00

18 OKT 09:30

60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180 | R210 by die deur



VRAG IN VRAAG

FILM

In die Karoo, verby die Vallei van Verlatenheid anderkant Nieu-Bethesda waar klipmense doodstil staan en wag, dwaal 'n persoon wat nie meer die liefde se alleenheid kan dra nie. Met 'n gebroke hart loop hy die Karoo in om by die groot heelal antwoorde op sy vrag vrae te kry. In hierdie skermdans word verlatenheid en klip gebruik om groot vrae te vra, maar is daar antwoorde in die stomme Karoo om dit liger te maak?

Regie en redigering **Jacques Batista**
Kunstenaar en choreograaf **Werner Marx**

12 OKT 17:30 | 15 OKT 13:30

17 OKT 14:30

15 min | Neelsie Cinema
Gratis

SBONDABA DANCE: IN SEARCH OF OUR HUMANITY

Met **Litha Makanda, Lusindiso Dibela, Sonwabile Mhlonjane, Vuyolwethu Mdululi, Wanie Johannes, Asemahle Dayimani, Akhona Mpoza, Clayton Jannike, Sinalo Vakala, Lathitha Nomgca**


SboNdaba Dance: In Search of Our Humanity neem die gehoor op 'n emosionele reis deur die evolusie en groei van Suid-Afrika. Die laaste stuk gebruik beweging en gebare om die uitdagings van vandaag se brose eenheid te onthul. Die stuk is 'n viering van ons kultuur, veerkrachtigheid en die gedeelde menslikheid wat ons almal saambind.

Vervaardiger **Dance for All (Switzerland)**, **Dokoda Fine Bursary**
Choreograaf **Sbonakaliso Ndaba**
Musiek **Sempurna Gita Gutawa, W.A. Mozart**

11 OKT 14:00 | 12 OKT 16:30

14 OKT 16:00

60 min | HMS Bloemhof-skoolsaal
R180 | R210 by die deur
Geen o.13 (G)



Toyota musiekfees



TOYOTA MUSIEKFÉÉS

OPELUG- KONSERTE



JAN MARAIS-NATUURRESERVAAT

AFTERPAARTIE

Met **Robin Auld, Albert Frost, Nick Turner, Schalk Joubert, Sima Mashazi, Mauritz Lotz, Ramon Alexander, Die Stander Gang** en ander

Elke feesdag het daardie oomblik wanneer die laaste verhooglig uitdoof en die skare huis toe gaan, maar jy, jy is nog lank nie reg om te gaan slap nie. Moenie vrees nie: Die Toyota Stellenbosch Woordfees het vanjaar die perfekte kuierplek vir siele wat nie maklik rus vind nie. Kom kuier elke aand om 22:00 by die Afterpaartie –

'n laatnag geleentheid waar die musiek aanhou lank nadat die formele program klaar is. Van Suid-Afrika se voorste blues-, rock- en jazzkunstenaars gaan sorg vir vonke. Musikante is welkom om hul instrumente saam te bring en dalk selfs 'n draai op die verhoog te maak saam met die kunstenaars van die aand. Hier word *jam*-sessies gebore, nuwe vriende gemaak en herinneringe geskep. Dis nie net 'n kuier nie – dis waar die fees familie word.

13 tot 17 OKT 22:00 tot laat

Die Khaya-kafee

Gratis

AMANDA STRYDOM: BREEKGODE EN BALSEM

Amanda Strydom, doyenne van Afrikaanse musiek; **Coenraad Rall**, pianis, komponis en musiekregisseur; en **Susan Mouton**, befaamde tjellis. Saam weef dié drie meesters met musiek, poësie, stories en 'n deeglike skeut humor 'n tapisserie van weerloosheid, liefde en genesing. Ons breek maklik, ons kneus en dan kom daar 'n balsem, 'n genesing. Dié produksie vier die krag van die menslike gees, genade en genesing. "Jy kan my breek, jy kan my slaan, jy kan my sê dat ek moet gaan – ek sal staan."

16 OKT 20:30 | **18 OKT** 17:30

19 OKT 11:30

70 min | Drostdy-teater

R200-R270

R230-R300 by die deur

Geen o.13



ANDRÉ SCHWARTZ: GESIGTE

Met **André Schwartz**,
L. Ruben Gerritz (kitaar)


Die multimediacreësie *Gesigte* vertel van die kwesbare herinneringe aan 'n legio kosbare mense in André Schwartz se lewe met liedjies soos "From Both Sides Now", "First Time Ever I Saw Your Face", "The Rose" en André se eie treffers. Op die skerm word die werk van die internasionaal bekroonde portretkunstenaar André Serfontein tot lewe gewek deur die digitale kunstenaar Seun. Die produksie is by Momentum Aardklop benoem as beste musiekgedreve produksie.

Regisseur **Etienne Puren**
Visuele elemente **André Serfontein**

14 OKT 14:00 | **16 OKT** 17:30

18 OKT 20:30

75 min | Drostdy-teater
R200-R270 | R230-R300 by die deur



André Schwartz

BALJAAR: SA HITS

Met **Cornèl Engelbrecht** (klavier), **Franco Engelbrecht** (klawerbord), **Dylan Tabisher** (baskitaar), **Stuart Martin** (tromme), **Joshua America** (kitaar), **Kerwin Albertus** (saxofon), **Samuel Carelse** (trombone), **Henco Bester** (saxofon)

Ons vier Mzansi se ryk en kleurvolle musiekerfenis met klawers, blasers, snare en klinkende simbale. Kom baljaar saam met Cornèl Engelbrecht (klavier) en sy pelle, wat elkeen 'n verrassing of twee uit die mou gaan pluk. Maak jou gereed vir bekende treffers wat jy óf jou ma sal herken, en wat is 'n partytjie sonder verrassings?

Regisseur **Cornèl Engelbrecht**

12 OKT 19:30

80 min | Drostdy-teater
R190-R250 | R220-R280



Dylan Tabisher

BOYS R BACK

Met **Willem Botha, Ruan Josh, Reynardt Hugo, Germandt Geldenhuys, Lee Scott**

Hierdie energieke musiekproduksie bring hulde aan die wêreld se gewildste boybands. Maak jou reg vir Westlife se harmonieuise ballades, die aansteeklike energie van die Backstreet Boys, Boyzone se sielvolle wysies, die toptreffers van One Direction, Hanson se pakkende melodiëë, die gesynchroniseerde bewegings van NSYNC, en die jeugdige sjarme van Eden en Hi-5 se speelse wysies.

Musiekregisseur **Chanie Jonker, Lee Scott**

19 OKT 15:30

80 min | HMS Bloemhof-sentrum
R210-R320 | R240-R350 by die deur

verlies van liefde vasvang – liefde, daardie ontwykende vlimmer van geluk. Dit is die eerste keer dat De Villiers hierdie universele tema in 'n enkele vertoning aanroer.

14 OKT 17:30 | 15 OKT 20:00

70 min | Drostdy-teater
R200-R270 | R230-R300 by die deur (A)

COFFEE SNOBS: DIE REIS

Met **Vernette Wessels** (stem en kitaar), **Marius Wessels** (baskitaar), **Charlie Botha** (stem en kitaar), **Gavin Young** (tromme)

In Januarie 2025 het Laurika Rauch aangekondig sy tree finaal uit die musiekbedryf. Sy laat egter 'n skatkis vol van die mooiste musiek en herinneringe na. Die groep Coffee Snobs neem jou op 'n musikale reis met oorspronklike verwerkings van Laurika se mooiste treffers. Liedjies soos "Kinders van die wind", "Blouberg se strand" en "Vier seisoene kind" trek 'n nuwe baadjie aan, maar behou die essensie van die musiek waarvoor ons almal so lief geword het.

Musiekregisseur **Vernette Wessels**

17 OKT 16:00

70 min | The Daisy Jones Bar
R200 | R230 by die deur

COENIE DE VILLIERS: WIE KAN MY SÊ VAN DIE LIEFDE?

Die musiekmaestro **Coenie de Villiers** self met hierdie produksie diep in sy liedereskat van bykans 50 jaar en ontgin komposisies en lirieke wat die liefde in al sy gedaantes bekyk. Hy besing die skoonheid en vreugde daarvan, maar daar is ook van die aangrypendste liedere in Afrikaans wat die





Beyers Truter en Jak de Priester

DAAR IS PINOTAGE IN MY TEE

Met **Jak de Priester, Beyers Truter**

Afrikaans én pinotage is vanjaar amptelik 100 jaar oud – en watter beter manier om dit te vier as met dié vertonning waarin die sanger en *Koppieefontein*-aanbieder Jak de Priester kragte saamsnoer met Beyers Truter, Suid-Afrika se pinotagekoning, wat ook 'n storieverteller van formaat is. Kom geniet 'n glas uitgesoekte pinotage en luister na die stories en liedjies van dié Bolandse kunstenaars.

14 OKT 12:00 | 16 OKT 13:00

90 min | Drostdy-teater Upstage
R280 | R310 by die deur

DIE PIESANGSKILLE

Met **Daniel Marais, Johan Balt**

Die Piesangskille is 'n *random band* van Potch wat ná die sukses van hul liedjie "Inge 2" en twee ateljee-albums druk besig is om hul derde album op te neem. Die groep sê omdat hul liedjies 'n "heeltemal nuwe" klank het, is dit moeilik om te beskryf in watter genre hul musiek val. Die twee tjommies Daniel Marais en Johan Balt het mekaar in die koshuis ontmoet en ontdek hulle hou albei van musiek maak. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis.

16 OKT 19:00

60 min | Jan Marais-natuurreservaat
R180 | R210 by die hek

Die Piesangskille



DIE VYFTIGERS

Met Neil Sandilands, Schalk Joubert, Gian Groen,
Abel Kraamsaal

'n Klomp talentvolle manne vier in 2025 hul eie
50 jaar om die son - presies die helfte so oud
soos ons geliefde Moedertaal. Maak jou reg vir
vier kunstenaars met vier stories wat saamkom
op een verhoog vir 'n aand van rou, eerlike
musiek en om sin te maak van die laaste 100
jaar van taal en die laaste 50 jaar van lewe.

14 OKT 20:00
80 min | The Daisy Jones Bar
R250 | R280 by die deur



DIS ZAMAR LEKKER!

Met **Veronica Bell, Monika Stuchlik, Philip Vermeulen, Warren Joubert, Ronald Siegelaar**

Zamar is al 20 jaar in die bedryf en bring weer hul onmiskenbare passie en energieke spel na die nuwe vertoning *Dis Zamar lekker*. Laat hul virtuose spel, afwisseling tussen instrumentale en vokale musiek en lieflike stories jou wegvoer na verre lande met alles van Piazzolla tot Chick Corea, wals tot tango, en vastrap in Afrikaans tot flambojante jazz.

Musiekregisseur **Veronica Bell**

15 OKT 11:00

60 min | Fismer

R190-R250 | R220-R280 by die deur



DRIE VAN DIE BESTES

Met **Danie Niehaus, Mathys Roets, Germant Geldenhuys, Mathys Maree** (klavier)

Drie uiteenlopende stemme en persoonlikhede vervleg hul stemme meesterlik in 'n harmoniereyke vertoning met tydlose gunstelinge en nuwe klanke. Die groep het meer as 25 jaar gelede ontstaan en al het die samestelling oor die

jare verander, is die kombinasie van Roets en Niehaus se musikale ondervinding en Geldenhuys se jeugdige aanslag 'n wenresep. Hul sang is eg, hul energie aansteeklik... en hul liefde vir musiek straal uit elke lied.

18 OKT 16:00

70 min | HMS Bloemhof-sentrum

R200-R260

R230-R290 by die deur



Early B



EARLY B & SALOME

Maak jou reg vir positiewe musiek én lekker lag wanneer die sjarmante Baaienaar **Early B** gehore bekooi met sy rap en skerp sosiale kommentaar oor universele temas, ons gemeenskap en kultuur, en die alledaagse lewe. **Salome** se debutalbum, *Sirena*, is verlede jaar uitgereik en in Mei vanjaar is al die vertonings van haar produksie *This Is Me* in die Grand Arena by GrandWest uitverkoop. Salome is deesdae ook aanbieder van die TV-program *Afhaak*. Aangebied in samewerking met **WOW**

18 OKT 19:30

120 min | Jan Marais-natuurreservaat

R150 | R180 by die hek

Elvis Blue



ELVIS BLUE: MUSIEK VIR DIE LANGPAD

Met **Elvis Blue**, **Brendan Ross** (saxofoon), **Adam Howard** (trompet), **Bez Roberts** (trombone)

Elvis Blue se musiek en vertonings vertel gereeld die storie van die reisiger wat voel-voel sy pad deur hierdie deurmekaar wêreld moet vind. Kom saam met Elvis en van ons land se topmusikante op dié reis en verken weer die paaie wat deur ons almal se harte, gedagtes en lewens loop. Onthou weer die mooi stofpadherinneringe van ons grootwordjare, en droom saam oor dit wat die langpad vorentoe kan inhou. Met dié kunstenaar kry jy nooit net 'n paar liedjies op die verhoog nie, maar altyd 'n reis wat jou saamneem.

Produksiebestuurder **Kona Brown**

19 OKT 12:00

90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R210-R320 | R240-R350 by die deur

EEN DEEL DIT, EEN DEEL DAT

Met **Early B**, **Tasché**, **Amanda Strydom**, **Lynelle Kennedy** en ander, **Concord Nkabinde** (baskitaar), **David Klassen** (perkussie en tromme), **Mauritz Lotz** (kitaar), **Anjulie Nock** (tjello)

Ervaar die polsende ritme van Suid-Afrika in een hutsport! Janine Neethling en haar span weef uiteenlopende musikale drade saam – van aansteeklike kwela tot stemmige ballades, kwaito tot kabaret en boeremusiek, jazz tot afropop, 'n skeut hip-hop, alles vermeng in een groot plesierigheid. Dié musikale fusion vier die ryk erfenis en innovasie wat Suid-Afrikaanse musiek werlik uniek maak. *Een deel dit, een deel dat* is 'n harmonieuze viering van eenheid in verskeidenheid – kom ervaar die gedeelde vreugde!

Musiekregisseur **Janine Neethling**
Produksie **Jam Events**

14 OKT 20:30 | 15 OKT 16:00

90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R210-R320 | R240-R350 by die deur

FRANK OPPERMAN: OPPERMANAF

Met **Frank Opperman**, **Luna Paige** (agtergrondsang), **Schalk Joubert** (baskitaar), **Mauritz Lotz** (kitaar), **Jonno Sweetman** (tromme)

Die teaterlegende Frank Opperman verruil vanjaar sy akteurshoed vir sy musiekhoed nadat hy in 2019 met die album *Let's Be Frank* gedebuteer het. Sy stem het 'n *folky feel*, maar is steeds deel van die rockgenre. In *Oppermanaf* deel Frank al die liedjies wat hy oor die laaste 25 jaar geskryf het. Saam met hom op die verhoog is 'n hele paar ander bekende musikante.

14 OKT 16:00 | 15 OKT 20:00

70 min | The Daisy Jones Bar
R250 | R280 by die deur



Deon Meiring

'N HEMEL WAT KAN OPVOU

Met **Deon Meiring**

Deon Meiring het geglo liedjieskryf sou vergoed vir sy onbeholpenheid in rugby en romanse. Vandag het hy darem nog die liedjies – uit Glaskas, Dans Dans Lisa en sy soloprojek. In '*n Hemel wat kan opvou* deel hy dié musiek saam met sy brieve wat hy sedert 2020 skryf, aan niemand in die besonder nie. Dit kom oor as digkuns, stories en '*n doodgewone drang om dinge te verklaar, al is dit soos om die hemel te wil opvou.*

Musiekregisseur **Francois van der Merwe**
Stelontwerp **Zinelda McDonald**

11 OKT 14:00 | 12 OKT 17:00

80 min | Drostdy-teater
R190-R250 | R220-R280 by die deur


HIGH SCHOOL POETRY SLAM WOORDKUNS

WÉRELD bied 'n *slam*-poësiekompetisie vir Wes-Kaapse hoërskoolleerlinge aan. 'n Paneel kies die finaliste uit video-inkrywings van leerlinge wat hul eie gedigte in Afrikaans of Engels voordra. Die gekeurde finaliste tree dan by die Woordfees by 'n *slam*-poësiekompetisie op.

Regisseur en seremoniemeester
Jaco van der Merwe
In samewerking met **WÉRELD, WOW,**
die **ATKV**

18 OKT 14:00

360 min | Netwerk24 Diskoerstent
R40-R60 | R70-R90 by die deur



Stephanie Baartman

HOORT KABARET

Met **Stephanie Baartman,**
Janine Neethling

'n Semi-outobiografiese kabaret waarin stories verweef word uit Stephanie Baartman se lewe as dogter van twee pastore. Terwyl sy binne die konteks van ons kompleksa geskiedenis soek na geborgenheid, deel sy staaltjies – van haar kinderjare tot kulturele misverstande rondom identiteit. *Hoort* beklemtoon die veerkragtigheid van gemarginaliseerde gemeenskappe en vier die rydom van kulturele diversiteit deur 'n lewendige mengsel van musiek, wat insluit jazz, gospel en oorspronklike komposisies in verskeie tale.

Vervaardiger **Drama Drama**
Regisseur **Elzabé Zietsman**
Musiekregisseur **Janine Neethling**
Skrywers **Stephanie Baartman,**
Johann Slabbert

15 OKT 13:00 | 17 OKT 16:00

80 min | Drostdy-teater
R190-R250
R220-R280 by die deur

(A) (E)

JAZZ AT THE KONSERVE



Sima Mashazi



Ramon Alexander



Melisizwe Plaatjie

Die kontemporäre klanke van die Kaap en die ryk tradisie van Suid-Afrikaanse jazz word vanjaar gevier met 'n reeks musiekconcerte in die opwindende buitelug-amfiteater van die US Konservatorium. Lede van die **Maties Jazz Society** sal die konserte afskop. Bring jou instrument saam om na afloop van die konserte aan 'n *'jam'*-sessie saam met die kunstenaars deel te neem. Studente kry afslag. 'n Kroeg is beskikbaar.

In samewerking met die **US Department Musiek**
Samesteller **Ramon Alexander, Vicky Davis**

16 tot 18 OKT 20:30

90 min

US Konservatorium-amfiteater
R130 | R160 by die deur



Maties Jazz Society

SCHALK JOUBERT BAND FT. SIMA MASHAZI

Met **Schalk Joubert** (baskitaar), **Sima Mashazi** (stem), **Blake Hellaby** (klavier), **Kevin Gibson** (tromme)

Die bekroonde baskitaarspeler, komponis en vervaardiger **Schalk Joubert** bring sy unieke mengsel van jazz en wêreldmusiek en word ondersteun deur 'n kragtige trio: **Kevin Gibson**, **Blake Hellaby** en die spesiale gaskunstenaar, die sanger **Sima Mashazi**. Joubert en Mashazi is 'n dinamiese en gesogte duo wat al saam reg oor die wêrld opgetree het.

16 OKT 20:30

90 min

THE MELISIZWE PLAATJIE COLLECTIVE

Met **Melisizwe Plaatjie** (klavier), **Kerwin Albertus** (altsaxofoon), **Henco Bester** (tenoorsaxofoon), **Nande Mdlambuzi** (trombon), **Pizzo Magatyana** (baskitaar), **Stuart Martin** (tromme), **Khanyisile Mbukwana**, **Athule Tshiwula**, **Anga Bixa** (stem)

Die opkomende ster **Melisizwe Plaatjie** lei 'n dinamiese ensemble van opkomende

jazz-talent in *Pieces of Me*, 'n sielvolle reis deur sy lewe. As die pianis vir die 2021 Artscape Youth Jazz Band, die 2023 National Youth Jazz Band en die bekroonde Sun Quintet – wenners van die beste jazzliedjie en -album by die 2024 Mzantsi Jazz-toekennings – bevestig Plaatjie sy reputasie as een van Suid-Afrika se belowendste jazzmusikante.

17 OKT 20:30

90 min

RAMON ALEXANDER QUINTET

THE THROWBACK PROJECT

Met **Ramon Alexander** (klavier), **Danel Dippenaar** (altsaxofoon en fluit), **Joshua America** (kitaar), **Dylan Tabisher** (kontrabas), **Anнемie Nel** (tromme)

In dié konsert neem **Ramon Alexander** gehore terug na waar dit alles begin het, met 'n kopknik na ESP, die legendariese Stellenbosch-gebaseerde orkes van die vroeë 2000's wat gehelp het om sy musikale stem te vorm. Hy deel ook materiaal van sy langverwagte nuwe album wat in 2026 uitgereik word.

18 OKT 20:30

90 min



JY SAL MY NIE GLO NIE

Met **Pietman Geldenhuys**

Pietman Geldenhuys vertel al stories vandat hy baie jong is. Wat begin het met fabels, het later 'n absurde werklikheid geword wat hy self in die praktyk ervaar het op die pad saam met ander musikante en storievertellers. In *Jy sal my nie glo nie* deel hy van hierdie stories en musiek wat uit sy ervarings ontstaan het.

15 OKT 16:30

75 min | Drostdy-teater

R190-R250 | R220-R280 by die deur

KLANKBORD VAN LIEFDE TUSSEN HARTSEER EN HOOP

Met **Ruderick Heuer**

'n Lewendige eggó wat deur 'n klavier se klankbord vloeí, 'n stem wat 'n storie vertel van liefde, hartseer en hoop. Ruderick Heuer se debuutproduksie gaan oor die fluister van verliese, die vrede van herinneringe, en die opwinding van nuwe hoofstukke waar deure toegemaak word en ander weer oop. Lig en skaduwee versinnebeeld kontoere van verlange, terwyl hoop in die stiltes skuil.

Musiekregisseur **Ronella Brink**

Ondersteun deur **Heuer Pianos, Pitch Perfect Productions**

15 OKT 16:30 | 17 Okt 18:30

60 min | Heuer, Dorpstraat 144

R130 | R160 by die deur

KOOS, KOOS EN ANDER MEESTERS

100 JAAR SE WENRESEpte

Met **Mathys Roets, Jacobus Silwer, Johan Liebenberg**

Mathys Roets, Jacobus Silwer en Johan Liebenberg herroep die invloedrykste Afrikaanse liedjies van die afgelope eeu, vertolk in elkeen se unieke aanslag, om mense te laat onthou, koester en die groei van Afrikaanse musiek van lank gelede tot vandag te vier.

14 OKT 20:00

90 min | Drostdy-teater

R190-R260 | R220-R290 by die deur

Geen o.13

KRUGER EN TUTU

WIT, SWART EN VOLKLEUR SERENADES

Met **Matt Kruger, Warren Tutu**

Oorspronklike Afrikaanse musiek en nuwe vertalings en verwerkings van bekende treffers deur Sting en Pink Floyd – diep, digterlik en akoesties byeengebring op kitare deur Kruger en Tutu. *Wit, swart en volkleur serenades* beloof 'n oroorrompelende musikale reis oor temas soos kindertyd, diep liefde, hunkering, hartbreek, hoop, grootword en geloof – in Afrikaans.

Ondersteun deur **Bothners Musical Instruments SA**

11 OKT 20:00

60 min | Drostdy-teater

R150-R190 | R180-R220 by die deur



Kruger en Tutu

BESPREEK JOU KAJUIT

The background of the logo features a photograph of a cruise ship's deck, showing a swimming pool, lounge chairs, and the ship's railing against a clear blue sky.

**BOK
BOOT**
2026

A circular logo is integrated into the letter 'O' of 'BOK'. It contains a white silhouette of a lighthouse or similar tower, with the website address "www.bokradio.co.za" written around the top edge of the circle.

**KAAPSTAD – WALVISBAAI
30 MAR. – 4 APR. 2026**

**BOK
RADIO**

LIZE BEEKMAN: TUSSEN HIER EN DAAR

Met **Lize Beekman, Janine Neethling** (klavier), **Mauritz Lotz** (kitaar).

Die sanger-liedjieskrywer Lize Beekman is terug met haar nuwe album en vertoning waarin sy met haar stories en lirieke die alledaagse inkleur soos net sy kan. Saam met haar op die verhoog is van Suid-Afrika se topmusikante. Verwag Afrikaanse musiek van gehalte en 'n intieme, sielvolle ervaring wat jou lank sal bybly.

13 OKT 20:30 | **18 OKT** 11:30

19 OKT 19:30

70 min | Drostdy-teater

R200-R270 | R230-R300 by die deur



LUNA PAIGE: DIE REISIGERS

Luna Paige sing oor die Groot Reis en die immer ontwykende Eindbestemming en verken ruimtes waar beweging, stilte van gees, selfliefde en aanvaarding harmonie bring. In *Die reisigers* stel sy gehore bekend aan die musiek wat sy tydens haar plaaslike en Europese reise, onder meer die Spaanse Camino, geskryf en by die huis getoonset het. As anonieme voyeur het sy soms wel in gesprek getree en saam gewonder oor die groot verskille, maar, belangriker, oor die groot ooreenkomste wat alle reisigers op hierdie wonderbaarlike planeet bind.

19 OKT 13:00

75 min | The Daisy Jones Bar

R250 | R290 by die deur

Geen o.13

(A) (E)



MANDISI DYANTYIS

Die talentvolle Afro-soul-jazzmusikant Mandisi Dyantyis is weer vanjaar by die Woordfees te sien en bring gees, *vibes* en begeesterde klanke na die Jan Marais-natuurreservaat. Hy is 'n bekroonde trompetspeler en sanger, en bekoor die jazzwêreld met sy diep emosionele klanke en lirieke. In 2018 het hy met *Somandla* gedeputeer, en sy Sama-wenneralbum, *Cwaka*, is al meer as 5 miljoen keer gestroom. Hy is een van die land se voorste jazzmusikante en was by twee geleenthede die enigste van sy landgenote wat by die legendariese Amerikaanse jazzmusikant Herbie Hancock se International Jazz Day Global-konsert opgetree het. Op die program is liedjies van sy eerste twee albums en 'n paar verrassings van sy nuwe album, *Intlambululo*, wat in Oktober 2025 uitgerek word.

19 OKT 19:00

90 min | Jan Marais-natuurreservaat
R250 | R280 by die hek

MOORDBALLADES

**EN ANDER MINDER VROLIKE VERSE
UIT DIE GROOT VRESEBOEK**

Met **Chris du Plessis**

Die joernalis en TV-regisseur Chris du Plessis is terug agter die kitaar en mondfluitjie met 'n ou Tupperware-bak vol melodyeuse toonsettings van verse uit die eerster helfte van die vorige eeu en vroeër. Almal doen altyd toonsettings van die sexy Sestigers, en volgens Chris wou hy eerder die ouer digters se unieke uitdrukkingvermoëns laat herleef. Die deuntjes is 'n mengelmoes wat wissel van tradisionele Keltiese folkballades en Zoeloe-staatkitaarmusiek tot bluegrass en rock 'n roll. Die show is snaakser as wat die titel suggereer, beloof hy.

15 OKT 16:00

75 min | The Daisy Jones Bar
R180 | R210 by die deur
Geen o.16 (T)

Mandisi Dyantyis



NEON DREAMS EN BOOSHLE G.

Die Kanadese alt-pop-duo **Neon Dreams**, wat bestaan uit die sanger Frank Kadillac en die tromspeler Adrian Morris, is bekend vir hul energieke konserte en eiesoortige mengsel van pop, rock, elektroniese dansmusiek, hip-hop en reggae. Hul liedjie "Life Without Fantasies" was 'n groot treffer in Suid-Afrika en het tot uitverkopte toere en platinum-verkope geleid. By hul Woordfees-konsert deel hulle die verhoog met **Booshle G.** van Kariega in die Oos-Kaap wat bekend is vir sy vermenging van indie-pop- en folk-invloede, eerlike stories en deurbraaksnitte soos "Take Me Home", "Find You There" en "Best Life".

17 OKT 20:30

90 min | The Daisy Jones Bar
R300 | R330 by die deur

NEW SOUTH AFRICAN GEMS

Met die **Zolani-jeugkoor** o.l.v. **Odwa Mvunge, Allou April** (kitaar), **Yvan Potts** (klavier en klawerbord), **JP Stevens** (tromme), **Shana Ray** (hoofsanger), **Karien de Waal** (baskitaar)

Hierdie konsert word aangebied deur die musiekregisseur Karien de Waal, met van die mooiste nuwe liedjies wat die afgelope sewe jaar vir Join Bands Not Gangs, 'n organisasie sonder winsogmerk, vervaardig is asook 'n paar splinternuwes. Met lirieke in Afrikaans, Xhosa, Zoeloë en Engels – en 'n vermenging van style soos ghoema en klassiek – bring ons vars, nuwe musiekskatte wat eg en onmiskenbaar Suid-Afrikaans is. Die legendariese kitaarspeler Allou April is onder ander te sien.

Musiekregisseur **Karien de Waal**
Verwerkings **Karien de Waal, Allou April, Sivuyile Scott, Mbuso Ndlovu, Odwa Mvunge**

19 OKT 14:30

80 min | Fismer
R130-R230
R160-R260 by die deur

(A) (E)

NOMADIC ORCHESTRA

LIVE AT WOORDFEES

Met **Gabriel du Toit** (saxofoon en hoofsanger), **Jono Prest** (trompet en agtergrondsang), **Lilavan Gangen** (tromme en agtergrondsang), **Matthew Belyeu** (elektriese kitaar), **Andrew Middelkoop** (tuba)

The Nomads wil mense aan die beweeg kry en daarom speel die groep aansteeklike



Nomadic Orchestra

hoë-energie-musiek wat beslis die voete sal laat tik en ledemate sal laat swaai met koperblaasdans, jazz-elemente, afrobeat, balkan, ghoema, sama en meer. Met drie vollelgte ateljee-albums op hul kerfstok streef die groep daarna om topgehalte oorspronklike musiek vir almal te skep. Hulle het al verhoë gedeel met musieklegendes soos Gogol Bordello, Balkan Beat Box, Boom Pam, Freshlyground, Majozzi, Matthew Mole, Beatenberg en Jeremy Loops.

18 OKT 20:00

60 min | The Daisy Jones Bar
R220 | R250 by die deur

(E)

OMWENTELINGE

'N PAPIERSPEL

Met **Koos Kombuis, Jana Cilliers**

Die woord omwentelinge is afgelei van die Latynse *circumvolvo*, wat beskryf word as 'n "komplekse dans van kronkelende bewegings of patronne". Koos en Jana wonder soms waaroor om te skryf of wat nog oor is om te sê. Hier word hul eie werklikhede en gedagtepatrone buitylne wat deur Koos se eiesortige liedjies ingekleur word. *Omwentelinge* is 'n papierspel op note tussen twee kreatiewe swerwers.

Samesteller **Jana Cilliers**

Geskep in opdrag van die **Suidoosterfees**. Ondersteun deur die **Het Jan Marais Nasionale Fonds**

16 OKT 11:00 | 17 OKT 13:30

19 OKT 14:00

60 min | Drostdy-teater
R200-R270 | R230-R300 by die deur

ONTAARD SPOKEN WORD

Met Pieter Madibuseng Odendaal (digter, musikant, komponis), Odwa Bongo (musikant), Luke Verrezen (musikant)

Hierdie produksie is 'n viering van die digter Pieter Madibuseng Odendaal se debuutalbum en geïnspireerdeur sy veelgeprese digbundel *Ontaard*. Odendaal (klavier en stem) span kragte saam met die talentvolle musikant Odwa Bongo (uhadi en stem) om 'n diverse klanklandskap te skep met lofi, amapiano, drum & bass, inheemse en klassieke musiek daarin. Die musiek bied 'n agtergrond om ons veranderende verhouding met onself, mekaar en die meer-as-menslike wêreld te midde van die klimaatskrisis te verken. *Ontaard: Spoken Word* is 'n unieke versmelting van poësie, musiek en performance art.

Musiekregisseur Ruan Vos

11 OKT 16:30 | 14 OKT 13:00

50 min | Spier-ouditorium

R200-R250 | R230-R280 by die deur

ROAN ASH & BRANDON MILES

Roan Ash, 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat nou in Nashville woon, is 'n country-rock-digter met 'n grensverskuiwende klank wie se enigste ware lojaliteit aan die voete van lirieke eerlikheid lê. Met sy treffende lirieke en unieke klank volg hy geen suksesresep nie, en is daar geen geheime plan om hom in 'n marksegment vas te verf nie. Roan deel die Woordfees-verhoog met die nuweling Brandon Miles, wat die Suid-Afrikaanse musiektoneel laat gons met sy lekker country-klanke.

17 OKT 19:00

Jan Marais-natuurreservaat

R230 | R260 by die hek

Geen o.13 (G, T)

TAALGENOOT-RUK EN RYM-FINAAL

MET JACK PAROW

Taalgenoot se Ruk en Rym is 'n *battle-of-the-bands*-styl kompetisie vir musikante wat met Afrikaanse lirieke alternatiewe musiek maak. Die kompetisie is oop vir musikante wat in enige genre werk, solank die musiek 'n alternatiewe benadering het. Die vertoning is die finaal van die kompetisie, en die wenners sal aan die einde van die geleentheid aangekondig word.

Jack Parow is een van die gasbeordelaars en gaan 'n volle vertoning met sy *band* doen net voor die wenners bekend gemaak word. Besoek www.rukenrym.co.za vir meer inligting oor die kompetisie.

In samewerking met die **ATKV, Taalgenoot, WERELD, Spotify, kykNET**

Kreatiewe regisseur en seremoniemeester

Jaco van der Merwe

Assistentregisseur **Angie Gallagher**

12 OKT 13:00

360 min | The Daisy Jones Bar



SATHIMA'S AFRICA

'N HULDEBLYK AAN DIE JAZZ-LEGENDE
SATHIMA BEA BENJAMIN

Met **Jolyn Phillips** (hoofsanger), **Hilton Schilder** (klavier en inheemse boog), **Bronwyn Clacherty** (perkussie en stem), **Shaun Johannes** (kontrabas), **Nathan Lawrence** (trompet), **Rae Adams** (altsaxofon en inheemse boog)

Sluit by ons aan vir 'n viering van die Suid-Afrikaanse jazz-ikoon Sathima Bea Benjamin se nalatenskap. By hierdie spesiale geleenthed word nie net hulde gebring aan haar emosionele stem nie, maar ook haar baanbrekerswerk in jazz. Ervaar die wonder van haar musiek (van haar gevierde albums), terwyl haar gees en invloed in die jazzwêreld geëer word. Moenie hierdie onvergeetlike aand van ritme, herinneringe en inspirasie misloop nie!

Musiekregisseur **Basil Appolis**

16 OKT 20:00 | 18 OKT 16:00

60 min | The Daisy Jones Bar
R180 | R210 by die deur

SKROOTWERF-EVANGELIE

GEBROKE HALLELUJAS EN
VERROESTE BELYDENIS

Met **Frieda van den Heever**, **Deon Meiring**, **Francois van der Merwe**, **Annemie Nel**, **Marina Louw**, **Grethe van der Merwe**

Ondersteun deur die **Johann Brink-trust**

Skrootwerf-evangelie is 'n viering van musiek uit die oeuvres van kunstenaars soos Leonard Cohen, Joni Mitchell, Tom Waits, Koos du Plessis, Frieda van den Heever en Deon Meiring – dié kunstenaars swyg nie oor dit wat oënskynlik taboe is nie. Die produksie nooi die gehoor uit om saam ondersoek in te stel na dit wat onder die vel skyn. In 'n wêreld waar oppervlakkigheid dikwels seevier, put ons vreugde uit musiek wat lig in die donker bring.

13 OKT 19:30 | 15 OKT 20:00

60 min | HMS Bloemhof-sentrum
R200-R300 | R230-R330 by die deur

(A) (E)

SONOGRAFIE: GREPE IN ROOTS EN BLUES

Met **N'Faly en Kouyate'** (Guinee/België),
Roger Lucey, **Jolyn Phillips**

Sonografie is 'n verkenning van stories en vrae deur middel van klank en musiek. In hierdie produksie vertel kunstenaars stories wat aangewakker is deur instrumente, musikale idiome en die herinneringe wat dit oproep.

Musiekregisseur **Carina Venter**

11 OKT 17:00

90 min | Drostdy-teater
R190-R250 | R220-R280 by die deur



Skrootwerf-
evangelie

Soweto String Quartet
en ULTRACOUSTIC



SOWETO STRING QUARTET VAN KLASIEK EN KWELA TOT TANGO EN TECHNO

Met die **Soweto String Quartet** (Sandile Khemese, Thami Khemese, Makhosini Mnguni, Themba Mashobane) en **ULTRACOUSTIC** (Wilken Calitz, Dirkie van Staden)

Die Soweto String Quartet en ULTRACOUSTIC span kragte en kreatiwiteit saam in 'n lekkerluister instrumentale vertoning. Verskeie genres is op die speellys: lense dansmusiek, kwela, flamenco, bekende klassieke treffers, 90's-techno en Afrikaanse volkswyses.

14 OKT 19:00

90 min | Jan Marais-natuurreservaat
R200 | R230 by die hek

UNIONDALE, LEENTJIESKLIP EN HILLBROW STORIES MET WYSIES

Met **Koos van der Merwe**

Spookstories, plaasstories, stadstories. Party stories móét net wysies kry. In hierdie konsert, wat by die Woordfees debuteer, gee Koos van der Merwe vir

Uniondale se spook die wysie wat sy moet kry. Ook ander stories kry wysies, sommige vrolik, sommige hartseer – soos die storie van Leentjie van Leentjiesklip. En natuurlik is daar ook die warm wysies van die liefde. Akoesties, poëties en Afrikaans.

13 OKT 17:30

90 min | Drostdy-teater
R190-R250 | R220-R280 by die deur (A)

VALIANT SWART ANDERKANT DIE DONKER VALLEI

Dis vanjaar 25 jaar sedert Valiant Swart se ikoniese album *Deur die donker vallei* uitgereik is. Ter herdenking daarvan het die album onlangs op vinil die lig gesien. By die Woordfees word dit gevier met 'n konsert waarin die oorspronklike orkesledele van die album gaan speel: **Schalk Joubert, Albert Frost en Simon Orange**. Die konsert word opgedra aan die ontslape tromspeler Vernon Swart, wat ook die ikoniese kunswerk vir die albumomslag geskilder het. Die manne gaan dans en sing... en die kitare laat huil soos in die óó dæ!

12 OKT 19:00

90 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R300 | R210-R330 by die deur

VAN DER AVEN

Van Der Aven is 'n plaaslike alternatiewe rockgroep wat bekend is vir hul kragtige lirieke, emosioneel gelaaide melodieë en energieke vertonings. Die musiek is 'n mengsel van diep persoonlike temas en van rou, en die resultaat is egte klanke wat by 'n uiteenlopende gehoor aanklank vind. Met 'n unieke benadering tot Afrikaanse rock bring Van Der Aven iets vars en opwindends na ons musiektoneel.

19 OKT 16:00

60 min | The Daisy Jones Bar
R190 | R220 by die deur

VAN GANSER HARTE

Met **Karen Petersen** (klavier en sang), **Lee Ludolph** (kitaar), **Ricardo Hiniker** (viool), **Gilah Kellner** (viool), **Carina Naudé** (altviool), **Clara de la Guerre** (tjello)

Van ganser harte volg die storie van 'n jong vrou deur die hartseer, vreugdes en worstelinge van liefhê. Ná twee Woordtrofee-benoemings in 2024 vir 'n *Vrou om te onthou* is Petersen terug op die Woordfees-verhoog met intieme verwerkings van Celine Dion, Adele en Riana Nel se kragtige melodieë asook 'n paar van haar eie oorspronklike liedjies.

Verwerkings vir strykers **Kerwin Petrus**

12 OKT 14:00 | 13 OKT 12:00

60 min | Drostdy-teater
R190-R250 | R220-R280 by die deur Ⓐ

Karen
Petersen



WILL LINLEY

Aangebied in samewerking met
Texx in the City

Al het die jong Kaapse musikant en liedjieskrywer Will Linley saam met sy ma en drie broers gesing en ook op hoërskool in klassieke sang onderrig is, was 'n musiekloopbaan net 'n droom. Maar toe word sy debuut-enkelsnit, "Miss Me (When You're Gone)", 'n weg-holtreffer. Nou reis hy die wêreld vol en maak vanjaar sy debuut by die Toyota Stellenbosch Woordfees. Moenie dié musikale sensasie misloop nie.

15 OKT 19:00

60 min | Jan Marais-natuurreservaat
R200 | R230 by die hek



ZANNE STAPELBERG: ONCE UPON A TUNE

Met **Zanne Stapelberg, Albie van Schalkwyk** (klavier) en orkes

'n Ontroerende kabaret met liedjies uit musiekbliesepele wat elkeen sy eie verhaal vertel. Elke lied word 'n monoloog wat die gawes van die merkwaardige kunstenaar ten toon stel en nooi die gehoor om hulle te verwonder aan die spel tussen lig, donker en die skakerings tussenin.

Regisseur **Steven Stead**
Beligting **Faheem Bardien**

Geskep in opdrag van **Suidoosterfees**

17 OKT 20:00

65 min | HMS Bloemhof-sentrum
R180-R280 | R210-R310 by die deur




ZOID PSALMS

'n Nuwe musikale ervaring met 'n grensverskuwend samesmelting van heilige en moderne klanke wag in *Zoid Psalms*, 'n produksie wat sy gelyke nie ken nie. Kom geniet die mengsel van ikoniese kerkorrel en die sensasionele energie van Karen Zoid se rock-kitare in 'n unieke produksie wat ouwêreldse instrumentasie en kontemporêre musiek verken – en sorg vir 'n spirituele en klankervaring soos g'n ander nie. Moenie die kans misloop om dié musiekreis mee te maak nie!

18 OKT 20:00 | 19 OKT 19:00

120 min | Kruiskerk
R150-R330 |
R180-R360 by
die deur

(A) (E)



visuele kuns



DEEL

FEE SKUNSTENAARS

Xhanti Zwelendaba en **Benjamin Stanwix** het 'n samewerkende kunsduo waarin hulle grond, die landskap en die geskiedenis van Suid-Afrika as 'n gedeelde belangstelling ondersoek. Deur werk te skep vanuit hul eie ervarings en ook hul begrip van die nalatenskap van kolonialisme en apartheid, verwys hul samewerking dikwels na teenstrydige uitbeeldings van die verlede as 'n manier om sin te maak van ons individuele en gesamentlike hede. Hul praktyk volg 'n multidissiplinêre benadering wat installasie, beeldhouwerk, tekstiel- en tapytwerk, drukwerk en video insluit. Die kunstenaars het ontmoet toe hulle in 2017 saam gestudeer het aan die Universiteit van Kaapstad se Michaelis Skool vir Beeldende Kunste. In 2025 het hul monumentale tapyt *Thaba Nchu* (2025) aan die duo Investec se prys vir die beste opkomende kunstenaar besorg.



Xhanti Zwelendaba



Benjamin Stanwix

uXhanti Zwelendaba no Benjamin Stanwix banomsebenzi wobugcisa abawenzayo ngokubambisana, uphonononga umdla abawabelanayo kumhlaba, kwimimandla kanye nembalu yaseMzantsi Afrika. Benza umsebenzi osekwe kumava abo kanye nokuqonda kwabo malunga nellifa lobukolonyali nobandulululo, kwaye umsebenzi wabo uhlala ubonisa ukungangqinelani kwendleta imbalu eboniswe ngayo—njengenjongo yokuzama ukuqonda inyaniso esiphila kuyo ngoku, ngamnye nangokubambisana. Umsebenzi wabo uhlanganisa iindlela ezahlukeneyo zobugcisa kuukua ubumiselwane, ukhaphukhaphu, umnatha wengubo, ushicilelo nevidiyo.

Aba badwebi badibana ngexesha bafunda kwiDyunesithi yaseKapa, kwiSikolo seMichaelis soBugcisa ngo-2017. Ngo-2025, umsebenzi wabo womnatha omkhulu *Thaba Nchu* (2025) bawuphumelela ngawo iMbasia kalInvestec yoMculi oSakhulayo.

Uitstalling

11 tot 19 OKT 09:00-18:00

Rondleiding

15 OKT 14:30 | 60 min

US Museum | Gratis

US MUSEUM-UITSTALLINGS

STELLENBOSCH-TRIENNALE: FROM THE VAULT

Met Lungiswa Joe, Andile Dyalvane, Sisonke Papu,
US Antropologieversameling

Dié versameling is 'n improvisasie om iets te herstel sodat dit herbore kan word. Ons word die argief binnegeenooi deur die fluisteringe van gedekontekstualiseerde objekte van Zoeloe-, Thembu-, Xhosa-, Swazi-, Pondo-, Sotho-, Ndebele-, Okavango-, Pedi-, Venda-, Tswana-, Nama/Dama/Boesman- (San-), en Khwe-Khwe-mense. Inheemse objekte wat die

grens oorgesteek het van die heilige tot die antropologiese. Ons gebruik die spiese, horings, klere en patronne as 'n kompas om die verlede, die hede en die toekoms uit te lê. Ons luister na die sankofa-voël wat sing: "Moenie bang wees om terug te kyk en te gaan haal wat agtergely het nie."

Hoofkurator **Khanyisile Mbongwa**
Assistentkurator **Dr. Mike Tigere Mavura**

11 tot 19 OKT 09:00-18:00
US Museum | Gratis

STRAUSS & CO: AANBIEDINGS

WOORDFEESKUNSVEILING EN -UITSTALLING

Die vierde jaarlikse Toyota Stellenbosch Woordfeeskunsveiling en -uitstalling word weer aangebied in samewerking met Strauss & Co. Vanjaar is die kurators die bekroonde **Heinrich Groenewald** en **Shona van der Merwe**. Die geskeduleerde aanlynveiling sluit werke in van gevestigde én opkomende kunstenaars, onder ander die feeskunstenaars, Ben Stanwix en Xhanti Zwelendaba, die Kaapstadse saamwerkduo wat as beste opkomende kunstenaars aangewys is by die eerste Investec Cape Town Art Fair.

AANLYN KUNSVEILING

Bieërs kan van 10 tot 20 Oktober 2025 bie. Besoek www.straussart.co.za om die kunswerke te besigtig en as bieér te registreer. Personeel van Strauss & Co en ander kenners sal beskikbaar wees om hulp te verleen met die registrasie en bieëry.

Kunsuitstalling
11 tot 19 OKT 10:00-18:00
Stadsaal
Gratis

Detail van *Thaba Nchu* deur Benjamin Stanwix en Xhanti Zwelendaba



RONDLEIDING DEUR DIE KURATORS

Kom loer saam met **Heinrich Groenewald** en **Shona van der Merwe** van **Reservoir** na 'n voorskou van die Toyota Stellenbosch Woordfees se kunsveiling. 'n Uiteenlopende versameling kunswerke deur opkomende én gevestigde kunstenaars sal te sien en te koop wees.

14 tot 16 OKT 15:00

60 minute | Stadsaal
Gratis



IRMA STERN FILMVERTONING

Hierdie is die première van die eerste vollelgte-rolprent oor die lewe en werk van Irma Stern. Die film bevat seldsame argiefmateriaal van belangrike Arabiese skilderye wat Stern in die 1940's op haar reise geskilder het, klankopnames waarin die kunstenaar oor haar werk gesels asook onderhoude met die laaste mense wat haar persoonlik geken het. Die film is vervaardig deur Anne en Tessa Graaff met die filmmaker Sean O'Sullivan as projekkleier. **Amanda Botha**, wat by die filmproyek betrokke is, sal 'n kort inleidende praatjie lewer.

16 OKT 15:00

60 min | Oude Leeskamer
Gratis



KAREL NEL: CLOSE AND FAR BOEKBEKENDSTELLING

Sluit by ons aan vir die bekendstelling van **Elizabeth Burroughs** se boek *Karel Nel: Close and Far*. Die boek bespreek die kunstenaar se wye belangstellings, sy betrokkenheid by teken as dissipline en hoe hy teken gebruik om denke, bewussyn en die interpretasie van die self, die wêreld en die heelal te ondersoek. 'n Keur van Nel se tekeninge word by die **Rupert-museum** uitgestal as deel van 'n groepstentoonstelling.

16 OKT 11:00

60 min | Rupert-museum
R100 | R130 by die deur



RUMINATIONS: KAREL NEL FILMVERTONING

Michael Donnelly se dokumentêre rolprent *Ruminations: Karel Nel* bied insig in Nel se buitengewone lewe en reis as kunstenaar. Dié hoogaangeskrewe kunstenaar en kurator is veral bekend vir sy integrasie van kuns en wetenskap. Sy loopbaan strek oor dekades en verskeie dissiplines. Nel was tot 2017 medeprofessor aan die Wits-universiteit en is in 2018 aangestel as senior adviserende kurator by die Norvalstigting in Kaapstad, waar hy groot uitstallings saamstel met die werk van invloedryke Suid-Afrikaanse en internasionale kunstenaars.

16 OKT 14:00

60 min | Oude Leeskamer
Gratis



KUNS-EN-JUWELIERSWARE-VEILING: UITSTALLING

Strauss & Co Afrika bied 'n voorskou van werke wat te koop sal wees op sy vlagskip-kuns-en-juwelierswareveilings later vanjaar. 'n Hoogtepunt is die terugkeer na Suid-Afrika van **Gerard Sekoto** se *Self Portrait*, wat vroeër vanjaar die toonstuk was by die uitstalling *Paris Noir: Artistic Articulations and Anti-Colonial Resistance, 1950 – 2000* in Centre Pompidou, Parys, Frankryk.

'n Gefokusde uitstalling met werk van **Irma Stern** word ook aangebied. Dit is samelopend met 'n omvangryke Stern-uitstalling, *Irma Stern: A Modern Artist between Berlin and Cape Town*, wat tot 2 November 2025 in Berlyn aangebied word. Dit sluit haar skildery *Children Reading the Koran* in, wat in 2023 vir R22,3 miljoen verkoop is.

11 tot 19 OKT 09:00-17:00
Gratis | Oude Leeskamer



Frank Kilbourn



Art (Inspired) Fashion Show

SONONDER-RONDLEIDINGS MET FRANK KILBOURN

Frank Kilbourn, uitvoerende voorstander van Strauss & Co, deel sy liefde vir en uitgebreide kennis van kuns in 'n rondleiding van die werke wat gekies is vir die voorskou van die opkomende Strauss & Co-vlagskipveilings.

16 OKT 18:00
60 min | Oude Leeskamer
R100 | R130 by die deur



WOL BY DIE WOORDFEES LEZANNE VIVIERS ART (INSPIRED) FASHION SHOW

Die internasionalo gevierde ontwerper **Lezanne Viviers** keer terug na die Toyota Stellenbosch Woordfees met haar jongste modeversameling wat deur kuns geïnspireer is. Sy ondersoek die kreatiewe moontlikhede van wol as materiaal. Verwag kontemporäre couture wat mode en kuns op eiesoortige wyse byeenbring.

17 OKT 15:00
60 min | Oude Leeskamer
R500 | R530 by die deur
(sluit borrels en canapés in)



MASTERCLASS ON IRMA STERN AFRICA'S LEADING MODERNIST ARTIST

Die hoogaangeskrewe kunshistorikus **dr. Alastair Meredith**, hoof van Strauss & Co se kunsdepartement, bied 'n meesterklas aan oor Irma Stern, Suid-Afrika se voorste modernistiese kunstenaar. Die praatjie val saam met die tentoonstelling *Irma Stern: A Modern Artist Between Berlin and Cape Town* by die Brücke-museum in Berlyn en Strauss & Co se parallelle tentoonstelling wat Stern se nalatenskap vier met 'n keur van groot werke uit belangrike plaaslike en internasionale versamelings.

14 OKT 11:00
60 min | Oude Leeskamer
R100 | R130 by die deur



Strauss&co

Africa's Leading Art Auction House

Gerard Sekoto: Self-portrait, 1947 – The Kilbourn Collection
© Estate of Gerard Sekoto/Adagp, Paris, 2025 – Photo © Jacopo Salvi

Proud sponsors of the
Toyota Stellenbosch Woordfees 2025

www.straussart.co.za

STRAUSS & CO: LESINGS EN GESPREKKE

SOUTH AFRICAN ART JEWELLERY ORIGINS & LEGACY

Dié praatjie in samewerking met die Universiteit Stellenbosch se departement visuele kuns ondersoek die oorsprong en erfenis van Suid-Afrikaanse kunstuweliersware. Dit volg die historiese ontwikkeling van juweliersware-ontwerp in die land, lig sleutelfigure en -oomblieke uit en bied insig in die artistieke en kulturele betekenis van die juwelierstukke wat as deel van Strauss & Co se veilingvoorskou te sien is.

15 OKT 13:00

60 min | Oude Leeskamer
Gratis



Alistair Meredith



THE ART OF COLLECTING

WHY YOU SHOULD COLLECT ART,
WINE AND JEWELLERY

Kom luister na **Frank Kilbourn**, ywerige versamelaar en uitvoerende voorsitter van Strauss & Co; **Josh Ginsburg**, direkteur van die A4 Arts-stigting; **dr. Alastair Meredith**, hoof van Strauss & Co se kunsafdeling; en **Carel Nolte**, hoof van sakebemagtiging by EasyEquities en **Veronique Savigné**, interieurkonsultant en adviseur oor kontemporêre kuns, terwyl hulle gesels oor die liefde vir en waarde van versameling. **Sean O'Toole** gesels met die paneel oor waarom dit vervuld en ionend kan wees om kuns, wyn en juweliersware te versamel. Agterna word skemerkelkies bedien.

14 OKT 18:00

60 min | Stadsaal
R100 | R130 by die deur



TRAVELLING SEKOTO RETURNS HOME

Sluit aan by **Lizelle Kilbourn**, wat bekend is vir haar en haar man, Frank, se uitsonderlike kunsversameling en filantropiese inisiatiewe, vir dié praatjie waarin sy die betekenis en natalenskap van Gerard Sekoto, een van Suid-Afrika se baanbreker- swart modernistiese kunstenaars, ondersoek. Sy deel insigte oor Sekoto se invloed binne die konteks van *Paris Noir: Artistic Articulations and Anti-Colonial Resistance, 1950-2000*, 'n grensverskuwend tentoonstelling by die Pompidou-sentrum in Parys waarin die werk van 150 kunstenaars uit Afrika, die Amerikas en die Karibiese See te sien was.

13 OKT 11:00

60 min | Oude Leeskamer
R100 | R130 by die deur



WOORDFEES-ATELIER

'n Oorsigtentoonstelling van deelnemers aan vanjaar se Ateljeebesoeke-program. 'n Werk van elke kunstenaar in die program word ten toon gestel. Hierdie tentoonstelling is 'n nuttige vertrekpunt om jou ateljeebesoeke te beplan. Werke van ander kunstenaars sal ook te sien wees: Lukas Stander, Strijdom van der Merwe, Hougaard Winterbach, Sharlé Matthews en Rose Namubiro Kirumura.

Opening 12 OKT 18:00

90 min | Gratis

Daagliks oop van 09:00-17:00
IS Art, Blaauwklippen-wynlandgoed

Aangebied deur **IS Art-galery,**
Blaauwklippen



ATELJEEBESOEKE

Dié initiatief gee aan feesgangers toegang tot plaaslike kunstenaars se skeppende ruimte. Die ateljeebesoeke kos R40 (60 minute) of R65 (90 minute).

IZETTE ROOS

Culemborgsingel 19, Die Boord

Izette gebruik gewone, alledaagse voorwerpe in haar beeldhoukuns. Sy ondersoek wat ons glo ons is en wat ons glo ons toekom. Die werk is plat vlakke wat drieimensionale aanmekaars gesit word om beeldhouwerke te vorm.

11, 16, 17 & 18 OKT 11:00, 12:00,
14:00 & 15:00





Katie Ferringer

KATIE FERRINGER

Mountain Wood-plaas, Banhoek

Katie se huidige reeks verken die interspel van water op die menslike vorm. Sy wil dit nou in 'n nuwe rigting stuur met 'n dieptestudie van lig, vlug en gewigloosheid – en die eindeloze moontlikhede van die lugruim. Vir haar kan die kreatiewe proses nooit voorafbepaal word nie; dit is 'n reis na verkenning en selfontdekking.

11, 14, 16 & 17 OKT 11:00, 12:00 & 13:00

11 OKT 15:00



Marianne Burger

LUNGA KAMA

Mawethustraat 304, Khayamandi

Lunga is 'n fotograaf met 'n graad in die visuele kunste. Hy werk hoofsaaklik in die medium van fotografie en sy hooffokus is portrette. Hy maak portrette van plante, maar ook selfportrette binnens-én buitenshuis.

11, 12, 18 & 19 OKT 10:00, 11:00 & 12:00



Marinda du Toit

MARIANNE BURGER

Patryslei-plaas 4, Stellenbosch

In Marianne se ateljee op Patryslei bied sy kursusklassie aan asook slyskole in olieverf en drukmetodes. Besoekers sal haar skilderye op linne en wit doek kan besigtig, maar ook linosnee-, droëpunt- en etsafdrukke. Tans verf sy hoofsaaklik voëls in hulle fynbosomgewing, en landskappe.

13 & 14 OKT 11:00

MARINDA DU TOIT

Middelstraat 2, Pniel

Marinda gebruik optelgoed soos hout, plastiek, metaal, draad, papier en tekstiel om karakterte te skep wat lyk soos die mense wat sy sien – hul postuur, manier van stap én energie. Die voorwerpe en materiaal vorm die riglyn om intuïtief figuurtjies of collages te maak. Die geskiedenis van die materiaal en die

samestelling daarvan vestig 'n nuwe narratief vir die voorwerpe én die kunswerk.

14, 16 & 17 OKT 10:00, 11:00 & 12:00

MONA HAUMANN

Keetweg 9, Mostertsdrif

Mona is 'n Stellenbosse kunstenaar wat die lewe deur kuns ervaar. Sy skep werk en idees rondom herinneringe van haar onderbewuste, maar werk ook met visuele elemente van haar onmiddellike hier en nou.

11 OKT 09:00, 10:00, 11:00 & 12:00



PAULA VAN COLLER

20 Bosch-en-dal, Karindal

Die groefasies van Paula se tuin en die sikielse gebeure van die natuur vorm die basis van haar artistieke inspirasie. Net soos die natuur deur seisoene beweeg, weerspieël haar kuns die verskillende lewensfases – groei, verval en hernuwing. Moeder Natuur se immer veranderende ritmes dien as kragtige metafore vir menslike aanpasbaarheid.

16 & 18 OKT 11:00



TRUDE GUNTHER

Hertestraat 37

Trude se werk wissel van illustratiewe tekeninge, strokiesprente, collages en boeke tot olieverfskilderye en beeldjies. Sy beskou haarself as 'n "jagter-versamelaar" wat op gevoel voorwerpe bymekaarmaak wat simboleis is van 'n teoretiese soekna betekenis.

11, 12 & 19 OKT 11:00 & 13:30

90 min

verwerf. In 1998, twee jaar ná die voltooiing van haar graad, ontvang sy 'n meriteprys by die Sasol Nuwe Handtekeninge-kompetisie. Haar werk is al opgeneem in versamelings soos Sasol, Absa Private Bank, Hewlett Packard, Rand Merchant Bank, Nando's (Brittanje) en Leon Strydom. In 2009 was sy die wenner van die Sanlam "Vuleka"-skilderkategorie. Sy het reeds ses solotentoonstellings en etlike groepuitstallings agter die blad.

ZONIA SCHEFFER

Jonkershoekweg 28

Zonia het 'n honneursgraad in skone kunste aan die Universiteit van Pretoria

**13, 14 & 15 OKT 11:00, 12:00,
14:00 & 15:00**

UITSTALLINGS

VELDHOSPITAAL VISUELE KUNS EN FISIEKE TEATER

Almal is moeg, siek en sat, lê met 'n eina-pyna hart, effens mal, huilerig, gee moed op... en voel genoeg is genoeg. Daarom het ons besluit om saam 'n veldhospitaal te bou waar ons as sukkelende kreatiewe lywe net 'n drup of 'n drukkie of íéts kan kry. 'n Plek waar ons waarhede kan leef en stories saam kan weef. Dít is die medisyne! Die Veldhospitaal is 'n ervaring, 'n avontuur na die binnewêreld. Dit is 'n lewende kunswerk wat ontstaan uit individuele kunstenaars wat elkeen organe, liggamsdele en abstraksies van menswees verteenwoordig.

Die Veldhospitaal se besoekure is van 10:00 tot 22:00 van 14 tot 19 Oktober; een feeskaartjie dek alles. Skander die QR-kode om na ons webwerf te gaan waar 'n regstreekse skedule beskikbaar is. Ons is nie gepla met perfeksie nie, want dit is juis deur die krake waar die lig inskyn. Ons wil mekaar net so 'n bietjie vashou, 'n skouer en 'n oor wees, aan trooskos wegglê, alles uit die hart probeer doen, volkomme ervaar, en aanvaar en gesond word, help waar ons kan, 'n inspirasie-inspuiting gee, 'n blaaskans vir die siel wees, 'n uitroep aan die heelal maak, of 'n saak van gebed begin.

As jy nie heeltemal verstaan wat hier geskryf is nie, chillax, volg net jou instink en kom! Kom boek jouself in by die Veldhospitaal. Bring blomme en 'n beterskapkaartjie saam as jy wil. Hoe ook al, 'n kopdraai-bohaai sal dit bly.

14 tot 18 OKT 10:00-22:00

19 OKT 10:00-18:00

Libertas-plaas

R1 000 per week | R500 per dag | R250 halfdag

(Jy sal weer wil kom...)





DYLAN LEWIS-BEELDETUIN BEGELEIDE TOER

Kom geniet die wonderlike tuin van die beeldhouer Dylan Lewis waar meer as 60 van sy werke in 'n pragtige naturomgewing ten toon gestel word en 'n magiese ervaring skep. Die toer word geleid deur **Hanlé Hill** wat graag haar kennis en netwerk van kunstenaars, ateljees en tuine deel.

Let wel Die tuinpaadjies is ongelyk en met los gruis bedek – en dus gevaelik vir diegene wat onvas is op hul voete. Daar is geen parkeerplek by die tuin nie; gaste vertrek 'n halfuur voor elke toer – per bussie vanaf die Kochstraat-pendeldienshalte.

11 OKT 09:30 & 15:30

14 tot 18 OKT 09:30

18 OKT 15:30 | 19 OKT 10:00

90 min | Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-parkeer-en-pendel. Geen parkering by die beeldetuyn

R350



HENTIE VAN DER MERWE: AFTER DE JONGH

In dié uitstalling gebruik Hentie van der Merwe die landskapskilderye van Tinus de Jongh, W.H. Coetzer, J.H. Pierneef en J.E.A. Volschenk – vroeë Suid-Afrikaanse landskapskilders wat die versinnebeelding is van 20ste euse Afrikaner-identiteit waar temas van landelikheid sentraal staan. Van der Merwe kyk na sy eie identiteit as 'n gay wit Afrikaner in post-apartheid-Suid-Afrika. Oordadige olierieverkommunikeer en stel landskappe voor – en motiewe van berge en riviere word 'n voertuig om die Romantiek te verken.

11 tot 19 OKT 10:00-17:00

GUS-galerie

Rondleiding: 15 OKT 13:00

#PJOKUNSSPORE25

Die P.J. Olivier-kunssentrum bied jaarliks 'n straatkunskompetisie vir gr. 11-leerlinge aan. Die spogwerk van vanjaar se 10 finaliste sal ten toon gestel word op die staproete bekend as #PJOKunsspore25. Dit begin by die P.J. Olivier-kunssentrum in Blomstraat en kronkel deur die dorp. Kaarte sal by die Woordfeeskantoor en by die P.J. Olivier-kunssentrum beskikbaar wees.

11 tot 19 OKT

Gratis

KUNS OP STRAAT

Kuns in openbare ruimtes is deel van Stellenbosch se ryke kultuurongewing, en vanjaar bied die Woordfees aan besoekers die geleentheid om dié skat te voet te verken saam met **Hanlé Hill**. Hier word wêreldbekende kunstenaars se handewerk nie beperk tot die ruimtes in geboue nie; dit kan deur almal op ons sypaadjies en in ons parke besigtig word – gratis. Op dié begeleide toer sien jy beeld van nader en hoor meer oor die agtergrond van elke werk. Kom skep asem en stap saam.

12 & 13 OKT 10:30

90 min | Ontmoet by Erfurthuis,
Ryneveldstraat
R165 | R195 by die deur

(A) (E)

RUMOUR HAS IT...

Skirt, Hertestraat 37-galery

“Rumour has it...” is ‘n groeptoonstelling wat begin Oktober open met werke van onder ander Bastiaan van Stenis, Christian Kritzinger, Chris Kriek, Trude Gunther, Stuart Dods, Nina Mostert, Kabous Hanslam, Clare Menck en Wim Smit. Die titel verwys na Michel Foucault se lieflike essay “I Lie, I Speak” waarin die absurditeit uitgewys word van wat dingé

beteken wat ons sê en wat ons dink ons sê, maar ook dit waaroer ons nie durf praat nie of inkleur asof ons jok.

11 tot 19 OKT 10:00-18:00

Gratis

Rondleiding deur kunstenaars

14 tot 16 OKT 11:00

120 min

STELLENBOSCH ACADEMY VISUAL ARTS-KOMPETISIE (SAVAC)

Suid-Afrika bruis van onontgindde kreatiewe talent. Die Stellenbosch Academy se nasionale kompetisie vir hoërskole is ‘n toonvenster vir en viering van ons land se opkomende jong kunstenaars.

Dié uitstalling wys die finaliste se werk – vars stemme van reg oor die land. Ontdek hoe visuele kuns jong mense help om hulself uit te druk en hul plek in die wêreld te vind. Moenie die kans misloop om die toekoms van Suid-Afrikaanse kuns van naby te beleef nie.

11 tot 19 OKT 09:00-17:00

Stellenbosch Academy of Design and Photography | Gratis

Chris Kriel



SKADU'S EN SILHOEËTTE-STAPTOER STELLENBOSCH-KUNSMYL

Eervaar die wisselwerking tussen kuns, plek en persepsie op 'n staptoer langs die Stellenbosch-kunsmyl, 'n openbare kunsroete oor 1,6 km langs die oewer van die Eersterivier. Vanjaar se uitstalling, *Reflekteer: Verder as die oppervlak*, nooi deelnemers om letterlik en figuurlik die veelvlakkige aard van refleksies te verken.

15, 16, 17, 18 & 19 OKT 09:00

120 min | Vertrek vanaf Eerste Kafee,
Suidwalstraat
R250 (maksimum 20 mense)

VIER AFRIKAANS: 'N EEU-FEES VAN TAAL EN KUNS

Die Kunsvereniging Stellenbosch nooi jou hartlik uit na dié tentoonstelling ter viering van Afrikaans se 100ste verjaardag as ampelike taal in die Stellenbosch middedorp. Kunstenaars het kleurryke vlae geskep wat hulde bring aan die ryk erfenis van Afrikaans – elke kunswerk gebruik vergeete woorde, ou volksverhale en kostelike idiome om die karakter en geskiedenis van die taal uit te beeld.

11 tot 19 OKT 10:00-17:00

P.J. Olivier-kunssentrum, Blomstraat 3
Gratis

WERKSESSIES

SHARLÉ MATTHEWS: GESPREK IN KUNS LESING

Sharlé Matthews se abstrakte werke, wat geïnspireer word deur hoe tyd verloop, verken die mysterie van onvoltooidheid terwyl sy dubbelsinnige, gefragmenteerde en tekstuurryke oppervlakte verken. Sy gee betekenis aan die verhaal binne haar werk deur stedelike modernisme en aktieke teksture bymekaar uit te bring wat wys hoe tyd verloop. Dit is die gesprek tussen mens en natuur wat die sentrale tema van haar werk vorm. Sharlé verken hierdie gesprek met papierpulp en verf, met tweedimensionele én beeldhouwerk.

15 OKT 15:00

75 min | Gratis | IS Art Blaauwklippen
RSVP by galerij@isart.co.za

TRUDE GUNTHER: FIGUURSKETSE WERKSESSIES MET MODEL

Hierdie sessies word wel geleei met instruksies, maar deelnemers het die vryheid om te skep wat hulle wil. Dit is nie 'n "les" of "klas" nie, maar bloot 'n geleenthed om die tradisionele mediums te verken binne 'n ruimte wat geleei word deur 'n professionele kunstenaar.

Oggendsessies 'n Vinnige bespreking oor die praktyk en materiale, asook begeleide oefeninge wat wissel van vinnige kontouertot perspektief- en toonaard-tekening. Drie uur lange sessie met lewend model.

Middagsessies 'n Voortsetting van die projek met ekstra materiaal om 'n drie-dimensionele vorm met klei te skep. Drie uur lange sessie met lewend model.

13 & 18 OKT

Oggendsessie (teken) 09:30-13:00
R900


Middagsessie (klei) 13:30-17:00
R900

Albei sessies 09:30-17:00

R1650 (middagete ingesluit)

Alle materiale ingesluit.

44 Skirts FA Studio, Plaas 350, deel 4,
Jonkershoek, Stellenbosch



diskoers



Deel

GESPREKKE EN MENINGS

FILOSOFIEKAFEE

Met **Stan du Plessis, Vasti Roodt, Hannes Smit, Susan Hall, Amy Daniels, Jacques du Plessis, Dawid de Villiers** en ander

Filosowe, woordsmede en wysgere span woorde in om mekaar om die bos te lei, spek te skiet of ekonomies met die waarheid om te gaan. Dit alles in die altyd sneluitverkopte *Filosofiekafee*. Wie gaan vir wie ore aansit? Stem agterna vir jou gunsteling-bogprater! Bestel iets te ete vanaf 18:00. Ondersteun deur Universiteit Stellenbosch.

13 OKT 18:00 vir 19:00

120 min | The Daisy Jones Bar
R160 | R190 by die deur



RUGBY, RAS EN 'N KIS BIER

FILM & GESPREK

'n Dokumentêr oor die Akker XV-rugbyspan van die mid-1980s. In die middel jare tachtig het 'n groep Stellenbosse studente met bruin en swart spelers saamgespan om 'n rugbyklub te stig wat genoem is na die bekende kroeg Die Akker, wat hulle "geborg" het met 'n kis bier ná elke wedstryd. Ons gesels ook met van die spelers.

19 OKT 14:00

75 min | Neelsie Cinema
Gratis

CONCERTO: 'N PIANIS OP REIS MET PARKINSON SE SIEKTE

FILM & GESPREK

Met **Nina Schumann** (pianis), **Gideon Lombard** (gespreksleier), **Jurg Slabbert** (regisseur), **Christiaan Boonzaier** (vervaardiger)

Sedert fokale distonie – 'n breinsiekte wat onwillekeurige spasmas veroorsaak – en Parkinson se siekte by haar gediagnoseer is, het Nina Schumann, een van Suid-Afrika se voorste pianiste, besluit om die fokus voortaan op haar musiek én haar siektes te plaas. Nina deel haar

ervarings as musikus en pedagoog terwyl siektes haar loopbaan in 'n nuwe rigting gedwing het, en wys vir die eerste keer in Suid-Afrika 'n kort dokumentêr wat vasvang hoe sy as Parkinson-lyer vir 'n Rachmaninoff-konsert voorberei (by die Woordfees in 2023). Daarna gesels sy oor die pad vorentoe.

16 & 18 OKT 17:00

90 min | Neelsie Cinema
R30 | R40 by die deur

ARTWASHING JUXTAPOSED FILM

Kunstenaars en kreatiewe ruimtes is een van die dryfvere agter gentrifkasie, 'n proses wat soms ook *artwashing* genoem word. Kuns kan egter ook 'n positiewe rol speel. In die dokkie *Artwashing Juxtaposed: Raising Awareness of Gentrification in the Historical Villages of Stellenbosch* word dié gesprekspunt verken aan die hand van die werke van **Strijdom van der Merwe** en kuns- en dramastudente aan die US.

11 & 18 OKT 13:00

75 min | Neelsie Cinema
Gratis

GESPREKKЕ OOR AFRIKAANS

SBA-GESPREK

GAYLE, TAAL VAN VERSET

Aangebied deur die **Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)**

Die unieke taal van die gay gemeenskap, Gayle, het ontstaan in 'n tyd toe dit onwettig was om gay te wees. **Sandra Prinsloo** vra gebruikers uit oor hierdie taalvariant wat mense uit die kloue van geregsdienaraars help hou het, en 'n medium was vir minnaars om in mekaar se arms vertroosting, pret en (soms) liefde te vind. Dié geskiedenis is vol humor, maar terselfdertyd hartverskeurend.

13 OKT 10:30

50 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis

JOU MASE TAAL

AFRIKAANS SE KOMVANDAANS EN WAARNATOES

Met **Danie Marais, Romantha Botha, Stephanie Pekeur**

Waldimar Pelser gesels met die skeppers en inhoudsregisseurs van kykNET se twee dokumentêre reekse *Die stories van Afrikaans* en *Jou mase taal*. Watter nuwe insigte bied dié reekse op Afrikaans en haar gemeenskap?

14 OKT 10:30

50 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis

VAN TAALPAAL TOT TOTEM

KOM WISSEL TOEKOMSWOORDE

Die **Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM)** vier 50 jong jare. Dié mylpaal plaas weer die klem op die ikoniese beeldhouwerk wat besin oor die verlede, hede en toekoms. Kulturele instellings moet immers ervarings skep wat begrip vir die ander aanmoedig. Kom debatteer saam oor die rol van die ATM in die veranderende en dikwels verdeelde Afrikaanse en Suid-Afrikaanse gemeenskappe.

15 OKT 10:30

50 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis

VVA-OMMIETAFELGESPREK BOEKЕ EN FEESTE – PASMAATS?

Ons gesels onder meer oor die rol wat boeke, lees en boekwinkels by feeste speel. Is daar nog 'n plek vir en behoeftie aan die geskrewe woord by feeste? **Chareldine van der Merwe (ATKV: Vriende Van Afrikaans)** gesels met **Nita Cronjé** (ATKV-verteenwoordiger by kunstefeste), **Diana Ferrus** (bekroonde digter en skrywer), **Melt Myburgh** (digter en voormalige uitgewer) en **Eben Pienaar** (reklamebestuurder by NB-Uitgewers).

18 OKT 12:00

50 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis

PERSPEKTIWE OP AFRIKAANS

UITDAGINGS EN GELEENTHEDE

In die gesprek, aangebied deur die **Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**, ondersoek paneeldele van die Taalkommissie, Letterkundekommissie, Onderwysskommissie, Geskiedenis-kommissie en die Kommissies vir Uitvoerende en Visuele Kunste uitdagings en geleenthede vir Afrikaans in 'n veranderende Suid-Afrika.

17 OKT 10:30

50 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis

AFRIKAANSE TAALRAAD

DIE OORDRAG VAN TAAL TUSSEN GENERASIES

Aangebied deur die **Afrikaanse Taalraad (ATR)** en die **Indigenous Languages Action Forum (ILAF)**

Die gesprek sal uitsluitlik in Xhosa en Afrikaans plaasvind.

18 OKT 10:30

50 min | Netwerk24-Diskoerstent
Gratis

ONSE AFRIKAANS

Die **Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)** se *Onse Afrikaans* is 'n reeks video-opnames deur Sandra Prinsloo wat in verskillende episodes die unieke aard, karakter en oorsprong van Afrikaans se diverse variëteite en dialekte verken. Tydens die Woordfees word 11 episodes vertoon: Kaaps, Sabela, Karoo Afrikaans, Bo-Kaap Afrikaans, Rehoboth Afrikaans, Rasta Afrikaans, Tsotsitaal/Flaaitaal, Namakwaland Afrikaans, Gariep/Oranjerivier Afrikaans, Graaffrikaans en Gayle.

Daagliks 09:00 tot 17:00

US Museum-raadsaal
Gratis

KOM KYK WAT IS OP DIE ATKV SE SPYSKAART ...



ATKV-TIENERTONEEL



TAALGENOOT

RUK EN RY^M

... TYDENS DIE TOYOTA
STELLENBOSCH WOORDFEES



NAGGESPREKKE: DRIFTIG IN DIE DONKER

Naguile met menings oor die kunste en maatskaplike kwessies hoef nie tydens die Toyota Stellenbosch Woordfees vroeg in die kooi te klim nie. Sluit van **13 tot 17 Oktober** om **21:00** die feesdag af met 'n loopdop en stimulerende gesprek onder leiding van **Kabous Meiring** by Die Khayakafee. Kom vroeg vir **Open Mic** en bly laat vir die **Afterparty**.

GEN Z IRL

'n Gen Z en 'n Baby Boomer stap by die kroeg in... Is die nuwe geslag broos of sommer net meh? Ons gesels mét enoor hulle en vind uit hoe hulle die verlede, hede en toekoms sien. **13 OKT 21:00**

JY WIL WÁT WORD?!

Mense word dikwels afgerai om 'n loopbaan in die uitvoerende kunste te volg. Is daar maniere om dié *not so sensible* loopbaankeuse innoverend en selfs winsgewend te bedryf? **14 OKT 21:00**

MUSIEK IN GESPREK

Kom luister na en gesels oor kitsch, *cringe* en eksperimentele en vergeet tracks.

15 OKT 21:00

SHAKA VON BEETHOVEN

Shaka Zulu sterf in 1828 op 41-jarige ouderdom en Ludwig von Beethoven in 1827 op 56. As hulle vandag gelewé het, sou hulle mekaar geken het? Ken ons die geskiedenis van hierdie brawe maar gebreekte land van moontlikhede? Wat kan ons daaruit leer op pad na 2030?

16 OKT 21:00

WEES GEWAARSKU!

Ons het mak geword. Tannies storm nie meer met rooi wange uit teaters as hulle p-wordde hoor nie. Vanjaar maak *nudity* 'n *comeback*, taal is meer gekruis as ooit, en geweld op die verhoog is algemeen. Het ouderderdomsbeperkings nog 'n funksie? Wie mag wat sien en hoor? **17 OKT 21:00**

NETWERK24: DIE ONDERHOUD MET MIA SPIES

In die *Die onderhoud met Mia Spies* gesels die multimediaoornalist en TV-aanbieder Mia Spies met vyf inspirerende Suid-Afrikaners. Dié gespreksreeks word gratis in die Netwerk24 Diskoerstent agter die US Museum aangebied.

13 tot 17 OKT 16:00 | 50 min | Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

THULI MADONSELA

Die voormalige Openbare Beskermer is deesdae professor aan die US en direkteur van die Sentrum vir Sosiale Geregtigheid. Sy gesels oor die huidige stand van ons demokrasie, die rol van etiese leierskap en die ontkapping van die staat.

13 OKT 16:00

WHITEY BASSON

Whitey Basson het die sukkelende OK Bazaars vir R1 gekoop en Shoprite tot die grootste kleinhandelaar in Afrika uitgebou. Daar is hope staaltjies en stories in omloop oor dié kleurryke, onverskrokke sakeleier, wat self 'n storieverteller van formaat is.

14 OKT 16:00



BERTUS BASSON

Bertus Basson is die naaste wat SA aan 'n *celebrity*-sjeff kom: Hy is die eienaar van verskeie restaurante, 'n TV-aanbieder en beoordelaar, 'n trotse Stellenbosser, 'n onuitputbare bron van energie en idees, en 'n kampioen van vinnig praat.

15 OKT 16:00

LEON SCHREIBER

Die minister van binnelandse sake is 'n Stellenbosse boy met 'n indrukwekkende CV: Paul Roos, Maties, konvokasieverteenvoeriger op die US Raad, 'n sleutelfiguur in die RNE en die DA. En nie oral bemind nie. Wat lê vir hom voor?

16 OKT 16:00

SPESIALE GAS

Hou ons sosial media dop vir inligting oor 'n spesiale gas in die laaste aflewering van die reeks.

17 OKT 16:00

NETWERK24-GESPREKSREEKS

Netwerk24 nooi jou na aktuele gesprekke geleei deur **Gert van der Westhuizen**, Netwerk24 se politieke redakteur. **13 tot 17 OKT 09:00** | 60 min | Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

TRUMP: TROEFAART OF JOKER?

Is dit alles voorgee, of is daar werkelik 'n plan? Hoe het president Donald Trump se beleid en retoriek Suid-Afrika se politieke en ekonomiese betrekkinge met die VSA en die res van die wêreld beïnvloed? En wie gaan vir die gelag betaal?

13 OKT 09:00

PLAASLIKE VERKIESINGS: ONDERWEG NA 2029

Demokratiese Suid-Afrika stem volgende jaar vir 'n sewende maal vir plaaslike regering. Hoe verwag kenners gaan die kruisies getrek word, veral in areas waar daar geen regmerkies langs dienslewering is nie? En wat voorspel dit vir die algemene verkiesing vir 2029?

14 OKT 09:00

WAAR STAAN ONS IN DIE HOF?

Is ons howe op die rand van die afgrond? Wat is die standaard van regspraak in

Mia Spies



veral die landdroshewe en die gehalte van prokureurs en advokate wat in ons regstelsel werk? Waarom is hofrolle so vol dat dit jare neem om regshulp te kry?

15 OKT 09:00

NGV EN DIE TOEKOMS VAN PRIVATE MEDIESE SORG

Is die fyn voetwerk rondom Nasionale Gesondheidsversekerings net wat die dokter voorskryf vir die voortbestaan vir die RNE? Waar laat dit mediese skemas, -versekerings en bekommende lede in die interim?

16 OKT 09:00

KI IN DIE KLASKAMER

Wat beteken KI in die tyd van KI? Hoe word leerders toegerus om kunsmatige intelligensie sinvol in hul ontwikkeling en opleiding te integreer? Waar laat dit onderwysers? Behoort ons bekommend te wees?

17 OKT 09:00

ONGEHOORD

14 tot 17 OKT 09:30

60 min | Oude Leeskamer | Gratis

DIE PRYS VAN TEENGENDER-IDEOLOGIE

Amanda Gouws in gesprek met
Marion Stevens

Dr. Marion Stevens, stigterdirekteur van die Seksuele en Reproduktiewe Geregtigheidkoalisie, deel haar insigte oor hoe die verwerving van geslagsgelykheid en gendervloeibaarheid reproduktiewe geregtigheid benadeel. Donald Trump se idee dat daar slegs twee geslagte is, die inkorting van reproduktiewe keuses vir vroue, en gesondheidsorg vir transgender mense het beduidende skadelike gevolge vir vroue en gendervloeibare individue, ook in Suid-Afrika.

14 OKT 09:30

'N SIN VIR GEMEENSKAP

Nadia Sanger in gesprek met **Carina Venter**

Waarom is gemeenskappe belangrik? Is hulle ruimtes van sorg en eenheid of uitruiling en ongeërgdheid? Of 'n kombinasie van albei? Ons bespreek wat gemeenskappe potensieel kan wees en die moontlikheid wat hulle bied in terme van die idee van deel. Ons dink na oor die voorwaardes wat gemeenskappe in stand hou, hul potensiaal om te transformeer en die sin onderliggend aan hulle vorming.

15 OKT 09:30

INVIA-GESPREKSREEKS

Bespreek: inviamusiek@gmail.com

STIL-WEG

Theo Geyser gesels met **Carel Anthonissen** oor sy nuwe boek wat lig werk op *retreats*, die kuns van stilword en geestelike begeleiding. Dit is 'n viering van die ryke skoonheid van musiek, beeldende kuns, poësie en prosa, en veral die natuur, want in dit alles sien, hoor, ruik, proe en voel ons die goddelike. **12 OKT 10:00**
60 min | Bontevelei-venue

DIGITALE KULTUUR & AFRO-OPTIMISME

Hoe navigeer ons digitale rassisme of seksisme, en kan ons gedeelde ervaring van plek, grond en die liggaaom ons herinner aan die uniekheid van menslike bewussyn? In hierdie paneelbespreking gesels **prof. Stella Viljoen** met **Wamuwi Mbao** (departement Engels, US), **Taryn Bernard** (departement algemene taalkunde, US) en **Charisse Louw** (departement visuele kunste, US) oor die maniere waarop 'n kritiese begrip van Afrika nou dalk 'n manier kan wees om Afrika môre te antisipeer en daarop voor te berei.

16 OKT 09:30

ONS MOET PRAAT OOR DIE GESIN

Met **Azille Coetzee, Bibi Burger,
Chan Croeser, Vasti Calitz**

Mense is geneig om die kerngesin te beskou as 'n natuurlike manier waarop mense saamhoort, iets wat buite die politiek bestaan. Die geskiedenis wys egter die gesin soos ons dit vandag ken, het nie altyd bestaan nie; dit het eerder ontstaan met die opkoms van geïndustrialiseerde kapitalisme en kolonialisme. Pleks daarvan dat die kerngesin dus buite die politiek bestaan, dien dit spesifieke magstelsels. Boonop vind die meeste mense nié die sorg wat hulle nodig het daarin nie. Die paneel besin oor watter soort wêreld moontlik word as ons onself in meer omvattende en kollektiewe netwerke van sorg en ondersteuning voorstel.

17 OKT 09:30

Ondersteun deur **Universiteit Stellenbosch**

ONTDOOF FLUISTERINGS IN STILTE

Ontdoof: Fluisterings in stilte werp lig op die duistre pad van moderne spirituele soeke. In sy gesprek met **Frieda van den Heever** besin **Theo Geyser** oor die temas van sy boek, wat gebaseer is op sy dekade lange PhD-ondersoek. Sy werk verken die ontbindende verhouding tussen jongmense en die kerk, en hoe hulle met hul menslike ontmoetings met stilte en betekenis die idee van God herontdek.

19 OKT 10:00 60 min | Bontevelei-venue

TEATERGESPREKKE

In dié gratis gesprekke gesels die Woordfees-direkteur en dramaturg **Saartjie Botha** met teatermakers en kunstenaars wat gesorg het vir van die opwindendste produksies op vanjaar se fees. **13 tot 17 OKT** | 60 min | Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

TWEE OPERAS

DIE TOWERFLUIT EN

THE BARBER OF SEVILLE

Ná 'n lang afwesigheid spog vanjaar se Woordfeesprogram met twee operas. **Magdalene Minnaar**, artistieke direkteur van Kaapstad Opera, en van die **kunstenaars en rolspelers** wat by dié twee produksies betrokke is, gesels oor die uitdagings en vreugdes van hierdie besonderse genre.

13 OKT 11:45

HUIS VAN SAND

Dianne du Toit Albertze se teks is die nuutste winner van die Reinet Nagtegalkapsprys, die grootste teaterkapsprys in Suid-Afrika. Dianne, die regisseur **Wolf Britz** en **die geselskap** vertel meer oor die wen-teks, die landskap van die Noord-Kaap wat ook 'n karakter word, en toksiese vroulikheid.

14 OKT 11:45

KINDERLË

Lynthia Julius se tweede digbundel, *Kinderlë*, is hoog aangeskryf. In haar eerste volwaardige toneelstuk verken sy die gebeure van 1867 toe 32 Nama-kinders, hulle oppassers en honde deur 'n groep Boesmans vermoor is. Julius, die regisseur, **Lee-Ann van Rooi**, en **die geselskap** werp meer lig op dié onstellende incident en hoe geskiedskrywers dit hanteer het.

15 OKT 11:45

STUDENTEDISKOERS

Ondersteun deur Universiteit Stellenbosch

14 tot 16 OKT 17:15 | 50 min | Gratis | US Konservatorium-amfiteater

HOE DEEL ONS DIE KAMPUS?

Kan ons kampusse ruimtes wees waar almal huis voel? **14 OKT 17:15**

HOE DEEL ONS IN MEKAAR SE LEKKERKRY EN SWAARKRY?

Geestegesondheid, druk, die strewe na

DIE ANDER DOGTER

Die immergroen ikoon **Sandra Prinsloo** is terug met 'n verwerking van die Nobelpryswenner Annie Ernaux se *l'Autre Fille*, wat deur **Naomi Morgan** uit Frans vertaal is. Op 10-jarige ouderdom vind 'n dogter uit sy het 'n oorlede ouer suster gehad. In 'n aangrypende brief aan dié suster besin Ernaux oor verlies, ouers en sibbe. Prinsloo en Morgan vertel meer.

16 OKT 11:45

BOKLIED

Breyten Breytenbach se *Boklied* is in 1998 die eerste keer opgevoer onder regie van **Marthinus Basson**. Dié veelgepreste stuk was destyds uiters omstrede. Basson pak weer dié magistrale werk aan, maar met 'n nuwe geslag spelers en **De Klerk Oelofse** in die hoofrol. 'n Waardige huldiging vir Breytenbach wat einde 2024 oorlede is, maar ook 'n komplekse stuk wat toeligting vra. Basson en **die geselskap** deel hulle insigte.

16 OKT 14:30

BOESMAN EN LENA

Al het daar 56 jaar verloop sedert *Boesman and Lena* die eerste keer opgevoer is, bly Athol Fugard se stuk oor ontheemding en randfigure steeds relevant. Die regisseur **Christo Davids** en **die geselskap** gesels oor dié tydlose stuk, en die nalatenskap van Fugard, wat vroeër vanjaar oorlede is.

17 OKT 11:45

sukses... Is 'n lewe van "balans" moontlik?

15 OKT 17:15

HOE LYK DIE LEWE

NÁ JOU GRAAD?

Deel ons dieselfde toekomsvisie?

16 OKT 17:15

RESONANS-GESPREKSREEKS

Aangebied deur die **Stellenbosch NG Moedergemeente**

Met **Johan van der Merwe** en paneeldele

13 tot 15 OKT 14:30 | 50 min | Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

DEEL, GEE EN NEEM

Vroeër vanjaar was daar drama in die Withuis. Woorde soos "volksmoord" en "grondgryp" is kwistig rondgegooi, terwyl Julius Malema "Kill the Boer" uitbasuin. Wat beteken dit om te deel in 'n land waar ongelykheid so diep gewortel is? Is "deel" onlosmaaklik verbind aan "neem" indien daar nie genoeg gegee word nie? En hoe klink die evangelië as dit praat van deel – as uitnodiging of as bedreiging?

13 OKT 14:30

DEEL VAN DIE KERK – NET AS JY PAS...

Wat as jy jouself nie meer as deel van die kerk ervaar nie of nie welkom voel nie? Of juis kies om op die kantlyn te staan? Ons ondersoek uitsluiting, behoort, die uitdagings van inklusiewe

geloofsgemeenskappe en die skeidslyn tussen 'n meer mistieke en 'n meer teïstiese verstaan van God en geloof. Wat moet jy glo om "deel" te kan neem? En hoe "ruim" kan die kerk se huis wees voor dit nie meer kerk is nie?

14 OKT 14:30

DEEL EN VERDEEL GOD, MENS, DIER, MASJIEN

Wat maak 'n mens 'n mens? Is dit selfbewussyn, skeppingsvermoë, morele oordeel? In 'n wêreld waar masjiene leer en diere voel, begin die ou grense vervaag. Kan agentskap gedeel word – met ander spesies, selfs met sintetiese entiteite? En waar laat dit God as die veronderstelde bron van lewe en betekenis? Wat beteken dit vir gemene delers tussen God, mens, dier en masjien – en is al hierdie agente nog uniek en nodig?

15 OKT 14:30

RSG-UITSENDINGS

RSG en RSG-aktualiteit saai regstreeks uit vanaf die **RSG/ATKV-vierkant** by die US Museum. Kom kyk en luister na jou gunstelingaanbieders in lewende lywe.

12 tot 18 OKT | RSG/ATKV-vierkant | Gratis

KOMMENTAAR

Met **Suzanne Paxton**

'n Diepte-ontleding van die week se belangrikste nuusgebeure. **12 OKT 20:00**

SPEKTRUM

Met **Suzanne Paxton**

Nuus en aktualiteit op sy beste.

13-17 OKT 12:00

DRIEESTIG

Met **Martelize Brink** en/of **Johan Rademan**

Dit is jou blik op die wêreld om jou – ons praat met mense wat 'n verskil maak, hou jou op die hoogte van sake, hoor jou

menings en interessante stories.

13-17 OKT 13:00

SATERDAGSPRANKEL

Met **Sue Pyler-Slabbert**

'n Opgewekte leefstylprogram met vermaak, musiek, 'n ster in die kombuis, reis, landbou, stroomreekse en baie meer.



18 OKT 10:00

NAWEEK-AKTUEEL


Met **Esté de Klerk**

Jou bron van plaaslike en internasionale nuusgebeure.

18 OKT 13:00



Al die aktualiteit, musiek, sport, drama en gesels.



RSG 100
-104 fm
DIS DIE EEN

SCIENCE CAFÉ

Die Science Café is 'n inisiatief van die US se fakulteit natuurwetenskappe wat openbare gesprekke oor wetenskapskwesties aanmoedig. **14 tot 16 OKT 18:30 | 60 min | US Konservatorium-amfiteater | Gratis**

KWANTUMSATELLIETE SA EN CHINA VAT HANDE

Met **dr. Yaseera Ismail** (eksperimentele fisikus, departement fisika, US), **prof. Francesco Petruccione** (direkteur van die Nasionale Instituut vir Teoretiese en Berekeningswetenskappe en professor in kwantumberekeningse aan die Skool vir Datawetenskap, US)

Suid-Afrika en China het die langste ultraveilige interkontinentale kwantumsatellietverbinding ter wêreld gevestig – oor 'n afstand van 12 900 km. Met behulp van die Chinese kwantummikrosatelliet Jinan-1, wat in 'n lae-aarde-wentelbaan gelanseer is, is hierdie mylpaal die eerste kwantumsatelliet-kommunikasieverbinding wat in die Suidelike Halfrond gevestig is. Kom luister na die fisici wat dit laat gebeur het.

14 OKT 18:30

VAN DIE PIL TOT MENOPOUSE 'N KOORDDANS TUSSEN GESONDHEID EN RISIKO

Prof. Karl Storbeck gesels met **prof. Donita Africander** en **dr. Nicky Verhoog** oor die mites én feite oor voorbehoeding, hormoonvervangingsterapie ná

menopouse en borskanker. Al drie is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se departement biochemie, waar hulle die ingewikkeld verhouding tussen steroëdjhormone en vrouegesondheid ondersoek met die doel om veilige en doeltreffende hormoonbehandelings vir vroue te ontwikkel.

15 OKT 18:30

WAAROM BESTUDEER ONS RUIMTEROTSE?

Met **dr. Matthew Mayne** (geoloog, departement aardwetenskappe, US), **Lielani Coetzer** (MSc-student, departement aardwetenskappe, US), **dr. Nicolas Erasmus** (sterrekundige, Suid-Afrikaanse Radiosterrewag)

Ruimterotse kan ons óf doodmaak óf toegang bied tot leefbare wêreldie in die buitenste ruim. Geoloë van die US en 'n sterrekundige van die Suid-Afrikaanse Radiosterrewag vertel ons meer van hul navorsing oor asteroïede en planetêre verdedigingstselsels.

16 OKT 18:30

Ondersteun deur
Universiteit Stellenbosch

STELLENBOSCH DORPSGESPREKKE

DIE SLAG VAN BOTMASKOP

Miljoene is reeds bestee in die omstrede ontwikkeling teen Botmaskop. Verdere ontwikkeling is intussen gestaak ná 'n dringende interdict aan die Stellenboschbelangeroep toegestaan is. Wat is die huidige stand van sake? En wie is die groot verloorders?

16 OKT 10:30

Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

STELLENBOSCH – 'N BOLANDSE LENTE

Die rykes word ryker, die armes armer. In Stellenbosch word die rykes en die armes meer. Hoe gemaak met groeiende ongelykheid, nog meer voertuie en die groot intog uit alle streke.

17 OKT 14:30

Netwerk24 Diskoerstent | Gratis

EasyEquities FINANSIELLE GESPREKSREEKS

THE ART OF COLLECTING WAAROM JY KUNS, WYN EN JUWELIERSWARE MOET VERSAMEL

Kom luister na **Frank Kilbourn**, uitvoerende hoof van Strauss & Co, **Josh Ginsburg**, direkteur van die A4 Arts-stigting, **dr. Alastair Meredith**, hoof van Strauss & Co se kunsafdeling, en **Carel Nolte**, bemagtigingshoof van EasyEquities, terwyl hulle gesels oor die

liefde vir en waarde van versameling. Onder leiding van **Sean O'Toole**, die fasilitateerde, gesels die paneel oor waarom dit vervullend en lonend kan wees om kuns, wyn en juweliersware te versamel.

14 OKT 18:00

60 min | Stadsaal

R100 | R150 by die deur, skemerkelkie ingesluit

EK SOU KON DOEN MET 'N MILJOEN

Die finansiële adviseurs **Paul Roux** en **Ingrid Klückow** gesels oor kwessies wat tans op almal se lippe is.

14 tot 16 OKT 13:00

60 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis

BELEGGINGS: HOE WORD EK GELD SE BAAS?

Praktiese maniere om jou geld vir jou te laat werk.

14 OKT 13:00

KRIPTO: 'N PIRAMIDESKEMA OF DIE NUWE MONETÈRE STELSEL?

Verstaan die feite en fiksies oor Bitcoin en blockchain.

15 OKT 13:00

ALTERNATIEWE BELEGGINGS: WAT WERK BUISTE DIE BOKS?

Leer van onkonvensionele maniere om jou geld te laat groei.

16 OKT 13:00

UIT DIE ARGIEWE

KREATIEWE INSPIRASIE MET ARGIEFMATERIAAL UIT SPESIALE VERSAMELINGS

Ons verken hoe studente, skrywers en kunstenaars manuskriptversamelings en unieke dokumente, gehuisves in Spesiale Versamelings en DOMUS by die US Biblioteek- en Inligtingsdiens, gebruik en ervaar om kreatiwiteit te inspireer. Besprekings sal uiteenlopende vakgebiede dek, insluitend visuele kuns, letterkunde, musiek en belangrike historiese gebeure wat in ons argiewe gedokumenteer is.

13 OKT 12:00

60 min | US Biblioteek-ouditorium | Gratis



STEMME UIT DIE VERLEDE

VERRASSENDE MEDEDELINGS UIT DIE KERKARGIEF

Kom ontdek verhale en musiek wat deel vorm van ons groter verlede. Stemme wat opklink uit die primêre bronne, soos persoonlike brieve, dagboeke, nuusbrieue en joernale. Verluister jou aan die humor, voorlesings, liedere en orrelspel. En verkyk jou na afloop van elke aanbieding aan die rykdom van historiese foto's, manuskripte en artefakte uit die NG Kerk se argiefkluse.

TEENWOORDIG BRIEWE, ALLEDAAAGSE KUNS EN DIE ARGIEF

Dr. Amy Rommelspacher beskryf die proses om kunststudente vertroud te maak met argiefmateriaal deur hulle uit te nooi om "teenwoordig te wees" in hul omgang met die artefakte (persoonlike brieve, artikels, joernale). Daar's 'n uitstalling van foto's en voorbeelde van die kunswerke wat geskep is. Koffie en melktart is beskikbaar (op eie koste).

16 & 17 OKT 10:30

90 min | Kapel, fakulteit teologie
R100 | R130 by die deur



BRIEWE WAT STORIES VERTEL

Dr. Lisel Joubert (fakulteit teologie) vertel argivale navorsing gaan meestal nie oor wat jy soek nie, maar oor wie jy vind: die stemme wat vasgevang is in persoonlike brieve, joernale en sendingnuusbrieue. Aan die hand van die pioniersendeling Martha Murray se brieve (1890's-1910) verduidelik dr. Joubert die beginsels van "life writing". **Cecile Murray-Louw** lees voor uit Martha se brieve. Na afloop van die aanbieding is daar 'n uitstalling van historiese brieve en foto's. Koffie en melktart beskikbaar (op eie koste).

16 & 17 OKT 14:15

90 min | Kapel, fakulteit teologie
R70 | R100 by die deur



MUSIEK VAN DIE ENGELE OF

DIE "MÉNESTRELS"

DIE HUGENOTE SE BYDRAE TOT DIE KERKMUSIEKSKAT

Kom word deel van die boeiende verhaal wat strek van die Middeleeue tot in die twintigste eeu – toegelig met vertellings, foto's, opnames, orrelspel, samesang en solo's deur **Cecile-Murray-Louw** en **Carlo Louw**. **Dr. Diederick Basson** (orrelis en NGK-argiefbestuurder) en **dr. Isabel Murray** (argiefnavorsing) span saam om 'n hart-, kop- en saamsingervaring te skep.

12 OKT 14:15 | 75 min | Moederkerk

R100 | R130 by die deur



KLEINODE UIT DIE AFRIKAANSE MUSIEKSKAT

PROF. GAWIE CILLIÉ, EERW. FREDERIK HEIN EN ANDER

"Oom Gawie" was akademikus, sterrekundige, koorleier en "liedjesoeker": "Magaliesburgse aandlief", Steynsrust se Liedboek, eerw. Frederik Hein se handgeskrewe *Notenboek*, Seodin Skool se kalligrafie-skoollied, die operette *Grenspost* met Pierre Malan se toonsettings, en *Lofsangen* van S. le Roux Maraïs.

Kom kyk, luister en sing saam met dr. **Diederick Basson** voor die orrel, **dr. Isabel Murray** aan die woord en die soliste Cecile Murray-Louw en Carlo Louw.

19 OKT 14:15

75 min | Moederkerk
R100 | R130 by die deur



Maak Aramex deel van jou logistiek. Ons het verskeie logistieke dienste.

Ons beskik oor al die invoer- en uitvoerdienstverskaffing wat jy benodig. Aramex verskaf al vir die afgelope 40 jaar in meer as 70 lande logistieke dienste. Ons pasgemaakte dienste sluit in:

- Plaaslike en internasionale koerier
- Aanbodkettingbestuur
- Pakhuisdienste
- Vragvervoer
- E-handelbestuur



landbou

Deel



Verken die veelkantige wêreld van landbou deur 'n uiteenlopende reeks praatjies waarin onderwerpe soos familieboerdery, arbeidsgeleenthede, innoverende tegnologie en klimaatsverwante uitdagings bespreek word.

koop, eet en drink? 'n Paneel bespreek die werklike impak van herlewingslandbou op geur, voeding en bewuste verbruik en trek verbande tussen hoe ons boer en hoe ons leef.

15 OKT 13:00

60 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis



GESLAGSREGISTER DIE POLITIEK VAN FAMILIEBOERDERY

Watter rol speel familieboerdery in ons landbou-ekonomiese? Wêrelwyd vorm familieboerdery dikwels die kern van plaaslike voedselproduksie, en in Suid-Afrika is hulle deurslaggewend vir die landboubedryf. Dié besighedsmodel is egter nie sonder uitdagings nie.

13 OKT 13:00

60 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis



CLIMATE-SMART AGRICULTURE

UNLOCKING SUSTAINABLE GROWTH
FOR FARMERS AND AGRIBUSINESS

Namate die klimaat die landboulandskap verander, is die oorgang van doodgewone landbou tot klimaatslim landbou (CSA) nie meer 'n opsie nie, maar noodsaaklik.

Jolanda Andrag (operasionele hoof van AgriSA), **Michael Lijje** (uitvoerende hoof van Orizon Agriculture) en **dr. Andrea Campher** (senior bestuurder: volhoubaarheid en agrisake by Standard Bank) verken hoe **klimaatslim landbou** kan dien as katalisator vir hierdie transformasie en volhoubare groei vir boere, agrilandbou en die breër ekonomie kan ontsluit. **Prof. Johann Kirsten**, direkteur van die Buro vir Ekonomiese Navorsing, tree op as moderator.

17 OKT 13:00

60 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis



REUSE-ROLSPELERS DIE IMPAK EN VERANTWOORDELIKHEID VAN MEGABOERDERY

Megaboerdery is 'n kroonjuweel van die Suid-Afrikaanse landbou. Hoe beïnvloed die opkoms van die megaboerdery die res van die bedryf? Watter lesse is daar te leer in terme van produktiwiteit en risikobestuur? En waar laat dit opkomende en swart boere?

14 OKT 13:00

60 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis



TOEKOMSTIGE BOERE LOOPBAANGELEENTHEDE IN LANDBOU

Wat kan gedoen word om jong mense te inspireer om 'n loopbaan in die landbousektor te kies? Hoe lyk die curriculums van agriwetenskappe en landboukolleges deesdae en wat is die uitdagings vir 'n nuwe geslag wat toetree tot die landbou-omgewing? Kom hoor wat sê die jonges en studente self.

16 OKT 13:00

60 min | Netwerk24 Diskoerstent
Gratis



REGENERATIVE FARMING WHY SOIL HEALTH MATTERS TO THE CONSUMER

Aangebied deur **Spier**

Herlewingslandbou beloof gesond grond, veerkrachtige ekostelsels en kos wat meer voedingstowwe bevat, maar wat beteken dit vir die verbruiker wat

leefstyl



dEel

TOYOTA STELLENBOSCH WORDFEES-LANGTAFEL

Die Langtafel word weer onder die eikebome tussen die pragtige ou geboue van Ryneveldstraat gedek met feestelike kos en gaste wat 'n glasie klink. Vanjaar bring die bekroonde kosskrywer, geliefde sjeff en TV-persoonlikheid **Herman Lensing** sy unieke flair en warmte na die tafel met 'n maaltyd wat smaak en stories deel. Gaste ontvang by hul aankoms 'n komplimentêre glas wyn. Kom deel in die geselligheid en bespreek vroegtydig jou plek aan dié geliefde tafel.

10 OKT 18:00 vir 18:30

240 min | Ryneveldstraat

R1250 | R1120 as jy voor 1 Augustus bespreek



AAN TAFEL MET NATANIËL

BLOEI + BLOM

Aangebied deur **Flyleaf**

Bloei + Blom is 'n viering van Afrikaans en mense wat in die taal lewe. Kom vind oor 'n heerlike middagete uit hoe **Nataniël** (met die hulp van Ingeborg Pelser en Elmari Rautenbach) die Afrikaanse mense uitgekies het wat die glansbladsye van dié boek vul. **Diane de Beer** gesels met die kaalkop-koon. 'n Tweegang-middagete en 'n eksemplaar van die boek is by die kaartjieprys ingesluit.

17 OKT 12:00

180 min | Lanzerac

R1150 | Besprekings sluit 15 OKT



AANDWANDELING

BUITELUG

Pietman Retief neem feesgangers namens die Stellenbosch-museum op 'n lieflike aandwandeling deur die middedorp. Soos hy deelnemers deur die bekende strate begelei, gesels hy oor die geskiedenis van die historiese geboue en vertel interessante staaltjies oor die dorp. Bring gemaklike stapskoene en 'n trui.

14 OKT 18:00

50 min | Vertrek vanaf die VOC Kruithuis regoor Die Braak

R150 | R180 by die deur



AN EVENING OF ELEGANCE A TASTE OF HISTORY WITH ANNANDALE WINES

Keer terug na die vroeë 1800's by die Stellenbosch-museum se pragtig bewaarde Grosvenor-huis vir 'n aand van onvergeetlike kulinêre en kulturele bederf. Sluit by ons aan vir 'n tradisionele tweegangmaaltyd, met vyf voortreffelike wyne van die historiese Annandale-wynlandgoed as pasmaats en omring deur die tydllose elegansie van 19de eeuse dekor. Verwag veel meer as 'n feesmaal – dis 'n sjarmante reis deur tyd en smake.

17 OKT 18:00

240 min | Grosvenor-huis

R1 200 | Besprekings sluit 15 OKT



Johannes de Villiers

BLYDSKAP: 'N SLYPSKOOL

In *Vol vreugde*, sy gewilde insetsel op RSG, gesels **Johannes de Villiers** weekliks oor die wetenskap van vreugde. In dié werk sessie gaan die skrywer van die boek *Blydskap* vir feesgangers praktiese tegnieke leer om stil te raak, na binne te keer en geluksaligheid in hul gemoed te kweek.

16 & 17 OKT 10:00

120 min | KleinBlouKlip-plaas

R220 (1 koffie ingesluit)

ARGITEKTONIESE WANDELING BUITELUG

Wil jy self beleef hoe opwindend-interessant geboue die storie van 'n dorp kan vertel? Die kultuurhistorikus **Matilda Burden** sal jou met nuwe oë laat kyk na die hart van die Eikestad met sy argitektoniese juwele. Twee verskillende roetes word op alternatiewe dae aangebied:

ROETE 1: MIDDEDORP 50 min

13, 15 & 17 OKT 17:00 | 14 OKT 10:00

R60 | R90 by die deur

Vertrek vanaf Erfurthuis, Ryneveldstraat

ROETE 2: OM DIE BRAAK 50 min

14, 16 & 18 OKT 17:00

13 OKT 10:00

R60 | R90 by die deur

Vertrek vanaf Erfurthuis, Ryneveldstraat

DAGBREEK-STRAATMYL BUITELUG

Die gewilde Dagbreek-staatmyl word vanjaar die 14de keer gehardloop in een van die mooiste strate in Suid-Afrika: Victoriastraat op Stellenbosch. Dit behels sewe wedlope met altesame 15 afdelings – van 0.10 tot Meesters – en die enigste skaatsplankmylwedloop in die land. 'n Fees van aksie, musiek en vermaak vir die hele gesin. Bel Francois by 083 368 5948 vir meer inligting, of stuur e-pos na info@straatmyl.co.za.

15 OKT 16:30

120 min | Victoriastraat

R50 per deelnemer | Gratis vir toeskouers

DIE MÔRESTOND HET GOUD IN DIE MOND BUITELUG

Die waarde van stilte en asemhaling word al hoe meer erken, iets wat dui op 'n groeiende behoefte aan gesonde spiritualiteit. Gaan op 'n begeleide staptog teen Stellenboschberg saam met **Jan van Zyl**, predikant en mindfulness-fasilitaarde, en **Naudé Jordaan**, fiksheidspesialis. Almal stap in stilte tot op 'n gegewe punt, waar Jan deelnemers in 'n meditasie sal begelei. Die berg word ons leermeester wanneer ons die dag sien breek en dinge uit 'n ander perspektief sien.

15 OKT 05:00

105 min | Bergpad: Ontmoet in Parkstraat by die ingang na die proefplaas. Bring 'n kopflits saam.
Gratis



ERFDEEL: 'N GESPREK OOR OUERSKAP

Met **Jan van Zyl, Fourie Rossouw**

Kom luister en gesels saam met twee pa's wat saam die uitdagings van ouerskap die hoof probeer bied. Eens op 'n tyd het kinders sorgeloos skool en dorp toe gestap of fietsgery, maar ons besorgheid oor hul veiligheid het veroorsaak dat ouers kinders oral heen aanry. Vryheid word ingeboet, terwyl 'n groter gevaa skuil in elke huis met sosiale media wat deesdae vir almal toeganklik is. Hoe werk ons met dié tameletjies en hoe deel ons iets van die ervenis van 'n vorige geslag wat gewoon was aan spel, avontuur en gesonde vermaak?

17 OKT 13:00

50 min | EasyEquities Skrywerskamer
Gratis



FEES VAN DIE WOORD: MOEDERKERK-ERDIENSTE

Die Stellenbosse Moederkerk neem deel aan die Woordfees met twee besonderse eredienste met die oorkoeplende tema "Deelteken", wat aansluit by die Woordfees-tema.

12 OKT: Deelteken 1

Een liggaaam, baie dele. In 'n wêreld van verdeeldheid, polarisasie en verdagmakery deel die kerk Nagmaalstekens uit (1 Kor. 1). Dit is 'n spesiale Nagmaal-sangdiens. Die **Cape Town Camerata** o.l.v. **Leon Starker** deel in die lof en aanbidding.

19 OKT: Deelteken 2

Ons word genooi tot 'n lewe van mededeelsaamheid terwyl ons deel het aan die lyding, sterwe en opstanding van Christus. Om deel te hê aan die lewe van Christus (wat Homself met ons kom deel het) en so ook "deeltekens" te word in sy wêreld (1 Kor. 15). Die **Stellenbosse Madrigaalsangers** en vriende o.l.v. **Elsje Kemp** sal deel wees van die aanbidding.

12 & 19 OKT 09:30

60 min | Moederkerk
Gratis



KLEURGLASVENSTERS VAN DIE MOEDERKERK

Oor son en sterre, duwe en druwe,
visse en vlamme, windpomp en weerlig,
kandelaar en kers – watter verhaal fluister
die vensters? Die kleurglasvensters
van die Stellenbosch Moederkerk is
kunswerke wat ryk is aan simbole.

Zorada Temmingh se blik op die simboliek
in die vensters ontsluit verrassende
interpretasiemoontlikhede – veel meer as
dié wat opgeskryf is sedert die installasie
van die eerste vensters ongeveer 50 jaar
geleden. Kom stap saam van venster tot
venster en ontdek 'n diepte van betekenis
en inspirasie.

12 OKT 11:30 | 15 OKT 09:00

19 OKT 11:30

60 min | Moederkerk
R100 | R130 by die deur

KOESTERKOS

Aangebied deur **Naledi**

In Koesterkos deel **Frik de Jager** geliefde
resepte wat kom uit sy ma, Hermana, en
ouma Lenie se resepteboeke wat dateer
uit 1914 tot 1989. Frik onthou en koester
gunstelingeregte uit sy kinderjare wat

die nostalgie en die verlange saam met
die lus sal aanwakker. Sit aan vir 'n keurige
vyfganete wat 75 jaar van plaaslike
kostradisies en kookprosesse weerspieël,
terwyl Frik ook stories, staaltjies en smake
uit Koesterkos deel.

15 OKT 12:00

180 min | Nooitgedacht-landgoed
R650

(A)

MAAK BOERSEEP MET CANETTEVALLEI

Leer saam met die ervare seepmaker
Ingrid de Waal die geheime van
tradisionele boerseepmaak volgens die
kouewatermetode. Die kursus is bedoel
vir beginners en is volgeprop met inligting
en wenke. Jy gaan huis toe met jou
eie boersepie en bossie laventel wat jy
self na afloop van die werk sessie in ons
laventellandery kan pluk. Alle gereedskap
word verskaf, maar deelnemers moet
asseblieb 'n klein handdoek saambring om
hul sepie toe te draai om huis toe te vat.

11, 14 & 18 OKT 09:00

240 min | Seepmaak-ateljee op
Canettevallei-laventel-en-wynplaas,
Stellenboschkloofpad, Vlottenburg
R1100 (sluit alle materiaal in)



MASCH FASHION SHOW FROM CATWALK TO AISLE

Sluit aan by Masch op die luukse Quoin Rock-landgoed vir 'n elegante lente-somer-mode-en-bruidskou soos geen ander nie. Laat jou inspireer deur die nuutste seisoenale style en bruidsontwerpe wat op die loopplank te sien sal wees. Gaste word verwelkom met vonkelwyn, bekroonde wyne en heerlike peuselhappies. Elke gas ontvang ook 'n eksklusiewe geskenksak ter waarde van meer as R1500. Modekenners en aanstaande bruide durf nie dié kreatiewe inspirasie misloop nie!

16 OKT 09:30

150 min | Quoin Rock-landgoed
Kleredrag Skakerings van wit
Semi-formeel | R1100

MEDITASIE IN DIE DYLAN LEWIS-BEELDETUIN 'N STIL OGGEND TUSSEN KUNS & NATUUR

Dylan Lewis het gesê: "Nature is church without dogma, connecting us with our authentic self." Kom word saam stil tussen die imposante beeldhouwerke in die kunstenaar se fynbosstuin, omring deur die grootse Stellenbosch-

en Helderberg. **Jan van Zyl**, predikant en mindfulness-fasilitateerder, maak die deure van die natuurkerk oop om ons in stilte en meditasie deur hierdie katedraal te begelei. Trek gemaklik aan en bring 'n hoed, jogamat en waterbottel saam.

15 & 18 OKT 08:00

150 min | Dylan Lewis-beeldetuin
R350 (toegang tot die beeldetuin ingesluit)
Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die Kochstraat-parkeer-en-pendel. (A)

MENOPAUSE: GEDEELDE ERVARING, LIGTER REIS

Met **dr. Renscha van den Berg**,
Amelia van Zyl

Menopause is 'n natuurlike lewensfase. Kom gesels saam met 'n mediese dokter en lewensafrigter oor wat in jou lyf en kop gebeur met hierdie organg. Leer meer oor hormonale veranderinge, leefstylaanpassings en hoe jy jou welstand kan verbeter. Die pad deur menopause raak lichter as vroue mekaar ondersteun.

14 OKT 15:30

60 min | Hofmeyrsaal
R160 | R190 by die deur (A)

SPEELKAMERSESSIES MET BERTUS BASSON

Die stersjef **Bertus Basson**, wat bekend is vir sy agt uiteenlopende restaurante en TV-reekse soos *In die sop*, *Ultimate Braaimaster* en *Kokkedoer*, bied vanjaar weer sy gewilde speelkamersessies aan. Kom beleef 'n kookdemonstrasie in sy hoog-aangeskrewe Eike-restaurant waar hy spesialiseer in eg Suid-Afrikaanse geregte met 'n kreatiewe kinkel. Hy gaan nie net wys hoe om met kos te toor nie – gaste sit ná die demonstrasie ook aan by 'n heerlike feestafel mét wyn.

16 tot 18 OKT 12:00
120 min | Eike-restaurant
R1300

(A) (E)

STAP IN IDASVALLEI BUITELUG

Aangebied deur die **Idas Valley Community Trails**

Kom stap dié spesiale roete deur die Stellenbosse woonbuurt Idasvallei saam met die **Walking by Faith Ladies** en plaaslike inwoners. Gaste word verwelkom met koffie en tuisgemaakte koesisters of roosterkoek, waarna die



Bertus Basson

gids deelnemers meer vertel oor die buurt en natuurgebied. Elke stapper kry 'n inheemse boom om te plant in die natuurgebied, wat deel is van die Idasvallei-gemeenskapsroete. Die organisasie is aangewys as 'n top-innovasieprogram van die Wêreld Ekonomiese Forum.

11, 12, 17 & 18 OKT 07:00

120 min | Ontmoet 30 minute voor die aanvang van die toer by die HS Stellenbosch-padelbane in Merrimanlaan

R175

(A) (E)

THE TABLE

KOOKBOEK

Aangebied deur **Penguin Random House**

Tradisie ontmoet innovasie, en die hedendaagse en ouwêrelde sit gemaklik saam aan tafel, met resepte wat deur **Elmarie Berry** se Libanese oma geïnspireer is en met haar eie kreatiewe flair vernuwi is. Die kosjoernalis **Jeanne Calitz** gesels met Elmarie oor hoe om onvergetelike oomblikke aan tafel te skep. Daar is natuurlik ook heerlike happies waaraan almal kan proe.

11 OKT 15:30

90 min | Hofmeyrsaal
R150

(A) (E)

TIMELESS SOUTH AFRICAN KOOKBOEK

Aangebied deur **Penguin Random House**

In *Timeless South African* skryf **Ilse van der Merwe** oor 101 ikoniese Suid-Afrikaanse geregte. Dis nie net erfeniskos nie, maar relevante en gewilde gerekte wat in baie huise en gemeenskappe geniet word. **Errieda du Toit** gesels met Ilse oor die resepte en stories agter die diverse gerekte, en dan is daar heerlike happies waaraan gaste kan proe.

18 OKT 10:00

90 min | Hofmeyrsaal
R150

(A) (E)



DEEL en wees deel van ons
wyn-, kos- en kunskultuur.

Kelderkuiers • Stapstories

Wynskool • Woordfees Straatsoirée

Besoek www.woordfees.co.za vir meer inligting.



Visit Stellenbosch en Stellenbosch Wynroetes
is trotse vennote van die Toyota Stellenbosch Woordfees.

Tel: 021 886 4310 • E-pos: info@wineroute.co.za • www.wineroute.co.za

TREK LAGER!

BIERVASVRA

Aangebied deur Penguin Random House

Die algemenekennis-koning en sakejoernalis **Theunis Strydom** se nuwe boek gaan oor die vergete bierbrouer Charles Glass. Kom leer meer oor Charles (en sy vrou, Lisa) se bydrae tot Suid-Afrika se bierkultuur, en neem deel aan 'n vasvra oor bier, brouery en ander fassinerende feite uit Theunis se boek.

17 OKT 18:00

60 min | Die Khaya-kafee

R80 | R110 by die deur (1 bier ingesluit) (A)

VELDDRAF MET WOORDE

In samewerking met **EasyEquities**,
CN&CO

Kom skop stof op in Afrikaans! By die Velddraf is jy meer as net 'n nommer. Deelnemers draf of stap met 'n unieke Afrikaanse woord as registrasienommer. Almal is welkom om in te skryf – dalk is jy "mampoer" of "maaifoedie", "agteros" of "spoedvraat"! Kom neem deel en word opnuut bewus van die tongtrippeltermin学 en woorde wat Afrikaans so bekkig maak.

12 OKT 08:15

5 km Japtrap 08:15 | R100

10 km Vastrap 08:00 | R150

KleinBlouKlip-plaas,
Blaauwklippenweg 955, Paradyskloof

VIA

BIER-UUR MET BEER

VIA se gewilde algemenekennisspeletjie *Slim vang sy baas* is terug by die Toyota Stellenbosch Woordfees! Kom kuier, speel saam en geniet 'n gratis bier met VIA se slimste speletjiesmeester, **Beer Adriaanse**. Dié wenkombinasie waarborg 'n uur van plesier.

14, 15 & 16 OKT 17:15

50 min | Die Plataan-kafee

Gratis

BIER-UUR MET ARNO

VIA se musiekvasvraprogram *Klankbank* is propvol opwinding, verraad en spanwerk. Kan jy die titels van bekende liedjies ontsyfer? Ken jy die tweede versie van "Hop hop spinnekop" en kan jy vinnig op jou voete dink? Kom toets jou musiekennis saam met die VIA-aanbieder **Arno Greeff**. Die bier is op VIA!

13 OKT 17:15

50 min | Die Plataan-kafee

Gratis



WYNPROE MET VIA

Wat is 'n fees sonder wyn en musiek? Kom klink 'n glasie saam met VIA – die wyn is op ons! Om dit 'n behoorlike kuier te maak, bring ons ook 'n verrassingskunstenaar saam. Plekke is beperk – bespreek gou!

17 OKT 15:00

60 min | Plataan-kafee

Gratis



ALTO
STELLENBOSCH

TERROIR OF
EXCELLENCE

Alto.co.za
 @altowineestate



Honouring our Heritage

www.lanzerac.co.za | 021 887 1132 | @lanzeracestate

STELLENBOSCH WYNROETES

'N AAND BY KLEIN ALTO

Geniet 'n onvergeetlike aand vol musiek en die sjarre van die historiese omgewing in Klein Alto se blinknuwe venue. Op die spyskaart is 'n spesiale driegangaandete met 'n glas van ons bekroonde cabernet sauvignon as pasmaat en *live* musiek.

18 OKT 18:30

180 min | Klein Alto
R650 | Besprekings sluit 16 OKT

SKINK, PROE EN VIER LANZERAC-PINOTAGE

Vier 'n eeu van erfenis by dié sintuiglike ervaring saam met **Wynand Lategan**, Lanzerac se wynmaker. Ontdek en geniet die geur van Lanzerac se pinotage-reeks saam met eg Suid Afrikaanse kaasborde in ons wynkelder.

16 OKT 17:00

120 min | Lanzerac-hotel
R280

SPIER WINEMAKER'S DINNER A HERITAGE FEAST TO SHARE

Kom sit aan by die Spier Manor House se langtafel vir 'n onvergeetlike aand van kos en stories waar tradisionele Suid-Afrikaanse geure herbedink word deur die gees van deel en samesyn. Dié viergang-aandete met uitgesoekte wyne sal jou die vreugde van saam eet laat herontdek. Elke gang is ontwerp om gesprek en kontak aan te wakker en kultuur en erfeniskos te vier.

18 OKT 18:30

180 min | Spier Manor House
R900 | Besprekings sluit 16 OKT

SPIER BLIND TASTING A MULTISENSORY WINE EXPERIENCE

Met wynproe betrek 'n mens al jou sintuie, maar wat gebeur as jy een wegneem? Sluit by ons aan vir 'n geblinddoekte proe wat jou uitdaag om te herbesin oor die manier waarop jy wyn ervaar. Die reis begin met 'n glas Spier Cap Classique, gevvolg deur 'n begeleide proe onder leiding van Spier



se inwonende sommelier. Dié unieke ervaring is ontwerp om jou persepsies uit te daag en ondersoek hoe die verwydering van sig jou ander sintuie kan verbeter en jy aromas en geure kan herken wat dikwels ongemerk verbygaan.

11 OKT 19:00

60 min | Spier Manor House
R350

STAPSTORIES MET VISIT STELLENBOSCH

Aangebied deur **Visit Stellenbosch**

Stap saam met die skrywer en radio-omroeper **Sophia van Taak** van *Weg!* en ontsnap van die daaglikske gewoel. Ons stap 8 km op die pragtige Ou Bethlehem-roete en in die Banhoek-bewarea en verken die natuurskoon. Goeie wyn en heerlike kos is ingesluit.

13 OKT 08:30

360 min | Vertrek vanaf Ou Bethlehem-plaas, Rooistraat, Kylemore
R550 (middagete ingesluit)



WOORDFEES-WYNSKOOL

Aangebied deur **Stellenbosch-wynroetes**

Leer, proe, spoeg of sluk... Die Woordfees-wynskool is 'n prestigeryke – maar allermins snobistiese – geleentheid waar jy meer kan leer oor wyn. Daar's drie klasse oor verskillende kultivars en style, aangebied deur wynmakers, wynpersoonlikhede en 'n komediant. Ná elke suksesvolle bywoning kry jy boonop 'n sertifikaat sodat jy tuis kan spog met jou geleerdheid. Die sessies is Bubbly 101, Chenin Blanc 101 en Pinotage 101.

BUBBLY 101

13 OKT 18:00

90 min | Hofmeyrsaal
R200 | R230 by die deur

CHENIN BLANC 101

14 OKT 18:00

90 min | Hofmeyrsaal
R200 | R230 by die deur

PINOTAGE 101

15 OKT 18:00

90 min | Hofmeyrsaal
R200 | R230 by die deur



WOORDFEES-STRAATSOIRÉE

Aangebied deur **Stellenbosch-wynroetes**

Op hierdie spesiale straatmakietjie wat jaarliks gehou word, kan jy jou verlustig in 'n keurspel van kosstalletjies, druweogenot, musiek, goeie wynversnitte en Bolandse gasvryheid. Kom skink 'n glasie op die kunste en goeie wyn!


18 OKT 18:00

120 min | Voor Erfurthuis in Ryneveldstraat
R280 | R310 by die deur (wynglas en 12 wynproekoepsels ingesluit)

filmfees



BB



Deel

CLERMONT-FERRAND INTERNASIONALE KORTFILMFEESES

SPESIALE KEURING

Die Clermont-Ferrand Internasionale Kortfilmfees is die wêreld se grootste kortfilmfees. Wat gehore en professionele teenwoordigheid betref, is dit naas Cannes die grootste filmfees in Frankryk. Die 2025-fees het sowat 173 000 toeskouers en meer as 4 000 mense uit die bedryf gelok. Die Clermont-Ferrand Internasionale Kortfilmfees is 'n onafhanklike fees wat deur die International Federation of Film Producers Associations (FIAPF) geakkrediteer is en deelnemende kortfilms kwalifiseer vir die Oscars, Baftas, die European Film Awards en die Césars. Ons is trots om vanjaar ses kortfilms vars van die Clermont-Ferrand-skerm te vertoon.

BERGIE

2022 | Suid-Afrika

Met **Oscar Petersen, Nicola Hanekom, Gretchen Ramsden, David Isaacs**

'n Wetstoepasser moet hawelose mense verwyder om plek te maak vir 'n 10 km-pretdraf.

Vervaardigers **Keenan Arrison, Le Roux Fourie, Dian Weyns**
Regisseur **Dian Weyns**
Kinematograaf **Pierre de Villiers**

Wenner **Clermont-Ferrand Internasionale Kompetisie 2023**

15 & 18 OKT 16:30 | 19 OKT 15:30
7 min | Neelsie Cinema
Gratis | OB 13



BEURK! (SIES!)

2024 | Frankryk

Om iemand op die mond te soen is walglik. Maar klein Léo wil dit eintlik baie graag probeer...

Wenner **Clermont-Ferrand Internasionale Kompetisie 2025**

15 & 18 OKT 16:00 | 19 OKT 15:00
15 min | Neelsie Cinema
Gratis | OB 13

EGÚNGÚN (MASKERADE)

2021 | Nigerië, Verenigde Koninkryk

Op die dag van die Egúngún-fees keer Salewa terug na Lagos om haar ma te begrawe. By die begrafnis ontmoet sy 'n ou kennis wat haar dwing om ou wonder te konfrontere. *Egúngún* is 'n meditasie oor geheue, identiteit, plig en die vele weergawes van onsself wat by ons spook en ons genees.

Wenner **Clermont-Ferrand Internasionale Kompetisie 2022**

15 & 18 OKT 14:30 | 19 OKT 13:30
15 min | Neelsie Cinema
Gratis | OB 13

GÉNÉALOGIE DE LA VIOLENCE (GENEALOGIE VAN GEWELD) 2024 | Frankryk


'n Jong man sit saam met sy meisie in 'n motor wanneer twee polisiebeampetes in 'n ongemerkte voertuig stilhou om 'n roetine-identiteitsondersoek te doen.

Wenner **Grand Prix 2025, Spesiale Effekte-toekenning (ADOBE) 2025**

15 & 18 OKT 14:00 | 19 OKT 13:00

16 min | Neelsie Cinema

Gratis | OB 13



MORT D'UN ACTEUR (DOOD VAN 'N AKTEUR) 2024 | Frankryk


Wanneer 'n man uitvind dat fopnuus oor sy dood soos 'n veldbrand op sosiale media versprei, word hy gedwing om die onbedoelde gevolge van die gerug te hanteer.

Wenner **Manlike Akteur-toekenning 2025, Fernand Raynaud-komedietoekenning 2025**

15 & 18 OKT 15:00 | 19 OKT 14:00

22 min | Neelsie Cinema

Gratis | OB 13



UNE ORANGE DE JAFFA ('N LEMOEN VAN JAFFA) 2023 | Frankryk, Palestina, Pole


Mohammed, 'n jong Palestyn, soek desperaat na 'n taxi wat hom deur 'n beheerpunt kan neem om sy mate te ontmoet wat hom aan die Israelse kant inwag.

Wenner **Grand Prix Internasional 2024**

15 & 18 OKT 15:30 | 19 OKT 14:30

27 min | Neelsie Cinema

Gratis | OB 13



SILWERSKERMFEES-KORTFILMS

Die **kykNET Silwerskermfees** is 'n gesogte en volwaardige Suid-Afrikaanse en Afrikaanse filmfees wat al meer as 'n dekade lank die plaaslike rolprentbedryf ondersteun, bemagtig en ontwikkel. Terwyl 'n aantal vollengte speelfims van gesoute filmmakers hul wêrelddebuut of Suid-Afrikaanse buiging by dié prestige geleentheid maak, is die fees ook 'n vertoonvenster vir ontlukende talent: 'n Rits kortflikes wat met die nodige mentorskap onder die feesvaandel vervaardig word, laat jaarliks die kollig op hul handewerk val. Die Woordfees-filmfees wys met dank **5 kortfilms** van opkomende filmmakers, **6 kortfilms** van gevestigde filmmakers en **7 kortdokumentêre** uit die 2025 kykNET Silwerskermfeesprogram. Vollediger inligting oor die kortflikes is beskikbaar by www.woordfees.co.za. Dit is onder mentorskap van **kykNET** en **M-Net** vervaardig en het by die 2025 kykNET Silwerskermfees in Kampsbaai gepremière.

WORDFEES-KORTFILMS

B(L)IND THE SACRIFICE

2024 | Suid-Afrika

Met **Sihle Shona Mnqwazana**,
Nandi Nyembe, **Treasure Nkosi**

'n Familie van nomades en hul dienaars dwaal deur die land onder leiding van hul patriarch, Die Vader, wat hulle oortuig het dat hy direk met God praat. Maar Die Seun begin dié bewering bevraagteken...


Vervaardigers **Cait Pansegrouw**,
Elias Ribeiro
Skrywer, regisseur en musiek **Nakhane**
Kinematograaf **Pierre De Villiers**, **SASC**

12 OKT 15:30 | 13 OKT 14:30

17 OKT 16:30

21 min | Neelsie Cinema

Gratis | 16 (G)



CRAVE

2023 | Frankryk, Suid-Afrika

Met **Nakhane**, **Thimotée Robart**


'n Suid-Afrikaanse musikant ontmoet 'n bekoorlike courtesan in 'n Franse kusdorpie, maar hul intieme oomblik word deur 'n donker begeerte gesaboteer.

12 OKT 16:00 | 13 OKT 15:00

17 OKT 17:00

11 min | Neelsie Cinema

Gratis | 16 (G)



